

**DIE OPLEIDING VAN LAAGGELETTERDE AFRIKAANSPREKENDE
VERSORGERS IN 'N LANDELIKE GEBIED OM DIE TAALONTWIKKELING VAN
KLEUTERS VAN GEBOORTE TOT 4 JAAR TE STIMULEER**

ALFREDA MABEL LE ROUX

'n Verhandeling aangebied om te voldoen aan die vereiste vir die Meestersgraad in Opvoedkunde, Grondslagfase in die fakulteit van Opvoedkunde by die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie, Wellington.

Toesighouer: Dr Jurie Joubert
Mede-toesighouer: Dr Anel Pepler

Oktober 2009

VERKLARING

Ek Alfreda Mabel Le Roux verklaar hiermee dat die inhoud van hierdie verhandeling my eie oorspronklike werk is en dat dit nog nie voorheen vir enige kwalifikasies aangebied is vir akademiese eksaminering nie. Dit verteenwoordig my eie opinies wat nie noodwendig dié van die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie s'n is nie.

Alfreda M. Le Roux
Geteken

05 Mei 2010
Datum

SAMEVATTING

DIE OPLEIDING VAN LAAGGELETTERDE AFRIKAANSSPREKENDE VERSORGERS IN 'N LANDELIKE GEBIED OM DIE TAALONTWIKKELING VAN KLEUTERS, VAN GEBOORTE TOT 4 JAAR, TE STIMULEER

Hierdie verhandeling ondersoek die verband tussen die opleiding van laaggeletterde versorgers in 'n landelike gebied om die taalontwikkeling van kleuters van geboorte tot 4 jaar te stimuleer, en skoolastiese prestasie.

Daar word ge-argumenteer dat die probleem van gebrekkige geletterdheidsvaardighede van landelike leerders by skooltoetreders ervaar word, en dat die oplossing lê binne die potensiaal van die kleuter om taal aan te leer voor die ouderdom van vyf jaar. Alle intervensie strategieë van die Departement van Onderwys om geletterdheidsvaardighede te verbeter, het tot dusvêr nie die verwagte uitwerking gehad nie, terwyl die Departement van Sosiale ontwikkeling fokus op die fisiese nood van die kleuters.

Die literatuurstudie werp lig op die belangrikheid van interpersoonlike verhoudings en hoe kleuters se emosionele welstand 'n uitwerking het op hulle gedrag, en hulle vermoë om te leer. Die rol van die versorger in die lewe van die kleuter ten opsigte van taalontwikkeling word ondersoek omdat die kleuters vir so 'n groot deel van die dag in die sorg van versorgers is, en nie by hulle moeders nie. Aandag word gevestig op die verhouding tussen die opvoeder en die kleuter en die invloed van die verskuilde kurrikulum tydens opleiding, wat houdings en waardes kan ontwikkel.

Deur middel van opleiding het die navorser ondersoek hoe daar voldoen kan word aan die leerbehoefte en probleme van laaggeletterde versorgers, om die taalontwikkeling van die kleuters effektief te stimuleer. Bestaande opleidingsprogramme vir versorgers is krities ondersoek om te gebruik vir die opleiding van taalstimulasie.

Die navorser het tot die slotsom gekom dat hierdie navorsing die eerste stadium van 'n projek kan wees waarby 'n verskeidenheid rolspelers kan saamwerk. Onderwyskundiges en gemeenskapsontwikkelaars kan saamspan met landelike gemeenskappe om bewusmaking te bevorder van die belangrikheid van die eerste vier jaar van die kind se lewe om uit die kringloop van ongeletterdheid te beweeg.

ABSTRACT

THE TRAINING OF LOW LITERATE AFRIKAANS SPEAKING CHILD CARERS IN A RURAL AREA, TO STIMULATE THE LANGUAGE DEVELOPMENT OF CHILDREN FROM BIRTH TO 4 YEARS

This dissertation researches the connection between the training of low literate child carers in a rural area to stimulate the language development of children from birth to 4 years, and school performance.

Here it is argued that the problem of the low literacy performance of rural learners manifests within the first year of school and that the potential to solve the problem can be found in the first four years of a child's life. All the intervention strategies of the Department of Education failed to produce the expected results while the Department of Social development focuses on the physical needs of the young child.

The literature study underlines the importance of the first four years and how interpersonal relationships influence children's emotional well being, their behaviour and ability to learn. The role of the child carer in the life of the child in relation to their language development is researched, because of the time they spend together during the day. Attention is focussed on the relationship between the educator and the child and the influence of the hidden curriculum on the development of attitudes and values of the child carer during training.

Training was used by the researcher as a method to investigate the learning needs and problems of low literate child carers in order to stimulate the language development of children before the age of five. Existing training programmes for child carers were critically investigated to use for the training.

The researcher came to the conclusion that this research can be the first phase of a project where different role players can cooperate. Educators and community developers can interact with communities to promote awareness of the importance of the first four years of the child to escape from the cycle of illiteracy.

ERKENNING

Ek wil graag dankie sê aan die volgende persone:

Aan Jana, Sanna, Doy, Mekka en Nadia vir hulle deelname aan die Aksienavorsing. Sonder hulle getouheid en meelewenheid sou hierdie navorsing nie kon plaasvind nie.

Aan die kontakpersone vir hulle hulp met vervoer na die werksinkels, kostelose verskaffing van venues vir die opleiding en toegang tot hulle plase.

Aan my man Peter vir sy geduld en aanmoediging en my kleinkinders Catherine en Stewart, wie se liefde vir stories my geïnspireer het om 'n bydra te lewer tot die vermindering van ongeletterdheid.

Aan my studie leiers Dr Jurie Joubert en Dr Anel Pepler vir hulle ondersteuning en goeie raad.

Aan my taalversorger Esbé Nel.

Hierdie verhandeling sou nie moontlik gewees het sonder die opdrag van Jesus Christus wat reeds besig is in hierdie vallei nie. Ek is innig dankbaar dat Hy my verstand gedurig verlig en vernuwe het.

OPGEDRA

Aan my vader, Alfred Eugène Strydom wat sy lewe gewy het aan die opvoeding van sy eie kinders en dié van ander.

INHOUDSOPGAWE

Verklaring	ii
Samevatting	iii
Abstract	iv
Bedankings	v
Opedra aan	vi

HOOFSTUK 1: INLEIDENDE ORIËNTASIE

1.1	INLEIDING	1
1.2	RASONAAL VIR DIE STUDIE	1
1.3	DIE BELANGRIKHEID VAN DIE TYDPERK GEBOORTE TOT 4 JAAR	2
1.4	DIE ROL VAN INTERAKSIE BY DIE AANLEER VAN TAAL.	2
1.4.1.	REDES VIR TAALAGTERSTANDE	3
1.5	NAVORSINGSPROBLEEM	3
1.6	NAVORSINGSDOEL	3
1.7	NAVORSINGSVRAE	4
1.8	NAVORSINGSBEPLANNING	4
1.9	NAVORSINGSBENADERING	4
1.10	DIE INVLOED VAN DEELNEMENDE AKSIENAVORSING	5
1.10.1	DIE VOORDELE VAN HIERDIE METODE	6
1.11	HOOFASPEKTE VAN DIE HOOFSTUKKE	6
1.12	BESKRYWING VAN TERMINOLOGIE	7
1.13	ETIESE OORWEGINGS	8
1.14	BETROUBAARHEID VAN INLIGTING	8
1.15	OORSIG VAN DIE HOOFSTUK	9

HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE 10

2.1	INLEIDING	10
2.2	DIE LANDELIKE OMGEWING	10
2.3	VROEËKINDONTWIKKELINGSOPLEIDING IN SUID-AFRIKA	11
2.4	VORIGE NAVORSING IN SUID-AFRIKA OOR DIE OPLEIDING VAN VERSORGERS	13
2.5	OPLEIDINGSPROGRAMME	14
2.5.1	BEOORDELING VAN DIE OPLEIDINGSPROGRAMME	20
2.5.1.1	DIE LEEMTES VAN DIE OPLEIDINGSPROGRAMME	20
2.5.1.2	DIE OPLEIDINGSMATERIAAL	21
2.5.1.3	METODE VAN OPLEIDING	21
2.6	HOEKOM VERSORGERS OPGELEI MOET WORD	21
2.6.1	DIE ROL VAN DIE VERSORGER IN DIE LEWE VAN DIE KLEUTER TEN OPSIGTE VAN TAALONTWIKKELING	22
2.7	BEGINSELS EN STRATIGIË	23

2.7.1	DIE FUNKSIES VAN TAAL	23
2.7.2	DIE FAKTORE WAT TAALONTWIKKELING BEÏNVLOED	23
2.7.3	DIE VOORWAARDES VIR LEER	25
2.7.4	BASIESE TAALVAARDIGHEDE	26
2.8	STRATEGIEË VIR TAALSTIMULASIE.	26
2.8.1	DIE WAARDE VAN SPEL	26
2.8.1.1	TIPES SPEL	27
2.8.2	STORIEVERTELLING	28
2.8.3	LIEDJIES EN RYMPIES	29
2.8.4	DIE WAARDE VAN MUSIEK	30
2.8.5	DIE WAARDE VAN KOMMUNIKASIE	30
2.8.5.1	ASPEKTE WAT KOMMUNIKASIE BEÏNVLOED	30
2.8.5.2	BEGINSELS VIR PRAAT EN LUISTER	31
2.8.6	BETEKENISVOLLE ERVARINGS	31
2.9	DIE OPLEIDINGSBEHOEFTE	32
2.9.1	STUIKELBLOKKE TOT GELETTERDHEID	32
2.9.2	FAKTORE WAT VOLWASSENES MOTIVEER OM TE LEER.	32
2.9.3	SPEZIALE BEHOEFTE VAN DIE VOLWASSE LEERDER	32
2.9.4	KWALITEITE VAN DIE IDEALE VERSORGER	33
2.10	DIE ROL VAN DIE VERSORGER	33
2.10.1	DIE NAVORSER AS PERSOON	34
2.10.1.1	KOMMUNIKASIE-TEGNIËKE	34
2.10.1.2	LEIERSKAPROLLE	35
2.10.1.3	HULPVERLENINGSTEGNIËKE	35
2.10.1.4	TOEPASSING VAN WAARDES	35
2.11	OORSIG	36
 HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE		 38
3.1	INLEIDING	38
3.2	ONDERLINGE INTERAKSIE	38
3.2.1	DIE ROL VAN DIE DEELNEMERS	39
3.2.2	DIE ROL VAN DIE NAVORSER	39
3.3	DATAVERSAMELING	40
3.3.1.	OPLEIDING AS 'N METODE VIR DATAVERSAMELING	41
3.3.2	GROEPWERK (WERKSWINKELS)	41
3.3.2.1	DIE WAARDE VAN GROEPWERK	41
3.3.2.2	DOELSTELLINGS VAN GROEPWERK	42
3.3.3	ONDERHOUDE	42
3.3.4	SISTEMATIESE OBSERVASIE	43
3.3.5	ASSESSERING	43
3.4	IDENTIFISERING VAN DIE TEIKENGROEP	43
3.5	ETIEK	44
3.6	BEHOEFTEBEPALING	44
3.7	OPLEIDING	45
3.8	ASSESSERING	45
3.9	DATAVERWERKING EN KODERINGSPROSESSE	46
3.9.1	DIE PROSESVERSLAG	46
3.10	VOORUITSKOUING VAN MOONTLIKE PROBLEME	47
3.10.1	DIE SKEDULERING VAN DIE WERKSWINKELS	47
3.10.2	DIE TYDSBEREKENING	48

5.2	DIE OPLEIDING VAN LAAGGELETTERDE VERSORGERS IN 'N LANDELIKE GEBIED OM DIE TAALONTWIKKELING VAN KLEUTERS GEBOORTE TOT 4 JAAR TE STIMULEER.	83
5.2.1	DIE PROSES	83
5.2.2	DIE OPLEIDINGSMATERIAAL	84
5.2.3	METODES VAN OPLEIDING	85
5.2.4	DIE INVLOED VAN DEELNEMENDE AKSIENAVORSING OP DIE OPLEIDINGSMETODE	86
5.3	RESULTATE VAN DIE NAVORSING	86
5.3.1	DIE INHOUD VAN DIE OPLEIDINGSMATERIAAL	87
5.3.1.1	DIE LEEMTES	87
5.3.1.2	DIE AANPASSINGS	87
5.3.2	DIE POTENSIAAL VAN DIE VERSORGERS	88
5.3.3	DIE METODE VAN TAALSTIMULASIE	88
5.4	TEKORTKOMINGE VAN HIERDIE NAVORSING	89
5.4.1	VOLHOUBAARHEID	89
5.5	'N OPLOSSING VIR DIE PROBLEEM VAN LAE SKOLASTIESE PRESTASIE	90
5.6	AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE PROJEKTE	91
5.6.1	BEWUSMAKING	91
5.7	DIE BYDRAE VAN HIERDIE NAVORSING.	92
5.8	SLOTGEDAGTE	92
 BRONNELYS		 94
 LYS VAN FIGURE		
FIGUUR 3.1		45
FIGUUR 5.1		82
FIGUUR 5.2		90
 LYS VAN TABELLE		
TABEL 4.1		51
TABEL 4.2		54
 BYLAE		
Bylaag A:	Uitnodigingsbrief aan werkgewers om aan die navorsingsprojek deel te neem	99
Bylaag 1:	Vorm vir besonderhede van versorgers	100
Bylaag 2:	Ooreenkoms vir deelname met versorgers	101
Bylaag 3:	Ooreenkoms vir deelname met werkgewers	102
Bylaag 4:	Inligting vir werkgewers oor die beplande opleiding	103

Bylaag 5:	Leeruitkomste, Assesseringstandaarde en assesseringsmetodes	104
Bylaag 6:	Behoeftebepalingvorm deur vraagstelling en observasie	107
Bylaag 7:	Assesseringsvorms- Opsomming van ABET plasingstoets	111
Bylaag 8:	Assesseringsvorm - "Informal Reading Inventory"	112
Bylaag 9:	Assesseringsvorm - Kommunikasievaardighede	113
Bylaag 10:	Assesseringsvorm vir die gebruik van behoeftebepaling, selfassessering en beplanning	
Bylaag 11:	Bywoningstifikaat	
Bylaag 12:	Foto's	116
Bylaag 13:	Evaluering van die kursus deur die deelnemers	122

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE ORIËNTASIE

1.1 INLEIDING

Die opleiding van laaggeletterde Afrikaanssprekende versorgers gaan tydens hierdie navorsing in die omgewing van Wellington gedoen word. Daar sal spesifiek gekyk word na in watter mate opleidingsprogramme voldoen aan versorgers se opleidingsbehoefte en die unieke probleme wat hulle in die werkplek ervaar. In hierdie navorsing sal daar ondersoek ingestel word na hoe die taalontwikkeling van kinders van geboorte tot vier jaar gestimuleer kan word en waarom die versorger die aangewese persoon is om op te lei sodat sy dit kan doen. Die ondersoek gaan deur middel van 'n praktiese taalgesentreerde opleidingsprogram gedoen word, waar die versorgers 'n deelnemende rol gaan speel omdat hulle deur interaksie 'n bydrae gaan lewer tot die navorsing terwyl hulle van hulle werk leer in hul werkplek.

1.2 RASIONAAL VIR DIE STUDIE

Die afgelope vyf-en-dertig jaar was die navorser betrokke by die Grondslagfase, Graad R leerders, Spesialeklas leerders, Multigraad onderrig, plaascrèches en die meer onlangse opleiding van onderwysassistente by Bolandkollege in die Paarl. Die navorser het as gevolg hiervan 'n buitengewone belangstelling ontwikkel in die intervensiestrategieë om landelike kinders se leerprestasies te bevorder.

Sistemiese navorsing wat in 2002 deur die Nasionale Departement van Onderwys onderneem is, toon dat 65% van kinders by skole in landelike gebiede baie laag presteer in geletterdheid en gesyferdheid. Daarom het die Wes-Kaapse Onderwysdepartement strategieë ontwikkel om hierdie agterstande te oorbrug. (WKOD, 2006:1) Die doeltreffendheid van hierdie strategieë is nog onder die vergrootglas en navorsing word aangemoedig. (WKOD, 2006:33)

Die drie mees onlangse strategieë, naamlik: Onderwysassistente in Graad 1 klasse, Graad R klasse by landelike skole en Gesinsgeletterdheid deur middel van die onderwysassistente en ABET, (WKOD, 2006:28,32) ervaar na die mening van die navorser een groot struikelblok om suksesvol te wees. Hierdie struikelblok is die jare voor die kind by Graad R uitkom en waar die grondslag vir alle latere kennis gelê word. Die kind is vanaf geboorte afhanklik van sy opvoeders, deur hulle interaksie, om taal te ontwikkel. Volgens Ostrotsky (2006:173) word die sukses van taalontwikkeling bepaal deur die emosionele band tussen die kind en die persoon by wie hy taal aanleer.

1.3 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE TYDPERK GEBOORTE TOT 4 JAAR

Clark se stelling het die navorser laat besef hoe uiters belangrik hierdie vroeë jare is en dit het daartoe bygedra dat sy gefokus het op taalontwikkeling tydens die eerste vier jaar van die kind. Dit lui as volg: *Linguists have theorized that between 18 months and 4 years of age, every human has available an innate ordering device for learning language, referred to as the Language Acquisition Device (LAD). During this LAD period, the environment of the child must be rich in language experience. Never again will the child have the ability to learn language-related activities with such ease.* (Clark, 1992:101)

1.4 DIE ROL VAN INTERAKSIE BY DIE AANLEER VAN TAAL.

Volgens Kreppner (Valsiner & Connolly, 2003:194) word die eerste twee jaar beskou as die periode waartydens die vinnigste en grootste verandering in die kind plaasvind. Kreppner sê hier dat, behalwe die neurologiese differensiasie en ontwikkeling van kognitiewe vaardighede, die mees opsigtelike en verbasende veranderinge waargeneem kan word in die kind se groeiende vermoë om verhoudinge te vestig, te onderhou en te herorganiseer. Die eerste laggie wanneer die ma die kind nader, herhaalde reaksies op 'n verskeie maniere van stemgebruik en die toename van wedersydse aanpassings tydens alledaagse rituele soos voeding, bad, doeke omruil, ensovoorts, vorm spoedig emosionele bande tussen die ouers, die boeties en sussies en die nuwe baba.

Kreppner verduidelik verder (Valsiner & Connolly, 2003:195) dat, vanuit die perspektief van die baba, vroeë verhoudings sy persoonlike wêreld vorm en bepaal. Die verhoudings ontwikkel die deel van die omgewing wat noodsaaklik word vir die innerlike voorstelling van die wêreld. Daarom blyk dit dat die ouer-baba verhoudings en die kwaliteit daarvan, sterk bydra tot die basiese progressiewe vermeerdering van twee basiese ervarings by die kind. Eerstens, die gereelde mate waarin òf positiewe òf negatiewe emosies ervaar word en tweedens die skakeling van hierdie ervarings met ander persone. Die familie se eiesoortige manier om te kommunikeer oor onderwerpe, situasies en gevoelens, vestig die konteks waarbinne die kind se vroegste ervarings spesifiek skakel met die emosionele beleving van ander mense.

Om die verband tussen die sosiale verhoudings, emosionele ontwikkeling en kognitiewe ontwikkeling beter toe te lig, gebruik Kreppner die voorbeeld van die sestiende-eeuse geleerde, Erasmus Desderius, toe hy voorligting vir jong moeders geskryf het. In die hoofstuk "The happy mother" het hy die belangrikheid beklemtoon van liefde en aandag vir suksesvolle leer en die groei van sosiale vaardighede in kinders: *"The prime condition of all learning is the reciprocal love between teacher and taught"*. Die verhouding tussen die een wat opvoed of onderrig en die een wat leer kan dus gesien

word as nog 'n voorbeeld van die emosionele klimaat wat die skeep van betekenis beïnvloed. (Valsiner & Connolly, 2003:196).

1.4.1 REDES VIR TAALAGTERSTANDE

Fielding (2006:33) voer aan dat 'n geletterdheidsarm omgewing, afwesige ouers en onopgeleide, laaggeletterde versorgers, verdere redes is wat taalagterstande by skooltoetredende veroorsaak. Daar word na hierdie typerk wanneer die agterstande ontstaan, verwys as "*The gap years before kindergarten*". Fielding verwys na navorsing wat bewys dat hierdie agterstande nie ingehaal word as leerders eers op skool is nie.

Nog redes vir taalagterstande word deur navorsers toegeskryf aan "armoede, gebrek aan geleentehede om te speel, swak taalgebruik deur rolmodelle, drankmisbruik deur swanger moeders, ondervoeding, ongeletterde ouers, enkelouergesinne, gebrek aan ouerbetrokkenheid by die lewens van kinders en 'n geletterdheidsarm omgewing." (WKOD, 2006:31).

De Wit en Booyesen (1994:95), haal Vrey aan dat "elke ding wat die kind leer in 'n sekere mate afhanklik is van sy kennis en beheer van taal." Taal is die grondslag waarop alle verdere leer gebou word en lae skolastiese prestasie kan dus direk verbind word met taalagterstande by skooltoetredende.

Die taalstimulasie van die kleuter staan sentraal tot sy latere skolastiese prestasie en die uiteindelijke wegbreek uit die armoedesiklus daarom beskou die navorser die opleiding van versorgers om taalontwikkeling te stimuleer as 'n faktor wat daartoe kan bydra om die taalagterstande van die landelike leerder uit die weg te ruim. In hoofstuk 2 sal die literatuurstudie verduidelik hoekom dit belangrik is dat die navorsing juis fokus op die opleiding van laaggeletterde versorgers.

1.5 NAVORSINGSPROBLEEM

Die ouers se lang werksure lei daartoe dat hul rol as die primêre versorger en die persoon van wie die kind taal leer, verskuif na die versorgers in crèches of na dagmoeders. Die versorgers bevind hulle binne 'n besonder veeleisende en verantwoordelike situasie. Die aantal kinders, die ouderdomsverskille (en dus die uiteenlopendheid van die behoeftes van die kleuters), die gebrek aan opleiding en die omgewing wat geen stimulasie bied nie, het veroorsaak dat die fisiese versorging en veiligheid die enigste fokus geword het en doelgerigte taalstimulasie ontbreek.

1.6 NAVORSINGSDOEL

Die doel van die navorsing sal dus wees om data te versamel terwyl 'n praktiese, taalgesentreerde opleidingsprogram uitgetoets word. Terwyl die versorgers ondersteun word om nuwe kennis en

vaardighede te ontwikkel en te oefen, sal die proses deurlopend geëvalueer word deur middel van onderhoude, groepbesprekings en observasie in die werkplek. (Meyer, 2004:119) Aksienavorsing sal dus die beste manier wees om data te versamel sodat die volgende navorsingsvrae beantwoord kan word:

1.7 NAVORSINGSVRAE

Hoofnavorsingsvraag: 1. Watter leemtes is daar in bestaande opleidingsprogramme wat verhoed dat laaggeletterde Afrikaanssprekende versorgers die geletterdheidsontwikkeling van kleuters, geboorte tot 4 jaar, genoegsaam kan stimuleer?

Sekondêre vrae:

2. Hoekom word daar gefokus op die ouderdomsgroep geboorte tot 4 jaar?
3. Hoekom is dit belangrik dat die opleiding juis fokus op laaggeletterde versorgers?
4. Hoe sal hierdie opleiding verskil van ander ten opsigte van uitgangspunt, inhoud en metode?
5. Watter metodes sal deurlopend gebruik word om die doeltreffendheid van die program te toets?
6. Wat kan gedoen word om die versorger te bemagtig om onafhanklik die taalontwikkeling van die kleuters in haar sorg te stimuleer?

1.8 NAVORSINGSBEPLANNING

Die navorser glo dat aksienavorsing die nodige struktuur sal voorsien waarbinne sy nuwe metodes kan ontdek om versorgers op te lei om kleuters se taalontwikkeling te stimuleer. 'n Sleutelement van aksienavorsing is om betrokkenheid van die gemeenskap uit te bou. (Munt, 2002:1) Om die fokus vir hierdie navorsing te behou, kan die opleiding van die versorgers gesien word as die eerste stap in die verskeidenheid van stadiums van 'n moontlike projek, en 'n stewige basis om op voort te bou.

1.9 DIE NAVORSINGSBENADERING

Cohen, Manion & Morrison (2000 : 226- 227) gee die volgende beskrywing van aksienavorsing:

- Dit is 'n gedissiplineerde en sistematiese metode wat samewerkend is in die versameling van bewyse wat gebaseer is op deeglike besinning deur die groep;
- dit is nie navorsing van ander mense op hulle werk nie, maar deur spesifieke mense om dit wat hulle doen, en hoé hulle werk met en vir ander te verbeter;
- dit is 'n praktiese probleemoplossingsmetode; dit bevorder die vaardighede van deelnemers;
- dit vind in die werkplek plaas;
- versorgers leer van die werkplek in die werkplek;
- dit gebruik terugvoering van data in die kringloopproses om die kwaliteit van menslike aksies te verbeter;

- die kringloopproses bestaan uit 'n siklus van beplanning, aksie, reflektoring, herbeplanning en aksie;
- dit fokus op huidige kommerwekkende sake; dit is 'n ondersoek in wat 'n persoonlike poging is om praktyk te verstaan, te verbeter of te verander;
- dit bring verandering te weeg in die navorser en deelnemers se definisies van hulle professionele vaardighede en rolle;
- dit vermeerder hulle ervaring van eiewaarde en selfvertroue;
- dit verander hulle houdings en waardes.

Die eienskappe van aksienavorsing het daartoe bygedra dat die navorser die werkswyse kon beplan omdat sy die navorsing vanuit 'n onderwysperspektief benader het. Die beleid van die regering is egter dat die opvoeding van die kleuters van geboorte tot 4 jaar en die betrokkenheid van werklose vroue, deel uitmaak van 'n geïntegreerde benadering tot ontwikkelende sosiale welstand en die verantwoordelikheid is van die Departement van Sosiale Ontwikkeling. (Department of Social Development, 2007:19) Na afhandeling van die navorsing is daar bevind dat hierdie feit 'n invloed gehad het op die beskikbaarheid van bronne om dit wat gebeur het, doeltreffend te beskryf. Die eienskappe van Deelnemende Aksienavorsing, wat algemeen gebruik word by instansies wat maatskaplike werkers en gemeenskapontwikkelaars oplei, het sterk na vore gekom en is dus gebruik.

Beskrywende verslaggewing is besonder toepaslik vir hierdie navorsingsmetode omdat daar met laaggeletterde volwassenes uit 'n ander kultuurgroep saamgewerk sal word, met wie die navorser verhoudings moet bou. Hierdie metode bied die geleentheid om aksies op 'n beskrywende wyse weer te gee, wat meer gepas is vir die informele, nie-hoogdrawende, praktiese wyse waarop die navorser en deelnemers met mekaar sal saamwerk. (De Vos et. al, 2002: 419)

1.10 DIE INVLOED VAN DIE DEELNEMENDE AKSIENAVORSINGSMETODE (PR) OP DIE NAVORSINGSBENADERING

Die definisie van deelnemende aksienavorsing waarmee die navorser assosieer, is dié van Hall, soos aangehaal deur Kathleen Collins (1998:3) "Participatory research ... has been expressed most generally as a process which combines three activities: research, education and action". Sy beskryf ook die plek van PR in opleiding as 'n benadering waar daar 'n terugvoeringlus ("loop") tussen die leerder en die onderwyser is. Dit stel die leerder in staat om die opvoeder in te lig oor wat hy leer en die opvoeder kan dan die lesmateriaal aanpas om dit aan die opvoedkundige behoeftes van die leerders te laat voldoen. Die omgewing word dan 'n plek waar albei van mekaar kan leer. Hulle besluit saam watter probleme in die opleidingsproses bestaan en hoe om dit te oorkom. (Collins, 1998:21)

Theron (2008:208) haal Bless, Higson-Smith & Kagee aan om te verduidelik dat deelnemende navorsing nie noodwendig aksienavorsing is nie, maar dat aksienavorsing altyd deelnemend is. Ten opsigte hiervan haal hy ook Henning, Van Rensburg en Smit aan dat alhoewel aksienavorsing nog nie populêr is nie, dit 'n kragtige metode geword het wat gewoonlik voortgedryf word deur 'n sin vir sosiale aksie. "Action Research is always a long term investment – it is both an intervention and research, and it develops in cycles of reseach and social action (change)."

Babby & Mouton beskryf die navorser wat aksienavorsing doen, as 'n veranderingsagent wat plaaslike kennis inkorporeer om nuwe kennis te ontwikkel om sodoende aksies te inisieer. Die demokratiese aard van die navorsing is veral belangrik in Derdewêreldlande omdat die kultuur en belange van die deelnemers gerespekteer word. (Babby & Mouton, 2001: 314)

1.10.1 DIE VOORDELE VAN HIERDIE METODE

- Dit dra by tot die navorser se diepgaande begrip van die studie. Tydens die aanvangsfase is dit voordelig wanneer die navorser betrokke raak by bestaande praktyke en sosiale verhoudings omdat sy by die betrokke mense wil leer wat hulle probleme, behoeftes en gevoelens is.
- Dit fokus op subjektiewe ervaring omdat die navorser die subjektiewe ervarings van mense wil verstaan en terselfdertyd betekenisvol en binne konteks verslag wil gee van die ervarings.
- Dit stem ooreen met PR se vertrouwe op plaaslike wysheid en leke-leierskap.
- Metodes van dataversameling sal in twee hoof kategorieë val, naamlik onderhoude en sistematiese observasie, wat evaluering insluit. Veldnotas is 'n noodsaaklike hulpbron vir dataversameling.
- Die gebruik van onkonvensionele tegnieke vir dataversameling, soos byvoorbeeld werkswinkels.

Werkswinkels word beskou as 'n kollektiewe navorsingstegniek. Tydens hierdie geleentheid word inligting op 'n sistematiese wyse versamel in 'n groep, terwyl daar deelgeneem word aan 'n verskeidenheid van betekenisvolle aktiwiteite. (Babby & Mouton, 2001:326 & 327)

1.11 DIE HOOFSTUKKE HANTEER DIE VOLGENDE ASPEKTE:

- In Hoofstuk 2 sal 'n volledige literatuurstudie gedoen word oor Opleidingsprogramme vir laaggeletterde versorgers. Bronne wat agtergrond sal verskaf oor die behoeftes van die versorgers as volwasse leerders, inligting wat die inhoud sal bepaal en ook die metode vir opleiding sal bestudeer word. Die navorsingsvraag: hoekom moet versorgers opgelei word om taalstimulasie te doen, sal beantwoord word.
- In hoofstuk 3 sal die navorsingsplan verduidelik word sodat die vraag: 'Hoe sal hierdie opleiding verskil van ander ten opsigte van uitgangspunt, inhoud en metode?' en 'Watter

metodes sal deurlopend gebruik word om die doeltreffendheid van die program te toets?’ beantwoord sal word.

- In hoofstuk 4 word volledig verduidelik hoe die navorsing verloop het en die resultate sal voorgelê en bespreek word terwyl daar bespreek word wat gedoen is om die versorger te bemagtig om onafhanklik die taalontwikkeling van die kleuters in haar sorg te stimuleer.
- Hoofstuk 5 sal die opleiding opsom, gevolgtrekkings van die navorsing sal uiteensit word en aanbevelings gemaak word vir projekte wat kan voortspruit uit die studie. In hierdie hoofstuk sal die navorsingsvraag: ‘Wat kan verder gedoen word om die versorger te bemagtig om onafhanklik die taalontwikkeling van die kleuters in haar sorg te stimuleer?’ beantwoord word.

1.12 BESKRYWING VAN TERMINOLOGIE

Om die strekking van die navorsing te verstaan, is dit belangrik om duidelikheid te hê oor die betekenis van sekere woorde binne die agtergrond van vroeëkindontwikkeling en teorieë daaroor.

Taalontwikkeling: Die vermoë van die kind om in die wêreld te funksioneer, word deur sy kommunikasievermoë bepaal. Sonder taal en die begrippe wat aan die wêreld rondom hom geheg word, sal kommunikasie nie moontlik wees nie. Dit is ook die rede waarom verbale kommunikasievaardighede aangeleer word. Lees en skryf vloei hieruit voort en is afhanklik van sowel goeie woordeskat, as strukturele taal en denkvorme. (De Witt, 1994 : 96)

Ontluikende geletterdheid: Die kennis, vaardighede en houdings wat die kind vanaf geboorte ontwikkel deur interaksie met sy primêre versorgers in ‘n stimulerende omgewing. (Barchers, 1998:65)

Stimulerende omgewing: ‘n Omgewing waar al sy sinuie gestimuleer word deur middel van klank, persone, voorwerpe wat hy sien, proe en betas, kleur en beweging, sodat hy in totaliteit sal ontwikkel, met ander woorde: fisies, emosioneel, sosiaal, geestelik en kognitief.

Stimuleer: ‘n Doelgerigte blootstelling aan aktiwiteite in ‘n omgewing wat ontwikkeling sal bevorder, aanspoor, aanmoedig en aanwakker. (Pharos 2005).

Kognitiewe ontwikkeling: Die vermoë om dit wat hy met sy sinuie waarneem, te kan verstaan, in verband bring met reeds bestaande kennis en ‘n taal te hê waarin hy dit wat hy verstaan, te verwoord.

Versorger: Dit verwys na ‘n persoon wat gedurende die dag verantwoordelikheid neem vir die fisiese versorging en kognitiewe stimulasie van die voorskoolse kind terwyl sy ouers werk. Die versorging vind gewoonlik plaas by haar huis, in ‘n gebou op die plaas of in ‘n sentrum beskikbaar gestel deur die gemeenskap vir hierdie doel. (Penn, 2006:2)

Laaggeletterd: In hierdie studie verwys dit na vrouens wie nie gereeld lees- en skryfaktiwiteite in hulle daaglikse lewe gebruik nie en gevolglik vaardighede wat op ‘n vroeëre leeftyd verwerf is, verwaarloos of verloor het.

Vroeëkindontwikkeling/ Early Childhood Education (ECD) Dit verwys na die jare voor formele skoolopleiding waartydens die kleuter sosiaal, emosioneel, kognitief, geestelik en fisies geleidelike, waarneembare veranderinge ondergaan. (De Witt, 1994:1) Die kind ontwikkel kennis, vaardighede, houdings en waardes wat noodsaaklik is vir suksesvolle verdere leer.

Opleidingsprogramme: Dit is 'n kombinasie van leermateriaal en metodologie waardeur die leerder leeruitkomstes kan bereik. Leermateriaal kan bestaan uit 'n handleiding en praktiese hulpmiddels, video's en klankkassette. (Meyer, 2004:118) Dit kan ook verwys na programme wat ontwikkel word vir die bevordering van die ontwikkeling van jong kinders.

1.13 ETIESE OORWEGINGS

Aangesien dié navorsing handel oor die taalstimulasie van kleuters van geboorte tot 4 jaar, val dit buite die toesig van die Departement van Onderwys en daarom sal geen toestemming van hierdie departement nodig wees nie. Al die crèches is op privaat grond en word op 'n informele wyse bedryf. Nadat die deelnemers geïdentifiseer is sal die navorser 'n brief [Bylaag A] rig aan elke werkgewer en afsprake maak met elke werkgewer en werknemer om inligting te verskaf. [Bylae 4,5 & 6] Die doel van die navorsing en die voordele vir die plaasgemeenskap sal verduidelik word en 'n geskrewe inligtingstuk sal agtergelaat word. Toestemming sal verkry word om gedurende dié tydperk, vrye toegang tot die versorgers in hul werkplek te verkry. Geskrewe ooreenkomste sal met hulle aangegaan word om wedersydse verwagtinge bindend te maak [Bylaag 3] Plaasname en die name van die deelnemers sal deur middel van afkortings verander word om vertroulikheid te verseker.

1.14 BETROUBAARHEID VAN DIE INLIGTING

Aangesien inligting hoofsaaklik versamel gaan word deur die observasie van die navorser, sal sy daarop konsentreer om wetenskaplike feite en erkende leeruitkomste soos in die HNKV, 2004 te gebruik om volgens assesseringstandaarde die deelnemere te evalueer. [Bylaag 5] Sy sal daarop fokus om blokkasies tot goeie observasie te vermy, soos vooroordeel, onsensitiwiteit en die omvang van die hipotese. (Craig, 1989:14)

- Vooroordeel impliseer dat die navorser geneig kan wees om slegs dit waar te neem wat sy graag wil sien en dus nie objektief te observeer nie.
- Onsensitiwiteit ontstaan wanneer dieselfde ding elke dag gesien word en daar gewoon geraak word aan dit wat waargeneem word en die belangrikheid daarvandan nie meer raakgesien word nie.
- Die omvang van die hipotese kan ook die betroubaarheid van die navorsing beïnvloed indien te wyd of te beknop waargeneem word.

1.15 OORSIG VAN DIE HOOFSTUK

- Die probleme wat landelike leerders ervaar om skolasies te presteer, word as motivering vir hierdie studie verduidelik.
- Die navorsingsvrae is opgesom en die keuse van die navorsingsmetode om die vrae te beantwoord, word gemotiveer.
- Aksienavorsing se eienskappe word uiteengesit en die invloed van deelnemende aksie navorsing om te verduidelik wat in die navorsing plaasgevind het.
- Beskrywende verslaggewing word aangedui as die manier waarop data versamel sal word.
- Definisies van sekere konsepte word gegee.
- In die inleidende literatuurstudie is verduidelik waarom daar gefokus moet word op die stimulering van die taalontwikkeling van die ouderdomsgroep geboorte tot 4 jaar. Die aandag word gevestig op die belangrikheid van hierdie tydperk, die rol van interaksie by die aanleer van taal, en die redes vir taalagterstande.
- Die hoofpunte van die volgende hoofstukke word kortliks opgesom.
- Die etiese oorwegings word bespreek en daar word verwys na blokkasies tot goeie waarneming wat die betroubaarheid van die studie kan beïnvloed.

In die volgende hoofstuk sal bestaande opleidingsprogramme en navorsing wat gedoen is, ondersoek word, volgens die mate waarin gefokus word op die stimulasie van taalontwikkeling. Die invloed van die landelike omgewing, die afwesigheid van die ouers as primêre versorgers wat taalontwikkeling by die kind van geboorte tot vier jaar stimuleer en die belangrikheid van versorgers by dagsorgsentrums (crechés) as plaasvervanger, sal toegelig word.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

2.1 INLEIDING

In hoofstuk een is die eerste navorsingsvraag beantwoord, deur die belangrikheid van die eerste vier lewensjare vir taalontwikkeling, wetenskaplik te verduidelik.

Die navorsingsvraag wat beantwoord moet word is dus: “Watter leemtes is daar in bestaande opleidingsprogramme wat verhoed dat laaggeletterde Afrikaanssprekende versorgers in ‘n landelike gebied taalontwikkeling by kleuters geboorte tot 4 jaar kan stimuleer?” Om hierdie vraag te beantwoord sal die navorser die huidige stand van ECD opleiding in Suid-Afrika bestudeer, en ook navorsing wat gedoen is oor die onderwerp en opleidingsprogramme wat tans in Suid-Afrika gebruik word, ondersoek. Die programme sal beoordeel word volgens die inhoud en metode van aanbieding en die bruikbaarheid en toepaslikheid van die leermateriaal vir die stimulering van taalontwikkeling.

Die navorsingsvraag, “watter beginsels en strategieë moet gevolg word om ‘n effektiewe program daar te stel”, het die aandag gevestig op die vraag oor “hoekom die versorgers opgelei moet word om taalstimulasie te doen”. Hierdie redes sal die beginsels en strategieë wat gevolg behoort te word beïnvloed, daarom sal dit eerste ondersoek word teen die agtergrond van die landelike omgewing en die invloed van armoede.

Strategieë vir taalstimulasie sal ondersoek word, wat die inhoud van die opleiding sal bepaal.

Die metodes wat tydens die opleiding gevolg sal word om die doeltreffendheid te toets, sal ondersoek word. Assessering impliseer dat daar leerruitkomstes en assesseringstandaarde sal wees, daarom is dit nodig vir die navorser om te weet wat kundiges daarvoor sê omdat dit die beplanning van die inhoud en die opleidingsmetodes sal bepaal. Dataversamelingsmetodes sal ondersoek word.

2.2 DIE LANDELIKE OMGEWING

Armoede in ‘n landelike gebied affekteer ‘n menigte kinders in Suid-Afrika. Volgens Joubert (Sunday Times, 26 Julie 2008) woon die meerderheid van hierdie kinders onder omstandighede wat baie min verander het vanaf 1994, en dit word bevestig deur bevindinge van Die Menslikewetenskap Navorsingsraad. Tussen 50% en 60% van Suid-Afrika se arm bevolking woon in die landelike gebiede. Hierdie Raad het ook gesê dat dit nodig vir alle regeringsdepartemente en ander rolspelers om saam te werk en die probleme van arm kinders te hanteer.

Swak gesondheid soos oogprobleme, ondervoeding en fetale alkoholsindroom veroorsaak'n menigte probleme. Die regering se voedingskema is van groot hulp vir skoolgaande kinders omdat dit soms hulle enigste maaltyd vir die dag is, maar dit is nie genoeg om aan al die kinders se voedingsbehoefte te voldoen nie. Navorsing toon dat honger kinders maklik afleibaar is en dus nie goed kan aandag gee nie.

Joubert sê ook dat armoede en ongeletterdheid oorwegend 'n landelike verskynsel is. Behalwe ondervoeding, is 'n hoë sterftesyfer onder babas en swak toegang tot water kenmerkend. Armoede in landelike gebiede word nou verbind aan ongeletterdheid van volwassenes, wat in sommige landdrosgebiede so hoog as 80% is.

Snyman (1990:22) haal Pretorius aan dat studies getoon het dat arm ouers baie minder met hulle kinders praat en swak grammatika gebruik. Hulle vra nie so baie vrae aan hulle kinders nie en moedig hulle ook nie aan om vrae te stel nie. Hierdie kinders leer hulle gedrag en taalgebruik by ander kinders aan, wat nie altyd gepas is vir die klaskamer nie. Hulle verloor hulle natuurlike nuuskierigheid omdat hulle van kleins af nie tuis aangemoedig word om dit te gebruik nie, verwag min van die lewe en ontwikkel vroeg reeds 'n negatiewe selfbeeld. Wanneer kinders begin skoolgaan, is hulle alreeds agter op verskeie gebiede.

Laastens word daar in hierdie artikel 'n beroep gedoen op organisasies, plaaseienaars, groepe en die regeringsdepartemente om te fokus op die ondersteuning van hierdie vergete gemeenskappe. Die beskikbaarstelling van boeke en tydskrifte in die moedertaal van die kinders, sal bydra tot die geletterdheidsopvoeding van die voorskoolse kind en hulle ouers. "Liefde is die enigste krag wat ons sal lei om die armes te help, saam te werk en oplossings te vind" (Joubert, 2008).

2.3 VROEËKINDONTWIKKELINGSOPLEIDING IN SUID-AFRIKA

In die heel nuutste verslag oor vroeëkindontwikkeling, (wat gedoen is deur Biersteker) en wat beskikbaar gestel is deur UNICEF Suid-Afrika, word daar beweer dat daar probeer word om groter samewerking tussen opleidingsinstansies te verkry. Dit verskaf inligting oor tuis- en gemeenskapsgebaseerde VKO programme om arm en kwesbare babas en kleuters in Suid Afrika te ondersteun. Die ouderdomsgroep waarop gefokus word, is die 5.16 miljoen kinders tussen die ouderdom geboorte tot 4 jaar. Daar word aangedui dat 'n verskeidenheid van alternatiewe programme ontwikkel is om te voldoen aan behoeftes wat ontstaan het uit die moeilike omstandighede waarin die kleuters hulle bevind. Daar word ook genoem dat 'n hoë persentasie van depressie by lae-inkomste moeders 'n bydraende faktor tot die gebrekkige ontwikkeling van kleuters is. (Biersteker, 2007:46)

Hierdie navorsing toon dat slegs twee opleidingsinstansies landwyd op plase werksaam is en dat programme in 'n meerdere mate fokus op die fisiese behoeftes van die kleuter en in 'n mindere mate op kognitiewe ontwikkeling. (Biersteker, 2007:5) Opleiding word gedoen deur gemeenskapsontwikkelswerkers, wat opleiding het in maatskaplike werk en volwasse opleiding. Lae besoldiging veroorsaak 'n groot wisseling van veldwerkers, wat veroorsaak dat opleiding onderbreek word en die belegging in aanvanklike opleiding verlore gaan. (Biersteker, 2007: 6)

In die handleiding vir vroeëkindontwikkeldienste van die Departement Sosiale Ontwikkeling (2007:14) word daar genoem dat armoede die een grootste enkele faktor is wat verhoed dat die meeste jong kinders in Suid-Afrika toegang tot kwaliteit VKO dienste het. In veral 'n landelike omgewing, is afstand 'n bydraende faktor, omdat hulle vër van hulpbronne woon.

Eloff et.al. (2006:114) beklemtoon dat Vroeëkindontwikkelingintervensies in ontwikkelende lande uiters belangrik is, veral vanweë die sosiale en ekonomiese omstandighede waarin hierdie jong kinders groot word. Navorsing op die gebiede van sosialewetenskappe, neurobiologiese en gedragsielkunde het 'n groter waardering begin ervaar vir vroeë lewenservaring, die sentrale rol van vroeë verhoudings en die vermoë ontwikkel om ontwikkeling te bevorder deur intervensie. In hierdie studie word gesê dat om effektiewe intervensie aan te bied, ons eers moet verstaan binne watter konteks die kind ontwikkel. Effektiewe intervensie hang af van die vermoë om betekenisvolle en volhoubare intervensieprogramme daar te stel, gebaseer op hierdie kennis. Ander sleutelkwessies wat betrek word by vroeëkindontwikkeling, word deur hulle as volg aangedui:

- Die taal wat deur die versorger gebruik word is die medium waardeur kognitiewe ontwikkeling gerealiseer word.
- Samewerking tussen die ouers, professionele persone en ondersteuningsisteme in hulle gemeenskap is noodsaaklik om sowel betekenisvolle intervensie as volhoubaarheid te verseker.
- Die rolspelers behoort kennis te dra van wat sy eie en die ander een se rol is, en waardering toon vir elkeen se bydrae, sodat hulle mekaar kan ondersteun.
- Pogings deur georganiseerde gesondheids-, opvoedings- en welsynsdienste in vroeëintervensie is teleurstellend op internasionale en plaaslike vlak.
- Opvoedkundige sielkundiges sien hulle taak as een waar hulle leerprobleme kan verhoed deur te verseker dat kinders gereed is vir skool. Deur die versterking van die hoeveelheid aandag wat gegee word aan kinders se taalontwikkeling, hulle vroeëgeletterdheidsontwikkeling, en ook hulle wiskundige- en probleemoplossingsvermoë, kan hierdie ideaal verwesenlik word. (Eloff et.al, 2006: 120)

'n Opvoedkundig-sielkundige perspektief van Dempers se navorsing (2000), het aangetoon dat 'n onverklaarbare onvoldoende gewigstoename by kinders onder vyf jaar opgemerk word waar die emosionele band tussen moeder en kind telkens onderbreek is. Daar is bevind dat die moeders self emosioneel te ongeborge is om te fokus op die kind se behoeftes aan aandag en vertroeteling.

2.5 OPLEIDINGSPROGRAMME IN SUID-AFRIKA

Bestaande opleidingsprogramme in Suid-Afrika vir laaggeletterde versorgers is spesifiek ondersoek om vas te stel deur wie opleiding gedoen word en in watter mate die opleiding fokus op die taalontwikkeling van die kind. Elke opleidingsprogram is ondersoekom te sien of dit gebruik kon word vir die doel van aksienavorsing en of dit voldoen aan die riglyne vir vroeëkindontwikkeling van die Departement van Sosiale ontwikkeling.

Die metode sal beoordeel word aan hoe dit daarin kan slaag om die versorger toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en houdings om hulle opleiding in die praktyk toe te pas. Die bruikbaarheid van die leermateriaal sal beoordeel word volgens die behoeftes van laaggeletterde persone, naamlik skrifgrootte, taalgebruik, die hoeveelheid inligting in verband met taalontwikkeling en of daar visuele hulpmiddele is wat die geletterdheidsomgewing sal verryk.

Die vereistes vir die inhoud van die bronne sal daarom beoordeel word deur die volgende vrae daaroor te vra:

- Sal die versorgers toegerus word om te verstaan hoe taal van geboorte af aangeleer word?
- Is daar inligting oor die probleme wat kinders op skool ervaar as gevolg van gebrekkige taalvaardighede?
- Word die versorgers ingelig oor haar rol as die persoon by wie taal aangeleer word?
- Word die versorgers aangemoedig om in hulle eie vermoëns te glo?
- Word versorgers toegerus met die nodige kennis, vaardighede en bronne om sinvolle interaksie met die kleuters te verseker?
- Is daar geleentheid om nuwe vaardighede te oefen?
- Word hulle vordering gemonitor oor 'n tydperk?
- Is daar inligting oor die faktore wat 'n rol speel om 'n goeie taalfondament te verseker?
- Is die doel van die opleidingsprogramme die toerusting van primêre versorgers om taalontwikkeling te stimuleer?

Opleiding vir versorgers van kleuters geboorte tot 4 jaar is tot dusver gedoen deur Nie-Regeringsorganisasies (NGOs), Gemeenskapsgebaseerde Organisasies (CBOs) en Geloofsgebaseerde

Organisasies (FBOs). (Smith, 2006:21) Die groot aantal diensverskaffers weerspieël uiteenlopende belange en motivering vir opleiding.

(i) In Suid-Afrika is ELRU (Early Learning Resource Unit) die toonaangewende opsteller van opleidingsprogramme en lewer waardevolle bydrae met die verskaffing van opleidingsmateriaal vir Graad. R. (WKOD, 2006. Vroeëkindgeletterdheid kursus)

Life as a child minder (ELRU en sy voorganger Urban Foundation: 1987) se opleiding handel oor die breë spektrum van kleuteropvoeding. Dit het groot prente wat gebeure illustreer om gesprekke tydens opleiding in klein groepies te prikkel en deelnemers aan te moedig om self oplossings uit te werk. Alhoewel die program in Engels is, is dit baie toepaslik vir ongeletterde en laaggeletterde persone.

Die hoofstukke in *Learning together* (Van der Merwe, 1990), wat betrekking het op geletterdheid, handel oor boeke vir jong kinders, storietyd en hoe kinders leer deur middel van stories en ook musiek vir jong kinders. Babasorgprogramme deur dieselfde skrywer, gee inligting oor babas se behoefte om te leer om met ander te kommunikeer en 'n geheue te ontwikkel. Daarin word genoem dat hulle die geleentheid moet kry om liedjies, persone, plekke en roetines te onthou. Hierdie bronne is insiggewend, maar nie toeganklik vir laaggeletterde persone nie omdat dit hoë geletterdheidsvaardighede vereis om die inligting uit te soek, te organiseer en toe te pas.

Uit ELRU se Masithethe projek het twee boeke ontstaan. Die eerste een: *You are the child's first teacher* (2003), is gedruk in groot skrif en is gebruikersvriendelik. Onderwerpe wat aangeraak is, is soos volg: *The art of asking questions*. Die hoofstuk: *What to do to help to learn*, bespreek vertroue, ondersoek, aanmoediging tot vraagstelling en reëls. Nog 'n relevante onderwerp is: *I like to talk to you. You listen to what I say*. Die tweede boek: *First steps to help your baby learn* bevat inligting wat handel oor kommunikasie: Die hoofstuk: *How you can help*, behandel praat, luister, stories, verf en teken, respek, sê nee en van woorde tot sinne. Al hierdie inligting is weereens toepaslik en goed nagevors, maar fasiliteerders moet steeds hulle eie inligting saamstel en organiseer.

Mary Newman het in 'n publikasie (2007:5) gevra hoe ouerskapvaardighede versterk kan word en voorkomende programme ontwikkel kan word. Haar antwoorde is dat die versorgers en kleuters ondersteun moet word deur hulle sterk eienskappe te bevorder deur woorde, dae en aksies om veranderinge in die omgewing te bewerkstellig.

Opleidingsmateriaal word slegs aan fasiliteerders in hulle diens beskikbaar gestel en daarom kon die navorser nie inligting bekom oor die metodiek van opleiding nie.

(ii) Ntataise Trust gebruik 'n geïllustreerde handleiding vir laaggeletterde volwassenes wat ontwikkel is deur Anne Short (2001). Hulle fasiliteerders bied die kursus aan in die Afrikataal gepraat deur die versorgers. Eenvoudige handleidings met illustrasies en toepaslike inligting word verskaf om die algemene behoeftes van die kleuters te hanteer.

(iii) Grassroots verskaf ook 'n weldeurdagte algemene opleidingsprogram wat vir kort tye (2 tot 3 dae) duur en wat verbreed word deur opvolging. Die handleidings is in Engels. Die opleiding word opgevolg met besoeke aan die crèches en die verskaffing van 'n hoeveelheid opvoedkundige apparaat wat ongelukkig nie altyd ouderdomstoepaslik is nie.

(iv) Petra Kollege op De Doorns, 'n opleidingsinstansie van Amos, Organisasie vir Christenboere om die kwaliteit van hul werknemers se lewens te verbeter, bied 'n hele aantal kursusse aan. Daar word verskeie modules aangebied waarvan *Ons geniet kinders*, en *Help kinders om God te leer ken*, (Malherbe et al: 2003) twee voorbeelde is. Daar is ook kursusse wat aangebied word om kinders te help om onaangename ervarings te verwerk. Die vertrekpunt is die versorger self, waardeur beoog word om die emosionele skade wat die versorger deur die jare opgedoen het, as verwysingsraamwerk te gebruik om die kinders waarmee hulle werk te verstaan. Deurdad hulle hul eie seer saam met ander uit 'n soortgelyke agtergrond kan bespreek, leer hulle om dit te aanvaar en te verwerk. Hulle leer om verhoudings te bou met die kinders, sodat vertrouwe kan ontwikkel en probleme hanteer kan word deur Maatskaplike Dienste. Die opleidingsmateriaal is hoofsaaklik ontwikkel vir aanbieders van kinderklubs, wat meestal met skoolgaande kinders werk.

Die kursusse van Amos word vanuit Christelike waardes aangebied en vul werklike leemtes, sodat die kind in totaliteit gesien en behandel kan word. Die skrif van al hierdie lesmateriaal is groot, die hoeveelheid inligting min, dit is beskikbaar in Afrikaans en is gerig op die laaggeletterde persoon. Dit bevat egter min inligting oor die noodsaaklikheid van geletterheidsontwikkeling of die rol wat die versorger daarin speel.

'n Stimulasieprogram, *Speelpret* (Russel et.al : 2002), is vir geboorte tot 3 jariges ontwikkel. Hierdie program bevat egter voorbeelde en doelwitte wat nie toepaslik is vir tyd arm, laaggeletterde moeders in 'n lae sosio-ekonomiese omgewing nie.

(v) Die National Association for Child Minders (NACA) bied opleiding aan wat bestaan uit stimulasie aktiwiteite soos storievertelling, sing, dans, uitstappies en voeding. Verrykingswerkswinkels sluit bestuurs- en administratiewe vaardighede soos gelde en kosteberaming in. (Biersteker, 2007:43)

(vi) 'n Vereniging vir Christelike Barmhartigheid (BADISA) bied in samewerking met die Departement van Gesondheid in die Overberg onder andere kort driedagkursusse aan. Gedurende Junie 2008 is daar ongepubliseerde inligtingstukke in Afrikaans aan die kursusgangers beskikbaar

gestel oor die volgende onderwerpe: Die algemene ontwikkeling van die kleuters en die impak wat dit op die kind se toekoms het; belangrike mylpale vir taalverwerwing; geskikte speelgoed en aktiwiteite vir verskillende ouderdomsgroepe en die waarde daarvan; emosionele intelligensie; wenke by die aanbieding van temas en die gebruik van musiek. Die inligting is deur arbeidsterapeute saamgestel vir algemene werkswinkels, wat nie noodwendig fokus op die opvoedingsomgewing van die landelike kleuters nie. Nêrens word taalontwikkeling as die uiteindelijke doelstelling genoem, of aan die versorgers verduidelik hoe om die aktiwiteite in te span om doelgerig taal te stimuleer nie.

(vii) *Kleuters wat God beleef* (Knouwds, 2003), 'n interaktiewe opleidingsprogram vir volwassenes wat in kerke en in skole met kleuters werk, bestaan uit drie video's en 'n lêer met maklik verstaanbare lesmateriaal. Die video's gee inligting oor: twee kleuterlesse; kenmerke van 'n kleuterkerkleier en poppekasopleiding, en kenmerke van kleutertekentegnieke. Dit bied nie basiese vaardighede vir laaggeletterde versorgers nie. Die belangrikheid van die stimulasie van geletterdheid word wel aangeraak deur middel van geleenthede vir deelname en die beklemtoning van die waarde van goeie rolmodelle ten opsigte van taalgebruik en uitbreiding van woordeskat.

(viii) Boland Kollege vir Verdere Opvoeding en Opleiding (FET) in die Paarl bied 'n verskeidenheid van kursusse vir versorgers aan. Sommige van die kursusse kan gevolg word deur persone sonder spesifieke kwalifikasies. Dié baie kompakte kursusse behels hoofsaaklik die totale ontwikkeling van die kleuter. Die inhoud van die leerstof beslaan ook die aanbieding van sang en stories, maar daar word nie aandag gegee aan die kommunikasievaardighede van die versorgers self nie.

(ix) Die 'National Religious Leaders Forum, National Department of Social Development en UNICEF training of Trainer on the National Parenting Programmes' het gedurende November 2008, 'n vyfdag-opleidingskursus aangebied vir leiers om hulle toe te rus om primêre-versorgers in hul omgewing op te lei. 'n Opleidingspakket is ontwikkel om opleiers toe te rus om ouers/versorgers op te lei wat babas en jong kinders van geboorte tot vyf jaar, versorg.

Die Inhoudsopgawe som die onderwerpe van die elf sessies as volg op: 'n Kursus-beskrywing; Gesondheid en Voeding; Spel en kreatiwiteit; Fisieke ontwikkeling; Sosiale en emosionele ontwikkeling en die bou van selfvertroue; Intelligensie en taalontwikkeling; Kinderveiligheid en beskerming; Gesonde gesinsverhoudinge; Positiewe dissipline; Verlies en die rouproses; Ek, die ouer/versorger.

Elke sessie bevat die volgende komponente:

- 'n Handleiding;
- Agtergrond dokumente wat belangrike inligting bevat, wat dien as begroning vir die opleidingsgids;

- Uitdeelstukke vir die gebruik van deelnemers, wat in Engels beskikbaar, as ondersteuningsmateriaal;
- 'n Lys van verwysings;
- 'n PowerPoint aanbieding.

Die opleidingspakket is ontwerp om op 'n buigbare manier aangebied te word, met een lang opleidingsessie of verspreid oor 'n tydperk. Elke sessie duur ongeveer drie uur en opleiers word aangemoedig om die opleidingsmateriaal aan te pas vir plaaslike omstandighede. Die program is uitgetoets in 'n verskeidenheid van omstandighede voordat dit gefinaliseer is.

Die opleidingspakket bied 'n brug tussen die 'Community Component of the Integrated Management of Childhood Illness Strategy (IMCI) and the Key Family Practices (KFP)' soos gepubliseer en bevorder deur die Departement van Gesondheid. (Haines, Ed. 2008:2-3).

Tydens sessie ses, word die leeruitkoms gestel vir intelligensie- en taal-ontwikkeling. Dit lui: "Describe how to guide language development and early literacy in their babies and young children." (Haines, 2008:121). Die aktiwiteite vir die stimulasie van taalontwikkeling is volledig beskryf en al die fasette word binne drie uur aangebied.

(x) SmartBrain Kinderontwikkeling Instituut se wetenskapliknavorste opleidingsbenadering het onder die navorser se aandag gekom. Die belangrikheid van die eerste lewensjare ten opsigte van breinontwikkeling en lees word goed hierin verduidelik.

In die handboek vir kursusgangers word die konsepte "Whole-Brain Development" en "Neural Highway Programming" (NHP) aangedui as die vertrekpunt vir hul opleidingsbenadering. (SmartBrain:5) Alhoewel die kusus geskryf is vir persone op 'n hoogsgevoelvlak, word feite oor die brein en die vorming van biochemiese elektromagnetiese "paaie" op 'n nie-hoogdrawende, verstaanbare wyse verduidelik. (SmartBrain:7)

Die gebrek aan stimulasie vanaf geboorte word beklemtoon as een van die oorsake vir leesprobleme omdat dit tyd neem om 'n grondslag vir leer te lê (SmartBrain : 20). Genesee van McGill Universiteit se navorsing oor breinontwikkeling word aangehaal waarin hy sê dat tyd nodig is om nuwe neurologiese netwerke en verbindings tussen netwerke te vorm. Navorsing wat deur dr. Burton White by Harvard Universiteit gedoen is, het nuwe insig aan die navorsers van SmartBrain gebied:

- Die oorsprong van alle menslike vermoëns kan teruggespoor word na 'n kritiese periode tussen 8 en 18 maande. Hierdie periode beïnvloed die kind se toekomstige vermoë meer as enige tyd voor of na hierdie tydperk. Fowler het, deur sy navorsing op vroeë leesaktiwiteite, toegevoeg dat lees 'n natuurlike, gelukkige gebeurtenis is as dit bekend gestel word gedurende

die vroegste tydperk van die kind se lewe. 'What we do at six years of age may be remedial reading.' (Clark: 1983:79)

- Die belangrikste faktor in die lewe van die kind is die moeder, wat die sentrum van sy vroeë stimulasie is. 'n Kind se ore is eerstens ingestel op die hoëfrekwensie, melodiese stem van sy moeder. Die hoeveelheid tyd wat ouers op 'n een-tot-een basis met die kind bestee deur direkte kommunikasie te gebruik, is direk verwant aan 'n verhoging van die kind se verbale intelligensietoetsresultate. (SmartBrain : 20, 21)

Die gebrek aan sensoriese integrasie word aangedui as nog 'n oorsaak vir leesprobleme. Volgens SmartBrain het onlangse bevindinge aangedui dat die gespesialiseerde funksies van die brein nie vasgelê is by geboorte nie, maar dat dit gevorm word deur ervaring en leer. Die brein word vergelyk met 'n rekenaar met ongelooflik gesofistikeerde "hard-wiring", maar geen sagteware nie. Om te funksioneer, moet die sagteware eers gelaai word. Elke individu moet sy eie sagteware ontwikkel om die prosessering van hul breinkrag in te span deur middel van hul sintuie. Hierdie bevindinge het direkte implikasies vir mense wat taal vir ander moet aanleer. Dit is noodsaaklik dat al die sintuie geïntegreer moet word, eers individueel, dan as 'n groot geïntegreerde sisteem. (SmartBrain : 22). Volgens Nobelpryswenner Ornstein en Sperry bestaan die brein uit twee dele en elke hemisfeer het spesifieke funksies. Die linkerbrein is die logiese, analitiese, verbale, ordende, statistiese hemisfeer waar letters, getalle en logika ontstaan. Die regterbrein is die kreatiewe, kunstige, verbeeldingryke, ruimtelike, holistiese, ritmiese, kleur en dimensie georiënteerde kant. Die brein is ontwerp om vanaf geboorte, in spesifieke areas, sekere soorte inligting wat mekaar aanvul, te prosesseer. SmartBrain se tweede beginsel, naamlik Heelbreinontwikkeling, spruit hieruit voort.

Leer in die brein gaan eintlik oor die konneksies binne die brein en die brein en die wêreld daarbuite. Die breinnavorsing van Genesee, soos aangedui in sy werk "Brain Research: Implications for second language Learning," (2000), word aangehaal om die proses van konneksies te verduidelik. Leer-konneksies moet nie net tussen neurone ná aan mekaar gemaak word nie, maar ook wat vêr van mekaar is. Hierdie konneksies gee betekenis aan die klank van 'n woord. Die saamgestelde interkonneksie van neurone wat geaktiveer word deur 'n woord, word 'n neurale netwerk genoem. (SmartBrain:23).

Die opleiding is ontwikkel vir persone wat leiding moet gee aan ouers wat besef dat hulle kinders nie na wense vorder op skool nie. Die 38-uur-kursus word oor 6 dae aangebied en die handboek word slegs beskikbaar gestel aan persone of organisasies wat hierdie opleiding meegemaak het en die opleidingspakket aangekoop het. Die fasiliteerder met wie die navorsers kontak gehad het, het onderwysopleiding.

(xi) Die stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) fokus op gemeenskapsontwikkeling en taalbemagtiging. (SBA crheede@media24.com) Een van die opleidingsprogramme wat tans in

Wellington gebruik word, word een maal per week as 'n kursus oor die verloop van 'n paar maande aangebied. Dit is spesifiek gerig op die opleiding van 'au pairs' en enige persoon kan dit kosteloos bywoon.

Die inhoud bestaan uit 7 modules wat die volgende insluit:

- Die rolle en verantwoordelikhede van die au pair;
- Skedulering van huishoudelike aktiwiteite en roetines;
- Beplan strategieë om die gesin se veiligheid en sekuriteit te verseker;
- Samestelling van spyskaarte;
- Algemene kindersiektes en minder ernstige mediese noodgevalle;
- Binnemuurse en buitemuurse aktiwiteite vir verskillende ouderdomsgroepe;
- Basiese veiligheidsbeginsels, kinders se higiëne en kleredrag.

Tydens die module oor binnemuurse en buitemuurse aktiwiteite vir verskillende ouderdomsgroepe, word daar aandag gegee aan wat spel is en waarom dit belangrik is, die invloed van spel op die kind se ontwikkeling, en taalontwikkeling deur spel. (SBA: 85-86) Aan die einde van elke module word selfassessering gedoen.

2.5.1 BEOORDELING VAN DIE OPLEIDINGSPROGRAMME

Die leemtes wat volgens die navorser in hierdie opleidingsprogramme bestaan, word as volg opgesom en gebruik as riglyne vir die aksienavorsing:

2.5.1.1 DIE LEEMTES VAN DIE OPLEIDINGSPROGRAMME

- Die opleidingsprogramme fokus nie op die taalontwikkeling van die geboorte tot 4 jarige kleuter nie. Die navorser veronderstel dus dat dit nie erken word as 'n belangrike strategie vir die omkering van ongeletterdheid en die armoedesiklus nie. SmartBrein (x) fokus egter op al die ouderdomsgroepe, en spesifiek op geletterdheidsontwikkeling.
- Slegs die National Parenting Programme (ix) en SmartBrain bied agtergronddokumente wat belangrike inligting bevat vir fasiliteerders, wat dien as basis vir die opleidingsgids en 'n lys van verwysings en uitdeelstukke vir die gebruik van deelnemers. Dit vestig die aandag op hierdie leemte in ander programme.
- Omdat daar van 'n verskeidenheid diensverskaffers en fasiliteerders gebruik gemaak word, is die inhoud uiteenlopend en volg nie op mekaar nie.
- Die opleiding word nie doelgerig aangevul of uitgebrei om die vorige kennis, vaardighede en houdings te versterk nie.

- Daar is gebrekkige motivering van die versorgers om betrokke te raak by die kleuters se taalontwikkeling.
- Faktore wat die emosionele klimaat in die werkplek beïnvloed, soos verhoudings met die werkgewers, ouers en die kleuters, word nie aangeraak nie.
- Dit is nie beplan teen die agtergrond van die fisieke omgewing van die versorgers en hul ondersteuningsraamwerk nie.
- Daar word nie geleentheid geskep vir die inoefening van nuwe vaardighede nie.
- Daar word meestal gefokus op kennis en vaardighede en nie op houdings en waardes nie.
- Daar word nie geleentheid geskep om 'n gedeelde visie tussen die werkgewers, ouers en versorgers te ontwikkel en so verhoudings te bou nie.
- Die Amosopleiding (iv) fokus op houdings en waardes en dus die waarde van verhoudings en die emosionele behoeftes van die kleuters.
- Die stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (xi) fokus daarop om al die opleidingsmateriaal in Afrikaans beskikbaar te stel en die inligting is kompak en goed deurdink. Dit dek 'n wye spektrum, maar nie die kleuter in die lae-ekonomiese groep se taalontwikkeling nie.

2.5.1.2 DIE OPLEIDINGSMATERIAAL

- Die meeste handleidings is nie beplan teen die agtergrond van die versorger se geletterdheidsvlak nie, of is minder toeganklik om agterna onafhanklik te gebruik omdat dit net in 'n tweede taal beskikbaar is.
- Dit bevat geen opleiding in die vaardighede om bronne doelgerig in 'n arm landelike omgewing te gebruik nie.
- 'n Opvolgdienst om vordering en probleme te monitor, deur besoeke en die verskaffing van apparaat om die leeromgewing te verryk, word slegs deur Grassroots (iii) gedoen.

2.5.1.3 METODE VAN OPLEIDING

- Behalwe vir SmartBrein (x) en die National Parenting Programme (ix) kon die metode van opleiding slegs uit die inhoud van die deelnemers se notas afgelei word. Die navorser is oortuig dat die metode van opleiding deurslaggewend vir hierdie opleiding en navorsing sal wees. Omdat die ander opleidingsprogramme geen hulp kon verskaf nie, sal die navorser dus daarop konsentreer om 'n metode vir die opleiding van laaggeletterde versorgers te ontwikkel.

2.6 HOEKOM VERSORGERS OPGELEI MOET WORD OM TAALSTIMULASIE TE DOEN.

Omdat die kleuters vir so 'n groot deel van die dag in die sorg van die versorgers is en nie in hulle eie huis nie, moet die faktore wat taalontwikkeling beïnvloed by die crèche nagestreef word.

2.6.1 DIE ROL VAN DIE VERSORGER IN DIE LEWE VAN DIE KLEUTER TEN OPSIGTE VAN TAALONTWIKKELING.

Emosioneel-sosiaal: ‘n Kinderopvoeder is nie noodwendig’n taalspesialis nie, maar dit is belangrik dat sy lief is vir kinders en met hulle bevriend kan raak. In ‘n artikel in *Young Children* sê Greenberg (1998:73) dat opvoeders geneig is om die emosionele behoeftes van kinders te vermy. Interpersoonlike verhoudings beïnvloed kinders se emosionele lewe, daarom het dit ‘n uitwerking op hulle gedrag en hulle vermoë om te leer. Haar aanname bevestig dus Valsiner & Connolly se navorsing oor ouer-baba verhoudings en die kwaliteit daarvan. Die gereelde mate waartoe die kind positiewe of negatiewe emosies ervaar, bepaal hoe hy die interaksie van ander mense beleef. (Valsiner & Connolly, 2003:195)

In hoofstuk 1 is volledig verwys na die invloed van Valsiner & Connolly, (2003:194) se werk op die navorser ten opsigte van insig oor die jong kind se vermoë om verhoudinge te vestig, te onderhou en te herorganiseer. Die verhouding tussen die een wat opvoed of onderrig en die een wat leer kan dus gesien word as nog ‘n voorbeeld van die emosionele klimaat wat die skep van betekenis beïnvloed (Valsiner & Connolly, 2003:196). Ostrotsky (2006:173) onderskryf hierdie stelling deur dit meer spesifiek te stel, naamlik dat die sukses van taalontwikkeling bepaal word deur die emosionele band tussen die kind en die persoon by wie hy taal aanleer.

‘n Versorger wat liefdevol is en omgee, kan help om ‘n merkwaardige omkering teweeg te bring. Deur die kind goed oor homself te laat voel, sal sy samewerking verkry word. Freud en ander ontwikkelingsielkundiges na hom, beaam die vormende invloed wat ‘n kind se emosionele ervarings in die eerste vyf jaar van sy lewe het. Sy fisiese, sosiale en intellektuele swaarkry sal daarom ‘n invloed hê op sy vermoë om te leer. Greenberg sê ook dat die essensies van gesonde ontwikkeling goeie huislike omstandighede is, met ouers wat goed oor die weg kom en liefde en aandag aan die kind gee Greenberg (1998:73-75). “A child who lacks a fairly consistently understanding adult with the wherewithal to care for his basic needs, feels anxiety or anger or both, doubts himself, and is prevented by confusing, conflicting emotions and low self esteem from engaging vigorously in learning.” (Greenberg, 1998:78)

‘n Volwassene wat ‘n goeie verhouding met die kind het, bemoedigend met hom gesels oor wat hy doen, dink en voel, sal dus sy taalontwikkeling ondersteun deurdat hy toeneem in selfvertroue en onafhanklikheid.

2.7 BEGINSELS EN STRATEGIEË WAT IN AG GENEEM MOET WORD OM 'N EFFEKTIEWE OPLEIDINGSPROGRAM DAAR TE STEL

Vogens Eve Clark, (2003:6-8) vind taalverwerwing plaas midde-in gesprekke. Kinders en volwassenes praat met mekaar; volwassenes verwag van kinders om te reageer op vrae en opmerkings en om aanduidings te gee oor waarin hulle geïnteresseerd is en hulle behoeftes en begeertes. Clark sê dat gebare, oogkontak, liggaamshouding, gesigsuitdrukking en stemkwaliteit, deel is van kommunikasie en dat kleuters in die vroeë taalstadium baie staat maak op nieverbale taal om betekenis te gee aan dit wat hulle hoor en wat hulle self wil oordra. (Clark, 2003)

2.7.1 DIE FUNKSIES VAN TAAL

Om sewe basiese funksies van taal te beskryf, haal Richgels (2004: 474) Halliday aan: Taal word gebruik om behoeftes uit te druk, om ander se gedrag te beheer, vir interaksie, om gevoelens en opinies uit te druk, om uiting aan verbeelding te gee, om vrae te stel en inligting oor te dra.

De Witt en Booyen (2007:96) haal Spodek (1978:75); Van Duinen (1982:225); Du Toit en Kruger (1991:42) aan: "Dit is slegs deur taal dat kommunikasie moontlik is. Sonder taal en die begrippe wat aan die wêreld rondom die mens geheg word, sal kommunikasie nie moontlik wees nie."

Die erkende opvoedkundige, Tony Buzan, word aangehaal: "Vocabulary, is singly, the most important factor in the raising of human intelligence." Die onvermoë om die betekenis van woorde te leer, dra later daartoe by dat nie verstaan word wat wel gelees kan word nie. (SmartBrain:18)

Die aanleer van woordeskat is een rede waarom verbale kommunikasievaardighede aangeleer en ontwikkel moet word. Lees en skryf vloei hieruit voort en is afhanklik van 'n goeie woordeskat, en strukturele taal- en denkvorme. Dit is die tyd voor formele leesonderrig begin en waar kinders konsepte bou in verband met lees. Wanneer kinders mondelinge taal ontwikkel, gebeur daar meer as net om te leer praat. Hulle is alreeds besig om te werk aan 'n grondslag vir latere lees- en skryfprosesse, daarom is dit toepaslik om hulle te voorsien van 'n ryke verskeidenheid van informele "lees" en "skryf" geleenthede, soos die hantering van ouderdomstoepaslike boeke en skryfinstrumente. (Barchers 1998:65)

2.7.2 DIE FAKTORE WAT TAALONTWIKKELING BEÏNVLOED

Wetenskaplikes soos J.B. Watson, Bereiter en Engelman (De Witt en Booyen, 2007:5) sê dat menslike ontwikkeling direk toegeskryf kan word aan aangeleerde gedrag. Ervaring en die invloed van eksterne stimuli is die komponente wat menslike ontwikkeling bepaal. Volgens hierdie teorieë is

kindertaal byvoorbeeld nie afhanklik van oorgeërfde vermoëns nie, maar word dit aangeleer deur die verwagtings van die gemeenskap dat die kind moet praat, die voorbeeld wat gestel word en die goedkeuring of vergoeding wat ontvang word as daar aan die verwagtinge voldoen word.

Daar is 'n verskeidenheid faktore wat 'n invloed uitoefen op die verwerwing van en ontwikkeling van taal. Volgens Louw et al. (1998 : 260-266) en De Witt en Booyen (2007:103) en Clark (1992 : 97-100), moet die volgende faktore in aanmerking geneem word:

Milieu: Die kleuter groei op in 'n milieu waar die taal en dus die gedagterewêreld van die mense om hom en hul beskouing daarvan, deel word van sy eie belewing. (Engelbrecht et al., 1982:137).

Die opvoedingsituasie. Die wyse waarop ouers met hulle kinders kommunikeer, oefen 'n invloed uit op die taalverwerwing van die kind. Indien die verhouding nie na wense is nie, kan dit die kind se verwerwing van taal beïnvloed.

Opvoedingsmetodes: Sommige opvoeders is meer voorskrywend en minder verduidelikend as ander wanneer hulle met hulle kinders kommunikeer. Indien 'n ouer te voorskrywend is, is daar te min geleentheid vir die kind om vrae te stel of eie inisiatief te openbaar.

Sosio-ekonomiese status: Moeders uit die laer sosio-ekonomiese groep is geneig om hulle kinders minder te help en te ondersteun. Hulle is geneig om meer voorskrywend en gebiedend te kommunikeer. Daarom leer die kinders op 'n later ouderdom praat.

'n Goeie model: Die opvoeder se voorbeeld ten opsigte van uitspraak en taalgebruik moet navolgenswaardig wees.

Ervaring: Die kleuter moet die geleentheid kry om taal te beoefen, anders verloor hy belangstelling in die gebruik daarvan.

Fisiese faktore:

- Ryping van die brein en aanverwante neurologiese sisteme, veral die assosiasie-areas tussen die ouderdom van een jaar en agtien maande, is 'n voorwaarde vir die taal- en spraakontwikkeling. Die ontwikkeling van die senuweebane is verantwoordelik vir spraak en die verband tussen motoriese ontwikkeling en spraak kan nie uitgesluit word nie omdat spraakontwikkeling afhanklik is van die spierbeheer van die spraakorgane.
- Die fisiese toestand van die kleuter speel ook 'n groot rol in die aanleer van spraak omdat die kind wat swak gesondheid geniet en gebrek ly aan die nodige voedingstowwe, min motivering het om te leer praat.

Psigiese gereedheid: Bogenoemde bepaal die totale psigiese toestand van die kind sodat daar voldoen kan word aan die eise wat die verwerwing van 'n taalsisteem vra.

Kontak met ander kinders: Die begeerte om deur hul portuurgroep aanvaar te word, én om met hulle te kommunikeer, is dikwels 'n groot motivering vir 'n kind om te leer praat.

Een van die grootste faktore wat volgens die navorser 'n invloed het op die kleuter van die werkende ouer, is juis dat die verantwoordelikheid van die ouer as die volwassene wat die kleuter begelei in die aanleer van taal, verskuif het na die versorger.

2.7.3 DIE VOORWAARDES VIR LEER

Barchers (1998:66) haal sewe voorwaardes aan vir die aanleer van taal volgens 'n Australiese navorser Cambourne, wat beskou word as intiem verbind met die omgewing:

- **“Immersion”:** Dit impliseer dat die jong kind oorspoel, deurdrenk en deurweek moet word met taal. In die ideale omgewing omring die volwassenes en ander familielede 'n kind met taal en demonstreer daaglik die funksies van taal, deur byvoorbeeld inkopielyste saam te stel, te help met voedselvoorbereiding volgens 'n resep, kalenders te raadpleeg en kennisgewings van die skool of kerk te lees en antwoordstrokie in te vul.
- **Demonstrasie:** Ouers modelleer wat geleer moet word (leef dit voor), soos byvoorbeeld: gesprekvoering, vraagstelling, gee van opdragte, deel van emosies en die stel van versoeke.
- **Verwagtinge:** Ouers neem aan en verwag dat die kinders wel kan leer.
- **Verantwoordelikheid:** Die kind moet eienaarskap neem vir sy leer deur taal te gebruik en deur middel van die kindervraag.
- **“Approximation” (aanmoediging):** Die jong kind se eerste pogings om te praat, word versterk deur die ouers se aanvaarding dat die klankies werklike woorde soos “ma” of “da” is. Die kind se pogings word bevestig deur sy ouers/versorger se aanmoediging, wat hy as sukses belewe. Dit word beskou as 'n belangrike stap op die pad van bemeestering.
- **Gebruik/ervaring:** Die jong kind het geleenthede en baie tyd nodig om taal te gebruik sodat hulle vaardighede geslyp en uitgebrei kan word.
- **Reaksie:** Die volwassene reageer elke keer op die pogings van die kleuter deur terugvoering. Dit word gekenmerk deur die woordjie, byvoorbeeld: “hond”, aan te vul met “ja, die hond is groot” of “watter kleur is die hond?” (Barchers, 1998:66)

Clark (1992:33) noem dat interaksie die behoefte vervul aan 'n “responsive learning environment”.

2.7.4 BASIESE TAALVAARDIGHED WAT DEUR DIE KLEUTER BAASGERAAK MOET WORD

Luistertaal

Die kleuter moet:

- spraakklanke en klanke wat hy in die algemeen hoor, verstaan;
- die betekenis van abstrakte of konkrete woorde begryp;
- die sintaktiese struktuur in sinne begryp;
- verbale opdragte kan uitvoer en die vermoë hê om uiteindelik krities te kan luister en 'n oordeel te vorm. (De Witt en Booysen, 1994:102)

Gesproke taal

Basiese vaardighede wat as belangrik geag word, word ook deur die navorser aangehaal uit die werk van De Witt & Booysen. (1994:102,103)

- Die kleuter moet daartoe in staat gestel word betekenisvolle ervarings op te doen wat hom sal help om betekenis aan woorde te gee en dit vas te lê;
- hy moet verskillende spraakklanke kan voortbring en daarom moet die tong, lippe, tande en verhemelte fisies daartoe in staat wees;
- hy moet woorde en sinne kan formuleer;
- hy moet korrekte grammatikale en sintaktiese patrone in sy taal ontwikkel;
- hy moet genoegsame gesproke woordeskat ontwikkel.

2.8 STRATEGIEË VIR TAALSTIMULASIE.

Brain Cambourne (Barchers, 1998:66) sê dat kleuters deurdrenk moet word met taal, wat impliseer dat taal elke dag doelbewus as vertrekpunt gebruik moet word sodat die kleuter die elemente van taal sal absorbeer soos 'n spons.

2.8.1 DIE WAARDE VAN SPEL

“To the young child, play is life itself. Play fills the mind, body, mentality, emotionality, and physical being. A child engrossed in play is inventive, free, and happy. Through the variety and depth of play, the child learns and grows. It is serious business; it is his world.” (Catron en Allen, 1993:19).

Die waarde van spel bestaan dus uit die realiteit dat dit 'n belangrike invloed het op die kind se ontwikkeling en die basis vorm vir so te sê alles wat hy in sy voorskoolse jare leer. Kinderspel kan

gesien word as die manier waarop die kind homself en sy wêreld leer ken. (De Witt & Booysen, 2007:122)

Volgens Catron & Allen (1993:23), is spel 'n waardevolle hulpmiddel om taal aan te leer. Kinders ontwikkel hulle woordeskat en verbeter hulle taalbegrip en uitdrukkingsvermoë deur interaksie met ander kinders en volwassenes in spontane speelsituasies. Verbeeldingspel fasiliteer die ontwikkeling van baie taalvaardighede deur 'n natuurlike omgewing te skep wat bevorderlik is om gedagtes, emosies en nuwe idees uit te druk.

Daar word tussen verskillende tipes spel onderskei, naamlik:

- die onbetrokke spel van klein babas, selfs sonder 'n speelding;
- alleenspel, met speelgoed, maar sonder aandag aan ander kinders;
- toeskouerspel, sonder om self deel te neem, maar met interaksie deur vrae en voorstelle;
- parallellespel, waar kinders langs mekaar met dieselfde speelgoed speel, maar nie met mekaar nie (dit domineer die spel van die tweejarige en jong driejarige);
- assosiatiewe spel, waar die kleuter met 'n ander kind kommunikeer en speelgoed uitruil, maar hulle speel op hulle eie omdat hulle geen gesamentlike doel nastreef nie en elkeen doen wat hy wil;
- koöperatiewe spel, waar die kind in 'n groep speel, wat georganiseer is om 'n doelwit te bereik. (Catron & Allen, 1993:23)

2.8.1.1 Tipes spel wat spesifiek taalontwikkeling in die hand werk

- “Rituele spel, is die genotvolle en spontane herhaling van klanke of woorde op ritmiese wyse, met gepaardgaande oordrewe intonasies en liggaamsbewegings” (De Witt & Booysen, 2007:125).
- Taalspeletjies word veral deur die ouer kleuters geniet. Hulle dink rym- en onsinwoorde uit wat uiteindelik lei tot speletjies onder mekaar.
- Fantasiespel is 'n ryk geleentheid vir die aanleer van woordeskat terwyl die kleuter verskillende rolle uitleef. Indien die omgewing verryk word met 'n verskeidenheid van aparate, kan ondersoekend gespeel word, wat ook kan lei tot die ontwikkeling van nuwe vaardighede (De Witt & Booysen, 2007:126). Fantasiespel bevorder denke omdat al die funksies van taal geoefen word terwyl die bekende as verwysingsraamwerk gebruik word en die onbekende ontdek word. Nuwe idees en bekende rolle kan uitgetoets word deur te eksperimenteer met taal, terwyl uiting gegee word aan die verbeelding (Clark, 2003:9-11).

2.8.2 STORIEVERTELLING

Storievertelling kan geleentheid skep om praatervarings te verleng omdat die verloop van die verhaal hulle gedagtes sal stuur. Volgens Richgels (2004 : 476) het Jordan, Snow & Porche (2000) die EASE projek beskryf waarby ouers en kinders vir vyf maande betrokke was. Temas wat ondersteun is deur middel van storieboeke, is by die skool en tuis gevolg. Kinders wat by aanvanklike toetsing taalkundig laag presteer het, het die meeste gevorder.

Die navorsers se redenasie is dat “woordeskatkennis, storiebegrip, en storievolgorde die presiese taalvaardighede is wat die sterkste verband hou met die verwerwing van geletterdheidsvaardighede.” Die sukses van hierdie intervensiemetode bevestig die relevansie tot verbeterde leesuitkomstes. Navorsing toon dat jong kinders wat deelneem aan gesprekke, en vir wie gereeld voorgelees word, wat boeke by hulle huise het, en bewustheid van skrif ontwikkel, ‘n voorsprong het met die aanleer van geletterdheid by skooltoetreding. (Lyster & Rule, www.reading.org & www.famil.org)

Die waarde van die verhaal word deur ‘n hele aantal skrywers aangehaal om ‘n verskeidenheid van redes. Justice & Walpole (2005:17-32) het in hulle navorsing met kinders wat taalagterstande het, bevind dat die blootstelling aan nuwe woordeskate deur die herhaalde lees van storieboeke, die aanleer van woorde beïnvloed, en die uitbreiding van volwassenes op die woorde woordeskategroei kan versnel. Daar is bevind dat kinders met die kleinste woordeskate agterstande ingehaal het, en die meeste groei getoon het.

Storievertelling bevorder beskrywende taalgebruik, nuwe woordeskate, komplekse taalgebruik en inspireer kinders om die voorbeeld wat hulle ervaar het, na te boots. Hierdie eienskappe van die verhaal bied dus ‘n uitstekende tegniek wat ‘n stewige grondslag vir geletterdheid vestig.

Deur storievertelling op te volg met ‘n bespreking, leer die kinders om hulle eie idees en ervarings uit te druk en ook te luister na wat ander te sê het. Kinders leer nuwe woordeskate en korrekte taalgebruik deur oorvertelling van dieselfde storie. Dit bied die geleentheid om die verhaal te herleef en hulle begrip te verfyn. Elke hervertelling laat die kinders toe om meer bekend te raak met die storie wat meer geleentheid bied vir hulle deelname tydens die ervaring. (Raines & Isbell 1994:27)

Die storieverteller se taalgebruik en die storie moedig die kind aan om met die storie te vereenselwig en te verbind met hulle eie taal en ervarings wat die onderwyseres bied. (Raines & Isbell, 1994:27)

2.8.4 DIE WAARDE VAN MUSIEK

As 'n metode om taalontwikkeling te stimuleer word musiek hoog aangeskryf, veral in Finland. In die Child Education (2004:14), word daar geskryf dat die eerste drie jaar van “skool” bestee word aan voorbereidende luister, taal, sang en dans. Daarna leer die meeste leerders binne 'n kwartaal om te lees en skryf. Daar word ook in hierdie artikel verwys na die ontwikkeling van ritme, luistervaardighede, gesproke taalvaardighede en ouditiewe geheue as krities vir die aanleer van taal. Bayley, (2004:16) sê dat ritmiese patrone noodsaaklik is vir die aanleer van klanke en die ritmiese patroon van veral geskrewe taal, om punktuasie te verstaan, en om met begrip en gevoel te kan lees. Musikale aktiwiteite ontwikkel belangrike luistervaardighede en ook aandagspan. Sang help om jong kinders se uitspraak op 'n genotvolle wyse te verfyn. Dit dra by tot stembeheer, bekendstelling van toonhoogte, volume en subtiliteite. Sang is 'n uitstekende manier om nuwe woordeskat aan te leer en vas te lê. Ouditiewe geheue is van die uiterste belang. Om klanke in volgorde te onthou, maak deel van alle musiekaktiwiteite uit.

'n Gelykmatige ritme lê die grondslag vir die vermoë om taalpatrone aan te leer, en dit is werklik belangrik omdat, indien kinders dit nie kan doen nie, dit moeilik is om effektief taal te leer lees en skryf. Deur die speel van eenvoudige speletjies kan hulle geleer word om die sterk ritme in spraak en musiek te voel. Om te klap, stap of hulle voete te stamp saam met die ritme van die musiek of woorde, sal 'n goeie aktiwiteit wees. Om te “rap” gee die kleuters die geleentheid om die musikaliteit van taal te ontdek. (Bayley, 2004:16)

2.8.5 DIE WAARDE VAN KOMMUNIKASIE

Dit is essensieel dat die versorger en die kleuter deurlopend met mekaar kommunikeer, want hulle sal mekaar beter leer ken en die onderwerpe waaroor hulle kan gesels, uitbrei. (Engelbrecht, 1997 : 83)

2.8.5.1 ASPEKTE WAT KOMMUNIKASIE BEÏNVLOED

Die versorger se selfbeeld beïnvloed haar respons tydens kommunikasie met ander (Engelbrecht, 1997 : 83-85). Of die versorger werklik 'n goeie luisteraar is, het 'n groot invloed op die mate waarin sy aan die kleuter hulp kan verleen ten opsigte van taalontwikkeling. Om die kleuter aan te moedig om te praat, moet hy die versekering hê dat hy gehoor word. Die manier waarop die versorger haar op die kind toespits en instel, sal toon dat sy werklik aandag gee.

Verskillende tipes nieverbale kommunikasie kan kleuters aanmoedig tot aktiewe deelname aan hul taalontwikkeling. Nieverbale kommunikasie sluit meer as net gewone liggaamstaal in. Gesigsuitdrukking, gebare, postuur, ruimte, aanraking, voorkoms, stilte, liggaamsreuk en omgewing

kan sowel positiewe as negatiewe boodskappe uitstuur. Kleuters sal aan gesprekke deelneem indien hulle nie bevrees is nie. Hulle sal dus eerder praat met en luister na iemand waarvan hulle hou, respekteer, bewonder, vertrou en graag wil nastrewe. Negatiewe liggaamstaal kan 'n kommunikasiehindernis wees. (Engelbrecht, 1997: 83-85)

2.8.5.2 BEGINSELS VIR PRAAT EN LUISTER

Daar moet doelgerig geleentheid geskep word om te praat en te luister, soos: deurlopende kommunikasie met die versorger en met mekaar; vraagstelling (die kindervraag) om duidelikheid te kry oor nuwe inligting; verduideliking; deel van gevoelens; inligting oordra; humor en drome. Taal moet 'opgevoer' word, byvoorbeeld gediggies opsê en dramatisering. (Temple & Gillet, 1996 : 22)

2.8.6 BETEKENISVOLLE ERVARINGS

Volgens Isbell, (2002:26) is jong kinders aktiewe deelnemers aan die bou van taal en geletterheidsvaardighede. Hulle leer taal terwyl hulle saam met ander kinders en volwassenes deelneem aan betekenisvolle ervarings tydens die dagprogram en uitstappies. Skeppende aktiwiteite, soos, verf, teken, twee- en driedimensionele plakwerk en kleispiel, maak deel van hierdie dagprogram uit, veral vir die ouer kleuters.

Navorsing oor die invloed van die omgewing op kinders se taalontwikkeling het bevind dat die vroegste woordeskat bestaan uit woorde wat voorwerpe, en die aksies van mense in die kind se onmiddellike omgewing, verteenwoordig (Catron & Allen, 1993: 207)

Indien die versorgers ervarings beskryf en vrae stel wat sy soms self beantwoord, word die kleuters wat nog nie kan praat nie, blootgestel aan taalgebruik. Kleuters sal meer geneig wees om betrokke te raak by taal indien hulle glo dat iemand na hulle luister deur te reageer op dit wat hulle probeer sê. (Isbell, 2000: 26)

Kleuters leer taal terwyl hulle deelneem aan die daaglikse roetine soos eet en speel, indien die volwassene die voorbeeld stel. Hulle leer om nuwe woordeskat te gebruik indien hulle ná uitstappies geleentheid kry om te gesels oor hulle ervarings. (Barches,1998: 65)

2.9 DIE OPLEIDINGSBEHOEFTE VAN DIE VERSORGERS WAT DIE METODE VAN OPLEIDING SAL BEPAAL

'n Sekondêre navorsingsvraag handel spesifiek oor watter metodes gebruik sal word om die doeltreffendheid deurlopend te toets. Alhoewel hierdie vraag eers in die aksienavorsing beantwoord sal word, is dit nodig vir die navorser om te wete te kom wat kundiges sê oor opleidingsmetodes en watter faktore 'n rol daarin speel om assesseringstandaarde daar te stel.

2.9.1 STUIKELBLOKKE TOT GELETTERDHEID

Die vraag oor waarom gesinne nie altyd daartoe in staat is om die geletterdheidsondersteuning aan hulle kinders te gee nie, is kompleks. Gesinne is soms gewillig om ondersteuning te verleen, maar hulle beste pogings word beperk deur 'n wye verskeidenheid struikelblokke. Omdat laaggeletterde versorgers eintlik ouers is wat ander se kleuters gedurende die dag versorg, sal dieselfde struikelblokke vir hulle geld. Voorbeelde van sommige van die struikelblokke is: gebrek aan selfvertroue in hulle vermoëns om kinders te help leer; gesondheidsprobleme; lae geletterdheidsvlakke; lae sosio-ekonomiese status; beperkte toegang tot leerbronne soos boeke; verbreking van die gesinstruktuur; sosio-politiese probleme soos geweld en die kultuur en taal van skool en huis wat nie ooreenstem nie. (WKOD, Teaching Assistant Pilot project, 2006: 13)

2.9.2 FAKTORE WAT VOLWASSENES MOTIVEER OM TE LEER.

Volgens Stephan Lieb is daar ses faktore wat as motiveringsbronne dien.

Sosiale verhoudings: Versorgers het die behoefte aan vriendskap, en om saam met mense te wees wat dieselfde belange deel.

Eksterne verwagtinge: om te beantwoord aan die opdrag van 'n werkgewer of iemand met gesag.

Bevordering van die gemeenskap: om hulle gemeenskap beter te dien en hulle belange te bevorder.

Persoonlike vooruitgang: om 'n hoër status in hul werk te kry, wat gepaard gaan met bevordering en salarisverhoging.

Ontsnapping en stimulasie: om verveling te verlig, en 'n verandering in hul daaglikse roetine te bring.

Kognitiewe belang: vir verwerwing van kennis en om nuuskierigheid te bevredig.

2.9.3 SPESIALE BEHOEFTE VAN DIE VOLWASSE LEERDER

Stephen Lieb sê dat dit belangrik vir fasiliteerders van opleidingsprogramme is om te verstaan hoe volwassenes die beste leer omdat die beginsels van volwasse leer daaruit vloei.

Malcom Knowles het karaktereienskappe van die volwasse leerder as volg geïdentifiseer:

- Volwassenes is doelgerig en weet wat hulle wil bereik wanneer hulle vir 'n kursus inskryf.
- Volwassenes moet vry wees om rigting aan hulle eie leer te gee. Baie ruimte word dus gelaat vir die perspektief van die kursusganger en die fasiliteerder moet hulle lei tot nuwe kennis, in plaas van om bloot feite oor te dra.
- Volwassenes het 'n basis van lewenservaring en vorige kennis wat hulle as 'n basis vir nuwe kennis kan gebruik.
- Volwassenes is relevansie-georiënteerd, dus moet daar 'n rede vir hulle studie wees.
- Volwassenes is prakties ingestel en fokus op die aspekte wat vir hulle nuttig sal wees in hulle werk.

2.9.4 KWALITEITE VAN DIE IDEALE VERSORGER

Om die eiewaarde en selfbeeld van die versorger te ontwikkel, word daar gekyk na die persoonlike kwaliteite van 'n persoon wat sukses met jong kinders ervaar. Feeney (1996: 8,9) som dit as volg op: 'n positiewe uitkyk; energie; fisiese krag; 'n sin vir humor; buigbaarheid; selfbegrip; emosionele stabiliteit; emosionele warmte, en sensitiwiteit. Die versorger moet bewus wees van haar eienskappe en hoe dit ander mense affekteer. Sulke bewustheid help mense om bewuste keuses te maak oor hulle gedrag (optrede) en kan hulle help om meer sensitiewe opvoeders te wees. Feeney (1996:9) haal Jersild aan:

To be compassionate, one must be able to accept the impact of any emotion, love, or hate, joy, fear or grief – to tolerate it and harbour it long enough and with sufficient absorption to accept its meaning and to enter into fellowship of feeling with the one who is moved by the emotion. This is the heroic feature of compassion in its fullest development: to be able to face the ravage of rage, the shattering impact of terror, the tenderest prompting of love, and then to embrace these in a larger context, which involves these feelings and an appreciation of what they mean to the one who experiences them.

2.10 DIE ROL VAN DIE NAVORSER

Die hoofverantwoordelikheid van die navorser is om die proses te inisieer en te fasiliteer. As aktiewe deelnemer kan sy 'n ondersteunende rol vervul omdat sy 'n katalisator kan wees in die proses en inisieerder van dialoog (Babby & Mouton, 2001:317).

2.10.1 DIE NAVORSER AS PERSOON

Corey en Corey sê dat die professionele praktyk om groepe te lei afhang van wie die groepleier as persoon is. Die leier (navorsers) se vermoë om soliede verhoudings te vestig met groeplede (deelnemers) is moontlik die belangrikste instrument wat hy of sy het in die fasilitering van die groeiproses. As 'n groepleier bring jy jou persoonlike kwaliteite, waardes, en lewenservaring na die groep. Om groei in deelnemers se lewens te bewerk, is dit nodig dat jy toegewyd is aan refleksie en groei in jou eie lewe. As jy hoop om ander te inspireer om uit 'n groef te kom, moet jy bereid wees om self lewenskragtig te wees. Jy moet bereid wees om jouself in te span om nuut te dink indien jy groeplede wil uitdaag om nuwe betekenis aan hulle eie lewens te gee. Die persoon wat jy is, dien as katalisator om verandering teweeg te bring in die groeplede. (Corey et.al 1997:61)

Tydens die navorsing beoog die navorsers om nuwe vaardighede aan te leer. 'n Verskeidenheid kommunikasietegnieke, leierskaprolle en hulpverleningstegnieke sal beoefen word sodat die data-versameling werklike probleme sal aanroer en praktiese oplossings sal bied.

2.10.1.1 KOMMUNIKASIEGEGNIEKE

Engelbrecht beskryf kommunikasietegnieke wat die navorsers gaan toepas om die deelnemers op hulle eie vlak te bereik. Hy sê onder andere: “Kommunikasie het 'n bepaalde inhoud binne 'n verhouding. Die verhouding tussen mense bepaal wat hulle vir mekaar sê.” (1997:84)

- Deurdat die navorsers gepaste luistergedrag voorleef, word die deelnemers elke oomblik blootgestel aan verbale en nieverbale kommunikasie wat hulle sal inoefen om 'n merkwaardige invloed te hê op die kleuters in hulle sorg.
- Aktiewe luister sal 'n groot invloed hê omdat die deelnemers deurlopend die versekering gegee word dat hulle gehoor word.
- Aandagskenking sal demonstree hoe daar deur middel van liggaamstaal op die persoon wat praat toegespits en ingestel word.
- Die navorsers sal bewus wees van kultuurverskille en die deelnemers se manier om met mekaar te kommunikeer respekteer sonder om haar eie identiteit prys te gee.
- Daar sal gebruik gemaak word van omgewingsmanipulering deur middel van prente, demonstrasies, rolspel en eksperimentering sodat die deelnemers se omgewing positief verander sal word. Nuwe inligting sal daar deur interessant gemaak word en die deelnemers gemotiveer word tot deelname en daartoe sal bydra dat nuwe kennis en vaardighede vasgelê word. (Engelbrecht, 1997:85-87)

2.10.1.2 LEIERSKAPROLLE

Deur die volgende leierskaprolle in gedagte te hou, sal die navorser in staat gestel word om te fokus op die opleidingsbehoefte van die versorgers:

- **Deskundige:** om deskundige inligting en advies geloofwaardig en met gesag te deel met betrokkenes.
- **Fasiliteerder:** om aktiwiteite te stimuleer en hulpbronne te ontwikkel en te kanaliseer.
- **Motiveerder:** om optimisme op te bou en mense se bestaan bevredigend en produktief te maak.
- **Opvoeder:** om toepaslike inligting te voorsien, advies te gee, alternatiewe gedragpatrone en die gevolge daarvan te identifiseer en te demonstreer, en persepsie te verhelder. (Engelbrecht, 1997:156-158)

2.10.1.3 HULPVERLENINGSTEGNIEKE

Hulpverlening word beskou as direkte beïnvloeding om op 'n direkte wyse bepaalde gedrag te bevorder deur die groeplede te beïnvloed oor hoe om op te tree teenoor ander. Die volgende hulpverleningstegniese word gebruik om beplande doelwitte te bereik:

- **Eksperimentering (oefening):** nuwe vaardighede word deur middel van inoefening aangeleer.
- **Vraagstelling:** om kommunikasie aan te moedig met betrekking tot feite en gevoelens deur oop vrae, geslote vrae, gefokuste vrae, peilvrae, direkte en indirekte vrae.
- **Verbalisering ("storytelling"):** om 'n klimaat te skep en versorgers die geleentheid te gee om hulle stories te vertel, ten einde begrip daarvoor te kry.
- **Waarneming:** die fokus op, identifisering en interpretering van die versorgers se houdings, gevoelens, optrede, reaksie en omgewing. (Engelbrecht, 1997:145-151)

2.10.1.4 TOEPASSING VAN WAARDES

Omdat die navorser haar eie voorkeure vir bepaalde optredes het, wat gegrond is op persoonlike oortuigings, wil sy haar vereenselwig met die volgende professionele waardes (Engelbrecht, 1997:59-67):

- Geloof in die moontlikheid van die mens
- Agting vir menswaardigheid
- Nie-veroordeling
- Individualisering
- Selfhelp
- Betrokkenheid by ander
- Ontmoeting op eie vlak

- Vertroulikheid
- Beheerste emosionele betrokkenheid

2.11 OORSIG

- Die literatuurstudie het bestaande opleidingsprogramme ondersoek om vas te stel hoe dit kan beantwoord aan die behoefte om die taalontwikkeling van die kleuter, geboorte tot 4 jaar doelgerig te stimuleer. Dit het gefokus op hoekom die versorger uitgesonder is as die persoon wat taalontwikkeling stimuleer, wat die inhoud behoort te wees en watter metodes gebruik moet word om hulle op te lei.
- Daar is gekyk na reeds bestaande strategieë in die Wes-Kaapse Onderwysdepartement om die lae geletterdheidsvaardighede van die leerders aan te roer, wat eers begin by leerders ouer as vyf jaar.
- Die algemene ontwikkeling van kinders onder vyf jaar is die verantwoordelikheid van die Departemente van Sosiale Ontwikkeling en Gesondheid en die opleiding van versorgers word gedoen deur 'n menigte nie-regeringsorganisasies, gemeenskapsgebaseerde organisasies, en geloofsgebaseerde organisasies met uiteenlopende doelstellings, belange en motivering vir opleiding.
- Opleidingsprogramme fokus hoofsaaklik daarop om versorgers op te lei om om te sien na die fisiese versorging en veiligheid van die kleuters en om aktiwiteite aan te bied vir die algemene ontwikkeling van die kleuter. Alhoewel die opleiding in baie gevalle in die moedertaal aangebied word, is handleidings hoofsaaklik in Engels en nie altyd toepaslik vir die gebruik deur laaggeletterde of ongeletterde versorgers nie. Verdere bestudering van die bronne het getoon dat die meeste opleidingsprogramme taalontwikkeling aanroer, maar nie met die nodige erns nie. Daar word nie aangetoon dat hulle bewus is van die agterstande wat die landelike leerders het nie en dat spesiaal gefokus behoort te word op die rol wat die versorger speel. Die probleem van die afwesige ouer en die belangrikheid van 'n emosionele band tussen die versorger en kleuter, word nie as 'n bepalende faktor beskou nie.
- Die navorser motiveer die redes vir die navorsing deur te verwys na die teorieë oor taalontwikkeling en ook strategieë vir taalstimulasie; die rol van die versorger in die lewe van die kleuter ten opsigte van taalontwikkeling; die faktore wat taalontwikkeling beïnvloed, en die voorwaardes vir leer.
- Agtergrondkennis oor taalontwikkeling word bespreek omdat dit belangrik is om te besin oor die funksies van taal en basiese nieverbale en verbale vaardighede wat die kleuter moet baasraak.
- 'n Verskeidenheid strategieë vir taalstimulasie word ondersoek, soos die waarde van spel; storievertelling/lees; die gebruik van liedjies, rympies en die blootstelling aan boeke; die waarde van musiek; die waarde van kommunikasie ten opsigte van geleenthede om te praat en te luister en die beginsels van praat en luister, en die waarde van betekenisvolle ervarings.

- Die opleidingsbehoefte van die versorgers word ondersoek sodat aandag gegee sal word aan hulle struikelblokke tot geletterdheid, faktore wat hulle sal motiveer om te wil leer; die spesiale behoeftes van die volwasse leerder, en die kwaliteite van die ideale versorger.
- 'n Verskeidenheid van dataversamelingsprosesse word ondersoek. Assessering as 'n proses en produk waarop die opleiding gebaseer word, staan sentraal binne die navorsing. Om aktiewe deelname van die versorgers te verseker, word groepwerk as 'n waardevolle metode ondersoek. Groepwerk sal die werksinkels as die produk van 'n versameling van groepwerkdoelstellings ontwikkel. Onderhoude en sistematiese observasie word ook beskryf as deel van die dataversamelingsproses.

In Hoofstuk 3 word daar uiteengesit hoe die literatuurstudie bygedra het tot die integrasie van nuwe kennis en die vorige ervaring van die navorser om die navorsingsontwerp en metodologie van die opleiding te ontwikkel.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE

3.1 INLEIDING:

In hoofstuk 3 word die navorsingsinstrumente wat gebruik gaan word bespreek en verduidelik. Daar word verwys na sowel die doelstellings en kenmerke van die opleiding as die interaksie van die navorser en die versorgers, en hulle onderskeidelike rolle tydens die proses. Die manier waarop te werk gegaan sal word om die teikengroep te identifiseer, en die kriteria waaraan die deelnemers moet voldoen, word bespreek.

Volle besonderhede oor die dataversamelingsproses sal gegee word ten opsigte van die kenmerke van die opleiding, leeruitkomstes en assesseringstandaarde wat gebruik gaan word om behoeftebepaling te doen, die opleiding te beplan, aan te bied, en die deelnemers en die proses te assesser. Veldnotas sal gebruik word om informele onderhoude en observasies aan te teken wat weer opgesom sal word op observasielyste wat aangeheg is in Bylae 6 tot 10.

Die dataverwerkingsproses en die koderingsproses wat gebruik is, sal beskryf word. Ten laaste word die moontlike beperkinge, leemtes en probleme wat voorsien word, bespreek.

Die navorser wil met nuwe oë haar eie praktyk ondersoek om sodoende oplossings te vind wat bestaande opleiding kan beïnvloed sodat taalontwikkeling gedurende die eerste 4 jaar, doelbewus gestimuleer kan word deur laaggeletterde versorgers. Met behulp van versorgers wat daagliks kleuters versorg in 'n landelike omgewing, wil die navorser nuwe begrip en insig verkry. Gemeenskaplike waardes kan gevind word terwyl 'n veld van kennis gebou word deur bewuswording van die probleem. Die gedeelde veld van kennis sal die somtotaal van akademiese kennis, algemene kennis en wysheid wees..(Babby & Mouton, 2001: 319) Oor 'n tydperk word daar saamgewerk as mede-opvoeders met 'n gemeenskaplike doel. Deur nuwe ervarings moet ons bereid wees om ons houdings, waardes, kennis en vaardighede te laat beïnvloed en ontwikkel op 'n verantwoordelike wyse tot ons eie voordeel en dié van die betrokke gemeenskap.

3.2 ONDERLINGE INTERAKSIE

Die deelnemers en die navorser gaan tydens hierdie studie uittoets wat hulle doen en hōe hulle werk mét en vīr ander kan verbeter, maar elkeen vanuit sy eie perspektief, deur verskillende rolle te vertolk.

3.2.1 DIE ROL VAN DIE DEELNEMERS

Die deelnemers sal bewus gemaak word daarvan dat hulle deelname 'n noodsaaklike deel van die navorsing is en dat alles wat hulle doen en ervaar, waardevolle inligting (data) gee vir die ontplooiing van die navorsing.

Deur middel van refleksie en kritiese denke (Collins, 1998: 58-59) kan die deelnemers probleme wat hulle ervaar formuleer, wat tydens die opleiding, deur besprekings, ontleed sal word en moontlike oplossings uitgetoets word. (Collins, 1998:71-74) Daardeur kan hulle die navorser in staat stel om haar eie praktyk deurlopend te ondersoek en aan te pas. Die insette van die versorgers sal die geloofwaardigheid van die navorsing help bevestig.

Die versorgers word verseker dat, indien hulle bereid is om deur nuwe ervarings hul houdings, waardes, kennis en vaardighede te laat beïnvloed, dit tot hulle eie voordeel sal wees én dié van hulle gemeenskap.

3.2.2 DIE ROL VAN DIE NAVORSER

Daar is grade van deelnemende navorsing wat wissel van “deelnemerbeheer” tot vorms van “konsultasie” en “vennootskap”. Die mate van deelname deur die versorger wat gekies word, affekteer die rol van die navorser. (Babby & Mouton, 2001: 314)

- Die navorser beskou haarself as 'n veranderingsagent wie se vernaamste verantwoordelikheid is om die proses te inisieer en te fasiliteer. Die navorser sal ook 'n ondersteunende rol vervul deur 'n aktiewe deelnemer te wees sodat sy die katalisator kan wees in die proses en die inisieerder van dialoog. (Babby & Mouton 2001:317)
- Die metode van opleiding word beïnvloed deur die navorser se persoonlikheid, waardes en lewenservaring en sal aangevul word deur die toepassing van ervaring en die ontwikkeling van nuwe vaardighede.
- Die navorser is deurlopend bewus van die behoefte aan nuwe kennis oor volwasseopleiding wat kommunikasietegnieke, leierskaprolle en hulpverleningstegnieke insluit. Hierdie vaardighede kan deurslaggewend wees vir die sukses van die opleiding.
- Die navorser sal bewus bly van die belangrikheid van die deelnemers as sy onthou dat die manier waarop sy dink, gevorm is deur haar vorige leer en ervarings, haar beginsels en haar

voorkeure en dat dit nie dieselfde kan wees as dié van die deelnemers nie. (Theron, 2008:247)
Sy moet dus bly vra: wie se realiteit gaan die inhoud en die metode van die opleiding bepaal?

- Tesame met die deelnemers sal daar daarom tydens die aanbieding van werkswinkels gereflekteer word oor waardes omdat mense hulle eie sosiale realiteite skep, wat hulle eie norme en waardes insluit. Mense wat dieselfde sosiale realiteite deel, vorm hulle eie gemeenskap. (Theron, 2008:205) Deur hierdie gesprekvoering tydens werkswinkels en waarneming in die werkplek, kan die navorser die deelnemers se behoeftes leer verstaan.
- Die navorser en die deelnemers kan gedeelde waardes ontdek wat hulle as 'n nuwe eenheid sal saamsnoer omdat hulle 'n gedeelde visie sal hê. Een van die voordele van gesprekvoering is dat persone se houdings geïdentifiseer en beïnvloed kan word en kan verander omdat dialoog aksie-georiënteerd is. (Theron, 2008:207)
- Deur die deelname van die versorgers sal dit vir die navorser moontlik wees om data te analiseer, te verduidelik en te bevestig. Die struikelblokke kan geïdentifiseer word, en in die praktyk hanteer word deur beplande strategieë te ontwikkel en toe te pas.
- Die navorser sal tydens werkswinkels en besoeke aan die werkplek, toepaslike data met die deelnemers deel op 'n eenvoudige, visuele en praktiese wyse. (Babby & Mouton, 2001:331)
- Die navorser sal die sterktes van die deelnemers deurlopend benut omdat sy glo dat laaggeletterde versorgers daartoe in staat is om die kwaliteit van ander se lewens te beïnvloed deur die stimulasie van taalontwikkeling. (Mc Niff, 2002:15-17)
- Die navorsingsmetode streef ook daarna om die verhouding tussen die navorser en die deelnemers te demokratiseer deur die afstand tussen hulle te verminder, sodat hulle as gelykes kan saamwerk en deelnemers van begin tot einde aktief betrokke sal wees. Die werkswyse sal die deelnemers gerespekteerd laat voel sodat hulle selfvertroue sal openbaar om eerlike kritiek oor die navorser se praktyk te gee, dit wat goed is te erken, sodat op die sterktes gebou kan word. (Mc Niff, 2002:15-17)

3.3 DATAVERSAMELING

Die dataversameling sal tydens drie fases gedoen word, naamlik die beplanningsfase, werkfase en afsluitingsfase. Oor 'n tydperk van nege maande sal die navorser data versamel deur middel van onderhoude, sistematiese observasie, opleiding tydens werkswinkels, besoeke aan die werkplek, indiensopleiding en deurlopende assessering. Dit sal opgeteken word deur middel van veldnotas,

observasievorms soos in die Bylae, en foto's. Die navorser sal ook 'n profiel van elke deelnemer saamstel waarby elkeen se evalueringsvorms gebêre sal word.

3.3.1 OPLEIDING AS 'N METODE VIR DATAVERSAMELING

Opleiding moet altyd plaasvind aan die hand van 'n kurrikulum. Die kurrikulummodel wat die opleiding gaan ondersteun is die Kreatiewespeel benadering wat ontwikkel is in 1985 by die Universiteit van Tennessee in Knoxville. Dit is gebaseer op Piaget se teorie van ontwikkeling en 'n konstruktivistiese model van leer. Die manier waarop die versorgers opgelei gaan word, sal dus die manier waarop hulle die kinders gaan benader, voorhou. Dit is 'n spelgebaseerde opleiding wat die belangrikheid van die ontwikkeling van kreatiewe individue en die onderlinge verbondenheid van ontwikkelingsareas erken.

Die kurrikulum fokus op die aanmoediging en ondersteuning van kinders se spel om ontwikkeling op die volgende ses terreine te bevorder, naamlik: persoonlike bewuswording; emosionele welsyn; verstandelike ontwikkeling; kommunikasie; sosialisering, en motoriese ontwikkeling. (Catron & Allen, 1993:10)

Vir die doel van hierdie navorsing word daar gefokus op kommunikasie en taalontwikkeling, wat 'n onderafdeling van verstandelike ontwikkeling is. Die opleiding sal as groepwerksessies aangebied word tydens werksinkels.

3.3.2 GROEPWERK (WERKSWINKELS)

Toseland, et.al (2005:12), beskryf groepwerk as doelgerigte aktiwiteite met klein groepe, wat gemik is op sosio-emosionele behoeftes en taakverrigting. Hierdie aktiwiteit is gerig op individue van 'n groep en die groep as 'n geheel, binne 'n sisteem van dienslewering. Om aktiewe deelname van die versorgers te verseker, word groepwerk as 'n waardevolle metode ondersoek.

Werkswinkels is die aanvaarde praktiese manier om groepwerk te doen, en wat doeltreffend is om meer bronne en insigte vir dataversameling te bied.

3.3.2.1 DIE WAARDE VAN GROEPWERK

Die waarde van groepwerk lê daarin dat dit 'n kragtige gevoel van samehorigheid en aanvaarding vestig binne 'n omgewing waarin deelnemers met mekaar kan identifiseer en mekaar kan ondersteun. Die groepleier (navorsers) en ander groeplede dien as rolmodelle. Die groep is waar hulle veilig voel om vaardighede te oefen voordat hulle dit in die werkplek moet gaan toepas. Nuwe kennis word ook

bevestig omdat, wanneer 'n groep saamstem, dit moeilik is om die akkuraatheid daarvan te betwyfel. Dit is ook makliker om met toewyding aan sekere aspekte van persoonlike groei te werk wanneer dit in groepverband gedoen word. (Toseland, et.al, 2005:17)

Vir die doel van hierdie navorsing word daar beplan om slegs vier van die tipes groepe aan te bied wat as sessies beskryf sal word.

3.3.2.2 DOELSTELLINGS VAN GROEPWERK

- 'n Opvoedkundige groep se doel is om inligting te verskaf oor sekere onderwerpe waarop die groepleier (navorsers) besluit, om groeplede se kennis en vaardighede te verbeter. Die metode moet geleentheid skep vir 'n deurlopende werkswyse waar verhoudings gebou kan word wat sal lei tot opvoeding en onderrig (Mc Niff, 2002:53).
- 'n Besprekingsgroep of selfhelpgroep, fokus op onderwerpe wat ontstaan uit die behoeftes en probleme van die deelnemers. Daar moet dus geleentheid wees vir die uitruiling van kennis, ervaring, die ontdekking van leemtes, die ontwikkeling van nuwe vaardighede en om mekaar te bemoedig en te ondersteun. Deur refleksie kan op nuwe aksies besluit word, wat die deelnemers sal bemagtig om die taalontwikkeling van die kleuters in hulle sorg te stimuleer (Mc Niff, 2002:18-19).
- 'n Groeigroep ontwikkel die groeplede se potensiaal, bewuswording en insig deurdat geleentheid gebied word om meer omtrent hulleself te leer, om persoonlike doelstellings te ondersoek en te ontwikkel, en hulself en ander beter te leer verstaan. Die rol van die navorsers of groepleier is dié van fasiliteerder en rolmodel (Toseland, et.al, 2005:21).
- Die doel van 'n sosialiseringsgroep is om kommunikasie en sosiale vaardighede te vermeerder, om interpersoonlike verhoudings te verbeter deur programaktiwiteite, gestruktureerde oefeninge, rolspel, ensovoorts. Die rol van die navorsers sal wees om die deelnemers aan te moedig om mekaar te leer vertrou, sodat hulle openhartig met mekaar sal wees (Jacobs, 2002:15).

'n Werkswinkel sal dus bestaan uit 'n verskeidenheid van groepwerktipes wat deur die navorsers benut sal word om op te lei en data te versamel.

3.3.3 ONDERHOUDE

Onderhoude is 'n manier om te fokus op die individu om inligting te versamel oor sy intrapersoonlike en interpersoonlike sterk eienskappe en leemte, en ook hoe faktore in sy omgewing hom beïnvloed. (Toseland, et.al, 2005:21)

3.3.4 SISTEMATIESE OBSERVASIE

Deur sistematiese observasie kan die navorser die individu, die groep as geheel en die omgewing assesser sodat dit gebruik kan word vir die ontwikkeling van intervensieplanne wat sal lei tot dataversameling en die oplossing van die probleem. (Toseland, et.al, 2005:21) Assesseringstandaarde is dus noodsaaklik.

3.3.5 ASSESSERING

Die effektiwiteit van die opleidingsprogram word gemeet aan die mate waarin die groep daarin slaag om die doelstellings of uitkomstes te bereik (Toseland & Rivas, 2009:417).

Volgens Toseland en Rivas (2005:216), is assessering 'n proses én 'n produk waarop die hulpverleningsproses (opleiding) gebaseer word. As 'n proses bestaan assessering uit versameling, organisering en beoordeling van inligting. As produk is assessering 'n verbale of geskrewe stelling van die funksionering van die groep en sy lede, wat nuttig is in die ontwikkeling van intervensieplanne/opleiding.

3.4 IDENTIFISERING VAN DIE TEIKENGROEP

Tydens die beplanningsfase sal die navorser 'n groep versorgers selekteer wat verteenwoordigend is van die algemene bevolking waaroor die navorsing gedoen gaan word, naamlik laaggeletterde Afrikaanssprekende versorgers, in Wellington se landelike omgewing, binne 'n tien kilometer radius rondom die dorp (Babby, 2001:202). Terselfdertyd moet die groep voldoen aan eienskappe wat die navorser sal help om in die doel van die navorsing te slaag. Die keuse van die teikengroep moet die navorser in staat stel om die probleme van laaggeletterde Afrikaanssprekende versorgers van kleuters geboorte tot 4 jaar, te leer verstaan en praktiese metodes te ontwikkel om taal te stimuleer.

Die teikengroep sal saamgestel word uit vyf versorgers omdat dit prakties haalbaar sal wees. Dié proses word volledig beskryf in hoofstuk 4.3.1. Die onkoste van die navorsingsprojek sal binne die navorser se finansiële vermoë wees en dus volhoubaar wees vir die duurte van die navorsing.

Die deelnemers is deur die navorser geïdentifiseer volgens bepaalde kriteria.

Hulle sal:

- persone wees wat gewillig is om 'n bydrae te lewer tot die navorsing oor 'n tydperk van nege maande terwyl hulle opgelei word om hulle eie praktyk in die werkplek te verbeter (Evans, et al. 1999);
- laaggeletterde Afrikaanssprekende versorgers wees wat òf nie die tyd, òf die finansies òf skoolastiese agtergrond het vir verdere formele studie nie;

- dit moeilik vind om lees te gebruik om inligting te versamel en onafhanklik nuwe inligting aan te pas by hulle eie omstandighede;
- verantwoordelik wees vir die vol- of halfdagversorging van kinders onder 5 jaar in 'n struktuur, vertrek of gebou wat aangewend word as 'n crèche;
- op plase woon en werk binne 'n 10 kilometer radius vanaf Wellington;
- werksaam wees op plase waar die werkgewers hulle goedkeuring en samewerking vir die opleiding gee.

3.5 ETIEK

Die identifisering van die deelnemers en die navorsers se afsprake met werkgewers is reeds beskryf in hoofstuk 4.1.1. Die doel van die navorsing, die geskrewe inligtingstukke, toestemming vir vrye toegang tot die versorgers in hul werkplek, en voorbeelde van die geskrewe ooreenkomste, kan gevind word in Bylaag 2.

3.6 BEHOEFTEBEPALING

Onderhoude met die werkgewers sal tydens die beplanningsfase plaasvind. Dit sal die navorsers in staat stel om data te versamel deur middel van veldnotas, oor die agtergrond van die ontstaan en die instandhouding van die crèches, wat 'n basis vir vraagstelling kan vestig en begrip en insig vermeerder. 'n Klimaat van wedersydse vertroue kan so geskep word en samewerking na afhandeling van die behoeftebepaling bewerkstellig.


'n Behoeftebepaling van elke crèche sal tydens die beplanningsfase plaasvind omdat die data wat versamel sal word 'n invloed op die beplanning van die inhoud van die opleiding sal hê. Deur middel van onderhoude en sistematiese observasie van die fisiese omgewing sal persoonlike inligting oor die versorgers verkry word vir die opbou van 'n profiel. Inligting oor die crèches en die omgewing sal ingesamel word deur die gebruik van veldnotas, om aanbevelings te doen en aksies te inisieer vir die bevordering van 'n stimulerende omgewing. Waarnemings sal op vorms ingevul word [Bylae 6 en 7]. Foto's sal geneem word. 'n Deurlopende assessering van die versorgers se interaksie met die kleuters en die ouers, en hul kommunikasievaardighede, en die benutting van visuele hulpmiddele word gedoen. Behoeftes, leemtes en sterktes wat na vore kom sal gebruik word om elke opleidingsgeleentheid te beplan. [Bylae 7 tot 11], Deur tydens werksure die versorgers waar te neem en self ook betrokke te raak by die kleuters, sal die navorsers 'n grondige kennis opdoen en die behoeftes, probleme en leemtes van die versorgers in totaliteit kan bepaal.

3.7 OPLEIDING

Die opleiding sal tydens die werksfase plaasvind en gekenmerk word deur 'n siklus van beplanning van werkswinkels, aanbieding, evaluering deur middel van introspeksie, besoeke aan die werkplek, evaluering, herbeplanning van die volgende werkswinkel en aanbieding, terwyl assessering van die proses deurlopend gedoen word. Daar sal van bandopnames en veldnotas gebruik gemaak word, wat na afloop van die werkswinkels en besoeke opgesom word op assesseringsvorms.

Die eerste werkswinkel sal beplan word na aanleiding van die behoeftebepaling, literatuurstudie, onderhoude, assessering en observasie wat by die werkplek plaasgevind het. Elke werkswinkel sal gekenmerk word deur groepwerk, wat geleentheid bied vir probleemformulering, probleemoplossing, aktiewe deelname aan besprekings en die inoefening van praktiese vaardighede.

Figuur 3.1



3.8 ASSESSERING

Alhoewel assessering ook deurlopend gedoen sal word, word die afsluitingsfase gekenmerk deur die verwerking van die data om die totale opleidingsproses te evalueer. Die versorgers sal voorberei word vir die afsluiting van die opleiding. Die versorgers sal tydens die laaste werkswinkel die impak van die opleiding op hulle vermoë om taal te stimuleer, en die mate waarin die metode van aanbieding voldoen het aan hulle behoeftes, evalueer. Probleme sal bespreek word en praktiese oplossings vir probleme kan gevind en uitgetoets word.

Die kwaliteit van deelnemende navorsingsdata (PR) word gevestig deur 'n proses wat sosiale verifikasie genoem word. Dit beteken dat die resultate van die studie altyd geverifieer word deur die

deelnemers. Indien hulle saamstem dat die resultate die ondersoek genoegsaam beskryf, kan die navorser daarop aanspraak maak dat die resultate geloofwaardig is. Voortdurende terugvoering tussen die navorser en die deelnemers (deur gesprekke tydens die werkswinkel en by die werkplek) en ook die kontakpersone van die werkgewer (deur 'n geskrewe verslag en persoonlike kontak) word beskou as essensieel. 'n Goeie verhouding, wat wedersydse vertroue weerspieël, is daarvoor nodig.

Die effektiwiteit van die opleidingsprogram word gemeet aan die mate waarin die groep daarin slaag om die doelstellings of uitkomstes te bereik (Toseland & Rivas, 2009:417):

- Na afloop van elke werkswinkel sal die data verwerk word om te gebruik wanneer die navorser die versorger se omgewing besoek.
- Tydens die besoek sal die deelnemers 'n aktiewe rol speel (Babby & Mouton, 2001: 315). Hierdie besoeke sal geleenthede skep om die versorger in die praktyk waar te neem ten opsigte van die mate waartoe die versorgers in staat is om die nuwe kennis, vaardighede en houdings in die praktyk toe te pas.
- Behoeftes en sterktes wat blootgestel word, sal opgevolg word deur terugvoering tydens die volgende werkswinkel.
- Die navorser gebruik die prosesverslag om die effek van die opleiding op die houdings, waardes, kennis en vaardighede van die groep ten opsigte van taalstimulasie waar te neem, aan te teken, en strategieë uit te toets.
- Die Eenheidstandaarde van die FET kolleges (ELRU, 2006.) soos aangepas met die inagneming van die ABET plasingstoets, 'n "Informal Reading Inventory" (Farr & Roser, 1979: 53) en individuele leemtes en die aanvangsassessering, word volledig uiteengesit in Bylae 8. Die invloed van die opleiding sal aangeteken word op vorms. [Bylae 9]

3.9 DATAVERWERKING EN KODERINGSPROSESSE.

Die data wat tydens die werksinkels en besoeke aan die werkplek ingesamel word, sal verwerk word deur middel van 'n prosesverslag, soos hier onder beskryf en opgesom in Tabel 4. 2 (Anstey, 1983: 140-148).

3.9.1 DIE PROSESVERSLAG

- Identifiserende besonderhede: Dit bevat identifiserende besonderhede van elke deelnemer en haar werkplek.
- Datum van die werkswinkel: Die datum van elke kontak sal aangedui word.
- Aanvanklike beplanning: Die oorkoepelende doel, die doelstellings van elke werkswinkel en die aktiwiteite om doelwitte te bereik, word aangedui. Daar sal aangedui word watter vordering/veranderinge die navorser graag sal wil sien binne die tydperk van nege maande.

Die inhoud van sewe sessies sal voorlopig beplan word omdat die ware behoeftes en probleme mettertyd na vore sal kom. Die beplanning word gekenmerk deur drie fases, naamlik die beplanningsfase, die werkfase en die afsluitingsfase.

- Beplanning van die aanbieding van werkswinkels. Dit word gekenmerk deur:
 - a) Kontakfase: waar aktiwiteite sal meewerk tot die vestiging van verhoudings en 'n aangename werkatmosfeer;
 - b) Kontrakfase: waar die program vir die dag, en die doelstellings, uiteengesit sal word;
 - c) Aksiefase: waar aktiwiteite aangebied sal word om die doelstellings te bereik;
 - d) Evalueringsfase: waar ervarings en nuwe kennis bespreek en geëvalueer sal word deur die deelnemers.
- Kronologiese verloop van die werkswinkel en die besoek aan die werkplek: Dit is 'n volledige opsomming van die werklike verloop van die werkswinkel of observasiegeleentheid en word gekenmerk deur:
 - a) introspeksie van die navorser om die aanbieding eerlik te evalueer en sodoende aanpassings te maak aan eie praktyk en eie kennis te verbreed;
 - b) oordenking (refleksie) van wat werklik gebeur het tydens die kontakfase, kontrakfase, werkfase en evalueringsfase;
 - c) veldnotas van wat werklik gebeur het tydens die kontakfase, kontrakfase, werkfase en evalueringsfase;
 - d) 'n evaluering van die bereiking van die doelwitte deur die deelnemers.

3.10 VOORUITSKOUING VAN MOONTLIKE PROBLEME

Aksienavorsing is afhanklik van die deelname van ander mense in hulle eie omgewing, dus sal die navorser altyd daarvan bewus bly dat sy 'n gas is wat vir 'n tydperk toegang gegun is in 'n omgewing wat onderhewig is aan faktore buite haar beheer. Om suksesvol te wees, moet sy bedagsaam en buigsaam wees om veranderlikhede te akkommodeer. Moontlike probleme word daarom voorsien.

3.10.1 DIE SKEDULERING VAN DIE WERKSWINKELS

Die navorser is daarvan bewus dat die seisoenale plaasbedrywighede van die omgewing datums vir die werkswinkels sal bepaal. Omdat die opleidingslokaal vooruit bespreek moet word, sal veranderinge aan datums vir die werkswinkels voorsiening moet maak vir 'n verandering van lokaal. Omdat die opleidingslokaal kosteloos voorsien word, sal daar dalk betaal moet word vir die gebruik van 'n ander lokaal. Alhoewel die begintye en die duur van die werkswinkels goedgekeur is deur die deelnemers, kan dit ook deur hul persoonlike bedrywighede beïnvloed word.

3.10.2 DIE TYDSBEREKENING

Probleme met die tydsberekening om beoogde doelstellings te bereik word wel voorsien omdat sommige doelstellings deel uitmaak van 'n verskuilde kurrikulum. Daar sal genoeg tyd wees om kennis en vaardighede vas te lê, maar hoeveel tyd nodig is vir die verandering van houdings en waardes oor taalontwikkeling en geletterdheid, is 'n onbekende faktor.

3.10.3 DIE KENNIS EN VAARDIGHEDE VAN DIE NAVORSER

Tydens die bestudering van die motivering vir volwassenes om te leer, het die navorser opgemerk dat daar veronderstel word dat laaggeletterde versorgers gemotiveer word deur dieselfde faktore as geletterde persone en dat haar vorige ervaring daartoe kan bydra. Die navorser sal dus bedag moet wees op vooroordeel, en faktore wat tydens die behoeftebepaling na vore kom, in ag neem sodat aanpassings gemaak sal word.

3.10.4 OMGEWINGSMANIPULERING

Die skep van 'n geletterheidsryke omgewing en stimulerende ervarings vir die kleuters is 'n bepalende faktor vir die taalstimulasie van die kleuter, geboorte tot 4 jaar. Indien die behoeftebepaling toon dat ekstra fondse nodig is vir die toerusting van die crèches, sal die samewerking van die werkgewers en die bydrae van ander rolspelers in die gemeenskap gevra word omdat daar nie begroot is vir sulke uitgawes nie. Sonder die nodige hulpbronne sal sekere uitkomstes van assesseringstandaarde nie bereik kan word nie.

3.10.5 DATAVERSAMELING

Die navorser sal nie gebruik maak van video-opnames nie omdat die deelnemersgedrag daardeur beïnvloed sal word. Die navorser se aandag sal ook verdeeld wees as sy voortdurend die kamera moet verskuif om te fokus op die verskillende werkareas.

3.10.6 DIE BETROUBAARHEID VAN DIE NAVORSING

Die navorser kan onbewustelik partydig of bevooroordeelend wees teenoor die deelnemers of die navorsing omdat sy graag suksesvol wil wees. Omdat die teikengroep klein is en gewillig is om opgelei te word, kan die gevaar bestaan dat die navorser bevindinge sal veralgemeen. Die moontlikheid om hierdie navorsing met dieselfde resultate te kan herhaal, sal nou saamhang met interpersoonlike verhoudings en die gedeelde waardes van die navorser en die deelnemers. Die erkenning van deelnemende aksienavorsing as 'n betroubare manier van navorsing hang af van die

wetenskaplike aard van die literatuurstudie en die opregte weergawes van die deelnemers se ervarings ten spyte van hulle laaggeletterdheid.

3.11 OORSIG:

- Die oorhoofse doelstellings is kortliks opgesom as 'n werkswyse wat die navorser in staat sal stel om versorgers op te lei om, gedurende die verloop van die dagprogram, die kleuters, geboorte tot 4 jaar, se taalontwikkeling te stimuleer.
- Die beplande interaksie van die navorser en die versorgers is verduidelik.
- Die onderskeie rolle van die navorser en die deelnemers is uiteengesit.
- Die manier waarop te werk gegaan sal word om die teikengroep te identifiseer is verduidelik en ook kriteria waaraan die deelnemers moet voldoen.
- Die etiek wat in ag geneem sal word, is genoem.
- Die manier waarop te werk gegaan sal word om data te versamel, te verwerk en te kodeer, is toegelig deur die gebruik van 'n prosesverslag.
- Die prosesverslag verduidelik hoe die inligting aangeteken gaan word tydens die navorsing sodat data na elke kontakgeleentheid gebruik sal kan word om die opvolgende aksies te bepaal.
- Daar word verwys na die spesifieke uitkomstes en assesseringstandaarde wat beplan is en wat die opleidingsinhoud beskryf.
- Daar word 'n opsomming van die verskeidenheid van assesseringsmetodes gegee, met verwysing na die vorms in die Bylae, wat gebruik sal word.
- 'n Uiteensetting word gegee van hoe die opleiding sal verskil van ander.
- Laastens is 'n vooruitskouing gegee van moontlike probleme wat die beplanning, aanbieding en bevindinge kan beïnvloed.

In hoofstuk 4 word die opleidingsproses beskryf vanaf die beplanningsfase. Die kenmerke van die opleiding word bespreek. Die kriteria waaraan die deelnemers moet voldoen, die geletterdheidsvlak en eienskappe van die teikengroep sal beskryf word. Die deelnemers se bydrae word ook beskryf sowel as die waarde van die navorsing vir die navorser. Die resultate van die navorsing, die invloed van die opleiding op die deelnemers, en die effek van die omgewingsmanipulering, word bespreek. Daar word veral verwys na hoe die ontleding van data oor die motivering vir die bywoning van die kursus en die verwagtinge van die deelnemers die aanbiedingsmetode en die inhoud beïnvloed het. Die resultate van die navorsing word bespreek in soverre die insette van die versorgers die opleidings-metode laat ontplooi het.

HOOFSTUK 4

AANBIEDING EN BESPREKING VAN DIE OPLEIDING AS AKSIENAVORSING

4.1 INLEIDING

In hoofstuk 4 word die opleidingsproses beskryf vanaf die beplanningsfase en hoe elke kontak van die navorser met die verskillende rolspelers en die omgewing die verloop van die opleiding beïnvloed en bepaal het.

Die kenmerke van die opleiding word bespreek terwyl daar gefokus word op die verskuilde en sigbare kurrikulum. Die verskille tussen huidige opleiding en die opleidingsmetode wat tydens die werkswinkels ontwikkel is, word verduidelik. Die opleidingsproses wat gevolg is, word uiteengesit volgens die beplande doelstellings.

Die kriteria waaraan die deelnemers moet voldoen, word beskryf. Die behoeftebepaling van elke werkplek word beskryf volgens die werksomstandighede van die versorger, die werkomgewing en die organisering daarvan, die toepassing van kennis ten opsigte van taalstimulasie, kommunikasievaardighede en interaksie met die kleuters, die gebruik van geletterdheidsvaardighede, die sterktes van die versorger, vorige opleiding, probleme en behoeftes wat ervaar word en die spesifieke hulp wat die deelnemer verlang.

Die mate waarin die geletterdheidsvlak en eienskappe van die teikengroep ooreenstem met die beplande kriteria sal beskryf word in 'n opsomming van die bevindings van die aanvangsassessering.

Die deelnemers se evaluering van die werkswinkels, veral ten opsigte van hoe hulle dit kan toepas met die kleuters, hulle omgewing en hoe dit elke volgende werkswinkel se beplanning beïnvloed het, word ook beskryf.

Die waarde van die navorsing vir die navorser word ook aangeraak.

Die negatiewe en positiewe resultate van die navorsing ten opsigte van die effek wat die opleiding gehad het op die praktyk van die deelnemers, en die effek van die omgewingsmanipulering, word bespreek.

Die strekking, patrone en verband tussen onderwerpe wat na vore gekom het tydens die opleiding, word bespreek. Daar word veral verwys na hoe die ontleding van data oor die motivering vir die bywoning van die kursus en die verwagtinge van die deelnemers die aanbiedingsmetode en die inhoud beïnvloed het.

Die resultate wat voortgevloei het uit die navorsing word bespreek in soverre die insette van die versorgers die opleidingsmetode laat ontplooi het. Die ervaring van die navorser om 'n gedeelte van die beheer oor die navorsing te laat in die hande van die deelnemers, word as baie belangrik beskou.

Daar word deurlopend verwys na die Bylae om dataversameling te verduidelik.

Die dataversameling vind hoofsaaklik plaas tydens werkswinkels en besoeke aan die werkplek waar die uitwerking van die werkswinkels gemonitor word deur waarneming.

4.2 KENMERKE VAN DIE OPLEIDING

Die opleiding word gekenmerk deur die feit dat elke aktiwiteit sal fokus op aspekte van taalontwikkeling. Die fokus sal drieledig wees, naamlik:

1. Die navorser wil die verskuilde kurrikulum, wat fokus op die bevordering van die houdings en waardes van die versorger, toepas ten opsigte van geletterdheid en die taalontwikkeling van kleuters, geboorte tot 4 jaar. (Catron & Allen, 1993:36)
2. Die sigbare kurrikulum fokus op die bevordering van kennis oor die taalontwikkeling van kleuters, geboorte tot 4 jaar, en die belangrikheid van hulle rol in die stimulasie van taalontwikkeling.
3. Die sigbare kurrikulum sluit ook in die bevordering van vaardighede om die taalontwikkeling te stimuleer.

4.2.1 HOE DIE OPLEIDING SAL VERSKIL VAN ANDER

Tabel 4.1

Die opleiding sal fokus op taalontwikkeling as uitgangspunt met praktiese inhoud en metodes. Die deelnemers sal 'n belangrike bydrae lewer tot die identifisering van leemtes, probleme en oplossings.		
Houdings, waardes en norme	Kennis en ervaring	Vaardighede
<p>Navorser:</p> <p>Bewustheid van eie waardes en houdings t.o.v. versorgers en die gemeenskap.</p> <p>Bewustheid van die belangrikheid van die rol van die versorgers.</p> <p>Bewustheid van struikelblokke tot leer wat versorgers ervaar.</p> <p>Die metode moet geleentheid skep</p>	<p>Navorser:</p> <p>Bewustheid van leemtes in eie kennis. Erken en gebruik bestaande kennis van deelnemers en plaaslike kennis. Gee deurlopend erkenning vir hulle bydrae.</p> <p>Wees bewus van struikelblokke.</p> <p>Verny om ongegronde afleidings te maak.</p>	<p>Navorser:</p> <p>Ontdek leierskaprolle, kommunikasievaardighede, hulpverleningstegnieke en toepassing van waardes. Dui aan hoe dit toegepas word. Wees bewus van struikelblokke tot leer wat versorgers ervaar. Gebruik eerder 'n verteltrant eerder as soos 'n</p>

<p>Houdings, waardes en norme Navorsers: (vervolg)</p> <p>vir 'n deurlopende werkswyse waar verhoudings gebou kan word, wat sal lei tot opvoeding en onderrig.</p> <p>Ontwikkel die groeplede se potensiaal, bewuswording en insig deurdat geleentheid gebied word om meer omtrent hulleself te leer, om persoonlike doelstellings te ondersoek en te ontwikkel en hulself en ander beter te leer verstaan.</p> <p>Elke sessie sal dus geleentheid bied vir refleksie en bespreking, Die rol van die navorser is dié van fasiliteerder, rolmodel, opvoeder en motiveerder.</p>	<p>Kennis en ervaring Navorsers: (vervolg)</p> <p>Gee geleentheid aan die deelnemers om hulle probleme en leemtes te verwoord deur vraagstelling. Luister na wat die versorgers ervaar en beplan daarvolgens. Verskaf inligting oor spesifieke onderwerpe waarop die navorser besluit het na aanleiding van navorsing en behoeftebepaling, om groeplede se kennis en vaardighede te verbeter. Die metode moet geleentheid skep vir 'n deurlopende werkswyse waar verhoudings gebou kan word, wat sal lei tot opvoeding en onderrig. Dit sal gekenmerk word deur aksies om probleme op te los.</p>	<p>Vaardighede, Navorsers: (vervolg)</p> <p>lesing, wanneer nuwe kennis oorgedra word. Laat deelnemers bydra tot die konstruering van hulle eie kennis deur middel van vraagstelling en aktiwiteite wat lei tot bewuswording van eie wysheid as moeders en opvoeders.</p> <p>Beplan om kommunikasie en sosiale vaardighede te vermeerder, en interpersoonlike verhoudings te verbeter deur programaktiwiteite, gestruktureerde oefeninge, rolspel, ensovoorts. Die rol van die navorser is om die deelnemers aan te moedig en mekaar te leer vertrou sodat hulle met mekaar sal wil deel.</p>
<p>Houdings, waardes en norme Leeruitkomstes</p> <p>Versorger: Bewus van haar houding teenoor haarself (selfbeeld), geleetherdheid, die gemeenskap, die ouers en die kleuters.</p> <p>Ontwikkel eie potensiaal, bewuswording en insig deurdat geleentheid benut word om meer omtrent hulleself te leer, om persoonlike doelstellings te ondersoek en te ontwikkel en hulself en ander beter te leer verstaan.</p> <p>Ontwikkel die nodige selfvertroue om die opleiding te beoordeel volgens haar eie behoeftes.</p>	<p>Kennis en ervaring Leeruitkomstes</p> <p>Versorger: Om nuwe kennis en vaardighede oor spesifieke onderwerpe te konstrueer d.m.v. interaksie met die navorser, ander deelnemers en die kleuters.</p> <p>Bewustheid van leemtes in eie kennis. Bereidheid om te leer en bestaande praktyke te verander deur aktiewe deelname aan werksinkels en indiensopleidingsgeleentheid.</p>	<p>Vaardighede Leeruitkomstes</p> <p>Versorger: Inoefening van nuwe vaardighede tydens werksinkels, toepassing van nuwe vaardighede in die werkplek, deel van eie planne om praktiese probleme in die werkplek op te los deur gesprekvoering met ander deelnemers. Bewuswording en ontwikkeling van persoonlike kwaliteite wat sal bydra tot persoonlike groei; vermeerdering van kommunikasie en sosiale vaardighede; verbetering van interpersoonlike verhoudings deur deel te neem aan programaktiwiteite, gestruktureerde oefeninge, rolspel, ensovoorts; om deur interaksie mededeelnemers aan te moedig en mekaar te leer vertrou.</p>
<p>Inhoud van opleiding</p> <p>Ontdekking van gedeelde waardes.</p> <p>Die versorger se rol in die lewe van die kind en die ouer.</p> <p>Die rol wat sy kan speel in die</p>	<p>Inhoud van opleiding</p> <p>Ontvang inligting oor:</p> <p>Breinontwikkeling; interaksie gesprekvoering; spel; stories; skeppende aktiwiteite; musiek en</p>	<p>Inhoud van opleiding</p> <p>Werksinkels: Vermeerdering van kommunikasie en sosiale vaardighede, om interpersoonlike verhoudings te verbeter deur</p>

<p>latere suksesbeleving van die kind Die belangrikheid van haar werk in die oë van God. Bewusmaking en ontwikkeling van persoonlike kwaliteite wat daartoe sal bydra om sukses te ervaar met die stimulasie van taalontwikkeling. Daar is geleenthede om mekaar te bemoedig en te ondersteun. Neem deel aan aktiwiteite wat hulle potensiaal, bewuswording en insig sal ontwikkel deur geleenthede te benut om meer omtrent hulself te leer, om persoonlike doelstellings te ondersoek en te ontwikkel en hulself en ander beter te leer verstaan.</p>	<p>rympies; ervarings; verryking van omgewing; verhoudingbou en hoe die toepassing daarvan die deelnemer in staat sal stel om maksimaal taalontwikkeling te stimuleer. Fokus op onderwerpe wat ontstaan uit die leemtes, behoeftes en probleme van die deelnemers. Daar is geleenthede vir die uitruiling van kennis, ervaring, die ontdekking van leemtes, die ontwikkeling van nuwe vaardighede en ook om mekaar te bemoedig en te ondersteun.</p>	<p>program aktiwiteite, gestruktureerde oefeninge, rolspel. Oefen kommunikasietegnieke; storie-vertelling; maak apparaat om 'n geletterheidsryke omgewing te skep; oefen vaardighede (om self legkaarte te bou en skeppende aktiwiteite te doen); neem deel aan musiekervarings om vaardighede aan te leer; ontvang boek en bandopname vir gebruik. Deur refleksie word op nuwe aksies besluit wat die deelnemers se vaardighede sal oefen om die taalontwikkeling van die kleuters in hulle sorg te stimuleer.</p>
---	--	---

4.2.2 DIE OPLEIDINGSINHOUD [Bylaag 5]

- Dit sal 'n praktiese, taalgesentreerde opleidingsprogram wees.
- Dit sal die versorger ondersteun en nuwe kennis en vaardighede bekendstel en oefen, en ook waardes en houdings teenoor geletterdheid bevorder.
- Dit word ontwikkel volgens die Departement van Sosiale ontwikkeling se riglyne vir Vroeëkindontwikkeling; bestaande Vroeëkindontwikkeling (VKO) Eenheidstandaarde van die FET kolleges (ELRU, 2006.) en dit word aangepas met die inagneming van die ABET plasingstoets, "Informal Reading Inventory" (Farr & Roser, 1979: 53), en individuele leemtes en behoeftes wat deurlopend vasgestel word.
- Tabelle vir 'n geletterdheidleerprogram vir kinders van 1-jaar tot Graad 3 (WKOD, 2004), word as riglyne gebruik deur die navorser.
- Daar sal deurlopend gefokus word daarop om die versorgers se ervaring van hul eie taalvaardighede positief te versterk deur waardering te toon en hulle deelname aan te moedig. Die bevordering van selfbeeld en die versterking van selfvertroue sal ten doel gestel word.
- Daar sal geleenthede wees vir die uitruiling van kennis, ervaring, die ontdekking van leemtes, die ontwikkeling van nuwe vaardighede en ook om mekaar te bemoedig en te ondersteun.
- Die navorser sal bewustelik kommunikasievaardighede voorleef, die versorgers bewus maak daarvan en geleenthede skep om hierdie vaardighede te oefen.
- Die kommunikasietegnieke wat gebruik gaan word, hang saam met die laaggeletterdheid van die deelnemers.

- Die verhouding tussen die navorser en die versorgers sal bepaal wat hulle vir mekaar sê. (Engelbrecht, 1997:84)
- Deurdat die navorser gepaste luistergedrag voorleef, word die versorgers elke oomblik blootgestel aan verbale en nieverbale kommunikasie wat hulle sal inoefen, wat 'n invloed sal hê op die kleuters in hulle sorg.
- Aktiewe luister sal 'n groot invloed hê omdat die deelnemers deurlopend die versekering gegee sal word dat hulle gehoor word.
- Aandagskenking sal demonstreer hoe daar deur middel van liggaamstaal op die persoon wat praat toegespits en ingestel word.
- Die navorser sal bewus wees van kultuurverskille en die deelnemers se manier om met mekaar te kommunikeer respekteer sonder om haar eie identiteit prys te gee.
- Daar sal gebruik gemaak word van omgewingsmanipulering deur middel van prente, demonstrasies, rolspel en eksperimentering sodat die deelnemers se omgewing positief verander sal word.
- Deur refleksie sal op nuwe aksies besluit word, wat die deelnemers sal bemagtig om die taalontwikkeling van die kleuters in hulle sorg te stimuleer.
- Die proses van leer kan vir die navorser en deelnemers versnel word en meer intensief wees deur kritiese bewuswording en intellektuele studie. (Mc Niff, 2002:18,19)
- Nuwe kennis en vaardighede sal deurlopend tydens werksinkels geoefen word om by te dra tot aandagskenking, motivering en deelname. Nuwe kennis en vaardighede sal so vasgelê word.

4.2.3 DIE OPLEIDINGSPROSES

Tabel 4.2

METODE Werksinkels Groepwerk Besoeke by die werk	DOEL Lei laaggeletterde Afrikaanssprekende versorgers in 'n landelike gebied op om die kleuters geboorte tot 4 jaar se taalontwikkeling te stimuleer.	
FASES		
Beplanningsfase Doelstellings	Werksfase Doelstellings	Afsluitingsfase Doelstellings
	Fasilitering van werksinkels en monitering	
Behoeftebepaling Onderhoude met deelnemers en werkgewers. Besoeke aan die werkplekke en invul van behoeftebepalingsvorme d.m.v. waarneming. (word ook deurlopend gedoen tydens besprekings)	Bied sewe werksinkels aan wat elkeen uit verskeie sessies bestaan. Die inhoud van die sessies word volgens leeruitkomstes beplan met groepwerk-beginsels. Die doelstellings van elke tipe groepwerk ondersteun die onsigbare kurrikulum van die taalgesentreerde uitgangspunt.	Evaluering Om vas te stel of doelwitte bereik is. Deurlopende assessering word ook gedoen tussen werksinkels by die werkplek. Maak gebruik van evalueringsvorme, veldnotas en foto's.
	Sewe besoeke word gebring aan die werkplek, waar die toepassing van nuwe houdings, waardes, kennis en vaardighede gemonitor word.	
	Werksinkel 1: SU 2: Neem kleuters waar en identifiseer hulle behoeftes en reaksies op die leeromgewing met die doel om toekomstige aksies en taalstimulasie te beplan. Doelstellings: <u>Sessie 1:</u> (Kennis) Rede vir die navorsing. <u>Sessie 2:</u>	

Maak gebruik van veldnotas, foto's en bandopnames	(Houdings en waardes) Die rol van die versorger en die emosionele lewe van die kind. <u>Sessie 3:</u> (Houdings en waardes) Kwaliteite van die ideale versorger. <u>Sessie 4:</u> (Kennis) Die faktore wat taalontwikkeling beïnvloed. <u>Sessie 5:</u> (Vaardighede) Oefen kommunikasievaardighede deur rolspel. <u>Afsluiting:</u> <u>Sessie 6:</u> (Houdings en waardes) Vestiging van gedeelde waardes.
	Besoek: Monitor toepassing van nuwe vaardighede. Bemoedig en demonstreer deur interaksie met die versorgers en die kleuters. Dra by tot omgewingsverryking.
	Werkswinkel 2: SU1: Bied ontwikkelingstoepaslike leer-aktiwiteite binne en buite die speelkamer aan, wat holistiese leer en ontwikkeling sal bevorder, met taalontwikkeling as uitgangspunt. SU 3: Ondersteun aktiewe leer en taalontwikkeling deur middel van interaksie en kommunikasie
	<u>Doelstellings:</u> <u>Sessie 1:</u> (Vaardighede) Doen 'n ysbreker <u>Sessie 2:</u> (Kennis) Die waarde van stories om taalontwikkeling te stimuleer. <u>Sessie 3:</u> (Vaardighede) Die keuse van 'n ouderdomstoepaslike boekie. <u>Sessie 4:</u> (Vaardighede) Informele assessering van leesvaardighede. <u>Sessie 5:</u> (Kennis) Storievertel-tegnieke. Demonstrasie. <u>Sessie 6:</u> Die gebruik van opvoedkundige spel vir die aanleer van wiskundige begrippe en woordeskat.
	Besoek: Monitor toepassing van nuwe vaardighede. Bemoedig en demonstreer deur interaksie met die versorgers en die kleuters. Dra by tot omgewingsverryking.
	Werkswinkel 3: SU 1: Bied ontwikkelingstoepaslike leer-aktiwiteite binne en buite die speelkamer aan, wat holistiese leer en ontwikkeling sal bevorder, met taalontwikkeling as uitgangspunt. SU 4: Gebruik toepaslike tegnieke om met individue, klein groepies en die groot groep hul moedertaal te ontwikkel
	Die belangrikheid van betekenisvolle ervarings soos opvoedkundige spel en skeppende aktiwiteite om taalontwikkeling te stimuleer. <u>Doelstellings:</u> <u>Sessie 1:</u> Die bou van legkaarte. <u>Sessie 2:</u> ABET Plasingstoets <u>Sessie 3:</u> Maak van eie apparaat. <u>Sessie 4:</u> Sortering. <u>Sessie 5:</u> Skeppende aktiwiteite. Die waarde van skeppende aktiwiteite en spel vir die aanleer van taalvaardighede
	Besoek: Monitor toepassing van nuwe vaardighede. Bemoedig en demonstreer deur interaksie met die versorgers en die kleuters. Dra by tot omgewingsverryking.
	Werkswinkel 4: SU 1: Bied ontwikkelingstoepaslike leer-aktiwiteite binne en buite die speelkamer aan wat holistiese leer en ontwikkeling sal bevorder, met taalontwikkeling as uitgangspunt. SU 3: Ondersteun aktiewe leer en taalontwikkeling deur middel van interaksie en kommunikasie. SU 4: Gebruik toepaslike tegnieke om met individue, klein groepies en die groot groep hul moedertaal te ontwikkel.
	<u>Onderwerp 1:</u> Die besprekingskring as manier om luister en praatvaardighede aan te leer en te oefen en ook om nuwe woorde-skat aan te leer en in goed saamgestelde sinne te gebruik. <u>Sessie 1:</u> Die aanleer en vaslegging van woordeskat. <u>Sessie 2:</u> Hoe doen ons dit met babas? <u>Onderwerp 2:</u> Musiek as manier om woordeskat en taalgebruik te ontwikkel. <u>Sessie 3:</u> Beplan vir die aanleer van luistervaardighede deur die keuse van die liedjie se woorde, ritme, wysie en aktiwiteite. <u>Sessie 4:</u> Hoe kan sang vir die taalontwikkeling van babas (geboorte tot 2jaar) gebruik word? <u>Sessie 5:</u> Wat het musiek en sang te make met taalontwikkeling? <u>Sessie 6:</u> Elke deelnemer maak 'n rammelaar van 'n blikkie met pitte, klippe of bessies in.
	Besoek: Monitor toepassing van nuwe vaardighede. Bemoedig en demonstreer deur interaksie met die versorgers en die kleuters. Dra by tot omgewingsverryking.
	Werkswinkel 5: SU 1: Bied ontwikkelingstoepaslike leer-aktiwiteite binne en buite die speelkamer aan wat holistiese leer en ontwikkeling sal bevorder, met taalontwikkeling as uitgangspunt. SU 3: Ondersteun aktiewe leer en taalontwikkeling deur middel van interaksie en kommunikasie.
	<u>Doelstellings:</u> <u>Sessie 1:</u> Die waarde van spel as metode om taalontwikkeling te stimuleer. <u>Sessie 2:</u> Hoe verskil spel by elke ouderdomsgroep?

	<u>Sessie 3: Verskillende tipes spel.</u>	
	Besoek: Monitor toepassing van nuwe vaardighede. Bemoedig en demonstreer deur interaksie met die versorgers en die kleuters. Dra by tot omgewingsverryking.	
	Werkswinkel 6: Doelstellings: <u>Sessie 1:</u> Struikelblokke in die crèche wat lei tot gebrekkige taalontwikkeling. Hoe kan dit opgelos word? <u>Sessie 2:</u> Verhoudings met die ouers en werkgewer. <u>Sessie 3:</u> Konfliktantering. Vaardighede. <u>Sessie 4:</u> Die dagprogram <u>Sessie 5:</u> Die behoeftes van die kleuters van verskillende ouderdomme. <u>Sessie 6:</u> Die ouderdomsamestelling van die groep en hoe dit die beplanning van die dagprogram beïnvloed.	
	Besoek: Monitor toepassing van nuwe vaardighede. Bemoedig en demonstreer deur interaksie met die versorgers en die kleuters. Dra by tot omgewingsverryking.	
	Werkswinkel 7: <u>Sessie 1:</u> Wat pla die meeste? <u>Sessie 2:</u> Wense vir die toekoms. <u>Sessie 3:</u> Selfevaluering. <u>Sessie 4:</u> Waarde van geleterdheid om uit die siklus van armoede te beweeg. <u>Sessie 5:</u> Evaluering van die werksinkels.	
	Besoek: Monitor toepassing van nuwe vaardighede. Bemoedig en demonstreer deur interaksie met die versorgers en die kleuters. Dra by tot omgewingsverryking.	
	Evaluering: Vergelyk interaksie van versorgers en kleuters deur te vergelyk met die aanvangsassessering	

4.3 DIE BEPLANNINGSFASE

Na aanleiding van die bestudeerde bronne maak die navorser die volgende aannames in verband met die aanvoorwerk wat die opleiding voorafgaan, wat die metode dus sal beïnvloed en 'n verskil sal maak aan die uitkoms van die opleiding.

Die samewerking van die werkgewer is noodsaaklik omdat die navorser welkom moet wees om ongestoord vir die tydperk toegang tot die crèches te hê. Die opregtheid en integriteit van die navorser moet dus nie betwyfel word nie. Die navorser moet ook inpas by die bedrywighede van die plaas. Die opleiding sal ook 'n uitwerking hê op die crèche-omgewing, wat ekstra fondse en arbeid van die werkgewer sal vra. Die versorger is afhanklik van vervoer na werksinkels, wat deur die werkgewer verskaf word.

Om samehangendheid vir die leser te verseker sal die identifisering van elke deelnemer en die inligting van elke plaas en versorger, wat tydens die behoeftebepaling ingesamel is, opeenvolgend beskryf en opgesom word.

4.3.1 IDENTIFISERING VAN DIE TEIKENGROEP EN BEHOEFTEBEPALING

Tydens die beplanningsfase het die navorser 'n groep versorgers geïdentifiseer volgens die kriteria soos beskryf in Hoofstuk 3.4.

Om die groep versorgers te selekteer het die navorser begin deur persone en instansies te nader wat reeds aan haar bekend was. Om vertroulikheid te verseker sal na die versorgers verwys word as

deelnemers 1,2,3,4 en 5 en na die crèches as werkplekke A,B,C, en D. Tydens die onderhoude met die werkgewers of kontakpersoon, die versorgers en 'n besoek aan die werkplekke, het die navorser die volgende data versamel deur middel van veldnotas, inligtingsvorme en evalueringvorme [Bylae 1-6], die werksomstandighede van die versorgers; die omgewing en die organisering daarvan; die vorige opleiding van die versorgers; die toepassing van kennis ten opsigte van taalstimulasie; die gebruik van geletterdheidsvaardighede; vaardighede ten opsigte van kommunikasie en interaksie met die kleuters [Bylaag 9], alledaagse wysheid, sterktes, probleme en behoeftes.

Identifisering: Deelnemer 1

Een van die redes waarom hierdie versorger gekies is, is omdat sy en die navorser oor 'n aantal jare, aangename en suksesvolle leergeleenthede gedeel het en daarom wedersydse respek en vertroue in mekaar ontwikkel het. Die navorser glo dat sy 'n positiewe invloed op die ander versorgers kan hê as gevolg van haar bereidheid om te leer en nederige, stil selfvertroue. Die gemaklike verhouding tussen hierdie deelnemer en die navorser het die potensiaal om die vertroue van die ander deelnemers vinniger te verkry, sodat die opleidingsdoelstellings bereik kan word.

Sy is 'n 45-jarige vrou wat tot standerd 4 skoolgegaan het. Sy was vir baie jare by die plaas-kleuterskool, Werkplek A, betrokke as skoonmaker en het mettertyd verantwoordelikheid vir die 3 tot 4 jariges oorgeneem. Haar groep van ± 18 kleuters is die kinders van plaaswerkers van naburige plase. Hulle sal uiteindelik 'n landelike skool bywoon wat 5 kilometer buite die dorp is. Die plaaswerkers en hulle kinders stap meestal dorp toe en dra hulle eie inkopies.

Sy was onmiddellik entoesiasies om deel te neem aan die navorsing, gevolglik het sy die navorser genooi na 'n beheerliggaamvergadering. Die kontakpersoon van Grass Roots was ook teenwoordig en die navorser kon inligting oor haar betrokkenheid by die crèche verkry. Die navorser het die doel en voordele van die navorsing vir die deelnemer, die gemeenskap en die kinders aan die beheerliggaam verduidelik. Toestemming is verleen om tydens werksure die versorger se vordering te evalueer en sodoende deurlopend die ontwikkeling van die opleidingsprogram te monitor. Skriftelike inligting is gegee en ooreenkomste is aangegaan. [Bylae 1-5]

Behoeftebepaling: Werkplek A. [Bylaag 6]

Wersomstandighede van die versorger

Die crèche word bestuur deur 'n beheerliggaam, gekies uit ouers wat almal laaggeletterde persone is. Die versorger word deur die beheerliggaam betaal uit geld wat die versorger van die ouers insamel. Die versorger moet self die gebou skoon hou en organiseer vir skoonmaakmiddels. Apparaat word aangekoop uit fondse wat deur die ouers ingesamel word tydens projekte.

Na die verkiesing van die nuwe beheerliggaam het die versorger vir drie maande sonder besoldiging gewerk, weens onkunde oor die bestuur van fondse deur die tesourier. Ouers betaal ook nie gereeld die skoolfonds nie. Samewerking van die ouers is nie altyd goed nie, en oueraande word swak bygewoon en handel gewoonlik oor geld en word nie as inligtingsessies gebruik vir die opvoeding van hulle kinders nie. Skoonmaakmiddels word uit die versorger se huis gebring en as gevolg van verkeer deur die terrein van die crèche, moes sy self party van die ouers oortred om haar periodiek te help om die stowwerige gebou skoon te maak. Die gesondheid van die kinders en die versorger word deur die stowwerige omgewing benadeel. Daar is geen warm water beskikbaar nie en die toegang tot water word deur stukkende krane beperk. Die gebou en terrein word gedurende die naweek deur die kerk gebruik vir projekte en Sondagskool. Ander persone het dus vrye toegang tot die gebou, die speelparkie, speelgoed, persoonlike eetgerei en buiteapparaat. Hierdie items word gebruik, weggedra en verniel.

Die omgewing en die organisering daarvan : Die crèche is in die ou pastorie van die N.G. Sendingkerk buite die dorp en behoort aan 'n vereniging van boere wat die gebou kosteloos verskaf. Die gebou is 'n baksteenstruktuur met plafonne en houtvloere. Dit is ruim en bestaan uit dertien vertrekke waarvan sewe deur die crèche gebruik word. Die ander ses vertrekke word deur die skool gebruik. Daar is 'n kantoor; 'n spens vir stoorplek; 'n baie groot kombuis met baie kaste en 'n wasbare vloer waar aktiwiteite aangebied word; 'n groot speelarea met ou stowwerige matte en baie ingeboude kaste (voorheen 'n slaapkamer); 'n badkamer met een toilet, 'n bad en 'n wasbak, en twee kleiner vertrekke. Die kantoor is toegerus met 'n lessenaar, stoele, staalkas, liaseerkabinet, ketel en 'n yskas. Daar is diefstaling en hortjies voor die vensters. Sommige ruite is stukkend en die matte en plankvloere is stowwerig. Daar is goeie tweedehandse gordyne voor al die vensters wat genoeg lig deurlaat in die somer. Daar is slegs elektrisiteit vir muurproppe, daarom is daar geen gloeilampe vir die beligting van vertrekke in die winter nie.

Apparaat vir skeppende aktiwiteite en papier word nie deurlopend na behoefte aangevul nie. Die speelkamers het genoeg plastiektafeltjies en stoeltjies vir al die kinders en daar is speelhoekies met boublokke, 'n huisie en 'n boekehoekie. Opvoedkundige apparaat is te min vir die aantal kinders, swak georganiseer en nie ouderdomstoepaslik nie.

Die speelarea buite bestaan uit 'n groot, oop stuk grond wat soms gebruik word om deur te ry, en 'n toegekampte parkie waar groot bloekombome skaduwee gee en baie boombas mors. Die sandput het geen sand nie, die swaai is almal stukkend en die klimapparaat onveilig, gevolglik word dit nie meer gebruik nie. Apparaat vir buitenspel is toereikend, maar ongeorganiseer weggepak, en dus nie altyd toeganklik nie.

Die crèche funksioneer gedurende skoolure en is tydens die vakansies gesluit.

Die toepassing van kennis ten opsigte van taalstimulasie:

Daar is goeie interaksie tussen die versorger en die kleuters. Sy bied 'n dagprogram aan wat ouderdomstoepaslik is. Tydens 'n Honneursopdrag het die navorser die versorger se groepie gebruik om 'n storie-uur aan te bied om ontluikende geletterdheid te stimuleer, gevolglik is die omgewing geletterdheidsryk en daar is plakkate wat deur die versorger gemaak is by vorige werkswinkels.

Kommunikasievaardighede en interaksie met die kleuters: [Bylaag 9]

Haar liefde vir kinders en deursettingsvermoë om al die veranderinge wat deur die jare by die kleuterskool plaasgevind het die hoof te bied, en haar bereidheid om te leer en te verander, het die versorger besonder geskik gemaak om deel van die navorsing te wees. Die kleuters werk mooi saam en die versorger toon goeie beheer oor die groep. Die versorger toon geduld, goeie selfbeheer en praat rustig met die kleuters. Haar liggaamstaal toon toegeneentheid teenoor die kleuters.

Die gebruik van geletterdheidsvaardighede: Sy woon kursusse by en lees vir inligting en genot. Sy voltooi die inskrywingsvorme en skryf kwitansies uit vir die ontvangs van geld. Sy lees stories aan die kleuters voor en skryf hulle name op voltooide aktiwiteite. Sy leer liedjies aan en doen sangspeletjies met die kleuters. Sy bring haar eie radio-bandopnemer saam skool toe vir liedjies en luisteraktiwiteite.

Sterktes: Haar man en sy pa werk al baie jare op die plaas. Hy is 'n baie betroubare plaasarbeider wat verantwoordelike take goed verrig. Hy is nie 'n drinker nie, is 'n stil persoon en leier in die gemeenskap. Hy moedig haar aan wanneer sy nie 'n salaris kry nie en versorg hulle tuin so goed dat daar troues gehou word en foto's geneem word. Haar volwasse kinders het almal matriek geslaag en die dogter, wat 'n verpleegster is, en haar gesin, woon by hulle. Haar huis is goed toegerus en sy was al die kleuters se voorskote, popgoed en vadoeke in haar wasmasjien. Sy is goed versorg en toepaslik aangetrek. Sy toon inisiatief in die manier waarop sy aanpassings maak om in die spelbehoefte van die kleuters te voorsien.

Vorige opleiding van die versorger Sy was een van 'n groep wat in die verlede werkswinkels bygewoon het wat deur die navorser aangebied is en het ook werkswinkels bygewoon wat aangebied is deur Grass Roots.

Probleme en behoeftes: Die bestuur van fondse veroorsaak baie frustrasie en maak die versorger moedeloos. Gebrekkige samewerking van die ouers maak dit moeilik om projekte aan te pak. Sommige kleuters kom honger, koud en nat by die creché aan. Gerigte buitenspel wat 'n geleentheid vir taalstimulasie is, vind nie bevredigend plaas nie, weens die verwaarloosde speelparkie en

swakgeorganiseerde apparaat. Sy vind dit moeilik om die apparaat te versorg, te organiseer en doelmatig te bêre. Sy het nie genoeg ouderdomstoepaslike opvoedkundige speletjies en visuele apparaat vir taalstimulasie nie. By die gebrek aan 'n ondersteuningsstelsel is papier, gom, kryt, werkende skêre en konstruksievoorwerpe soos proppe, dosies, ensovoorts, te min vir die aanbod van stimulerende skeppende aktiwiteite, alhoewel sy wel probeer.

Spesifieke hulp wat die deelnemer verlang: Sy wil graag gereeld betaling ontvang en 'n sê hê oor die besteding van fondse. Sy glo dat sy weet wanneer voorraad opraak en wat die behoeftes van die kleuters is. Sy sal graag die voorraad wil toesluit om te voorkom dat ander dit wegdra. Sy wil graag die ouers opvoed om meer vir hulle kinders se opvoeding te doen. Sy wil ook leer hoe om die kleuters se praatwoordeskat en taalgebruik te verbeter.

Identifisering: Deelnemer 2

Sy is 'n 35-jarige vrou wat aanbeveel is deur haar werkgewers, wat hul konferensiefasiliteite 2 kilometer buite die dorp kosteloos aangebied het vir die navorser se werkswinkels. Sy het matriek geslaag, en het tot onlangs wingerdwerk gedoen, maar as gevolg van rugprobleme is sy gekies om in die crèche vir ± 8 kleuters van 3 maande tot 5 jaar op die plaas van Werkplek B, 10 kilometer buite die dorp, te werk. Haar spesifieke behoeftes en probleme, soos hier onder bespreek, maak haar 'n ideale deelnemer wat die navorser sal noop om nuut te dink en oplossings vir probleme te soek wat heel waarskynlik ook by ander crèches kan voorkom. Skriftelike toestemming en wedersydse ooreenkomste vir deelname is weereens aangegaan.

Behoeftebepaling: Werkplek B. [Bylaag 6]

Werkomstandighede van die versorger

Die crèche word bestuur deur die plaaskomitee en is op die werf van die plaasbestuurder, waar daar groot skure en buitegeboue is. Die gebou is van baksteen en het 'n plafon en matbedekte sementvloer. Die vertrek is groot en word gedurende die naweek vir ander projekte gebruik. Die versorger word betaal deur die werkgewer uit fondse waartoe die ouers bydra. Die apparaat word deur die kantoorpersoneel aangekoop met fondse verskaf deur die werkgewer en is nie altyd doelmatig nie.

Sommige van die kinders kom onversorgd en honger na die crèche toe. Die versorger bespreek dit met die komitee, maar dan bly die kinders net tuis.

Die omgewing en die organisering daarvan

Die speelkamer het pragtige, kleurvolle, nuwe, kindvriendelike gordyne voor vensters wat genoeg lig deurlaat. Daar is elektrisiteit vir die beligting gedurende die wintermaande. Daar is 'n bababedjie en 'n stootwaentjie vir die babas om in te slaap en te sit. Die vloere is met praktiese matte bedek en daar

is 'n ketel, 'n yskas vir die babas se melkbottels en genoeg kaste om voorraad in weg te pak. Daar is warm, lopende water en 'n vlekvrystaalwasbak in 'n werkvlak wat langs een hele muur strek. Voor die gebou is daar 'n lang, bedekte stoep, en die skoon toilette loop daarop uit. Die speelkamer het genoeg plastiektafeltjies en stoeltjies vir al die kinders. Daar is boublokke wat weggepak is, en ook ander opvoedkundige apparaat en deurmekaar legkaarte in blikkies wat nie ouderdomstoepaslik is nie. Klein speelgoed is op 'n rakkie uitgepak. Daar is 'n boekrak met boeke vir ouer kinders en verf vir skeppende aktiwiteite, maar dit word nie gebruik nie omdat daar geen kwaste is of bakkies om die verf in aan te maak nie. Die emmers vol verskillende kleure speeldeeg word ook nie gebruik nie. Klein stukkie dun kryt word gebruik vir tekenwerk. Papier word soms deur die kantoor verskaf.

Daar is geen buite speelarea behalwe die stoep met 'n lae muurtjie en 'n hekkie nie. Die werf is geplavei, maar plaasvoertuie maak dit onveilig vir die kleuters om buite te hardloop en te speel. Die versorger gaan stap soms met die kleuters en dan speel hulle op 'n hoop bousand.

Die omgewing en die organisering daarvan

Daar is geen merkbare kennis wat doelbewus toegepas word om taal te stimuleer nie. Daar is tekens van baie formele aktiwiteite teen die muur. Dit is deur skoolkinders in die vakansie gedoen. Die crèche funksioneer tydens die ouers se werksure en in die middag en vakansietye kom die jonger skoolkinders daarheen vir toesig.

Kommunikasievaardighede en interaksie met die kleuters [Bylaag 9]

Sy was aanvanklik bot en het swak gereageer op vrae en het min inligting gegee. Alhoewel die versorger matriek geslaag het, is sy stil en stug en dit lyk asof sy nie oor die selfvertroue beskik om met die kleuters om te gaan nie. Sy gesels nie met die babas nie, sus nie die huilendes nie en sit en kyk hoe die ander op hulle eie met blokkies speel.

Die gebruik van geletterdheidsvaardighede

Sy lees soms ou tydskrifte vir ontspanning. Sy het lees of skryfvaardighede, maar sy pas dit nie toe waar die kleuters die gebruik daarvan kan waarneem nie.

Sterktes:

Die plaas maak periodiek gebruik van haar om die werkers se stukwerk in die wingerd aan te teken. Sy is baie lief vir teken en inkleur en sit party van haar prente op teen die muur. Sy is gewillig om saam te werk as iemand anders die voortou neem. Sy is intelligent en is bewus daarvan dat opleiding haar sal help om die kleuters te stimuleer deur interessante aktiwiteite met hulle te doen.

Probleme en Behoefte:

Onkunde oor die gebruik van skeppende en opvoedkundige apparaat vir die stimulasie van taalontwikkeling is opsigtelik. Swak kommunikasievaardighede en gebrekkige interaksie met die babas laat die babas emosioneel behoefteig en skep 'n ongelukkige en gefrustreerde atmosfeer in die crèche. Die gebrek aan speelruimte buite laat die kinders binne raas en baklei. Onkunde oor metodes om met die kinders binne musiek- en bewegingsaktiwiteite te doen en spel te inisieer, laat geleenthede vir taalstimulasie verbygaan. Hierdie probleme en behoeftes maak deelnemer 2 'n geskikte kandidaat vir die opleiding.

Spesifieke hulp wat die deelnemer verlang: Sy sê dat sy verveeld is met die kinders en wil leer hoe om hulle besig te hou.

Identifisering: Deelnemer 3 [Bylaag 9]

Sy is 'n 38-jarige vrou wat die navorser tydens 'n Amos werkswinkel ontmoet het. Die navorser het haar gekies omdat sy baie lief is vir klein kindertjies en 'n kursus oor die belangrikheid van verhoudingbou met kinders bygewoon het. Sy het standerd 2 geslaag, en is verantwoordelik vir die versorging van 20 babas en kleuters tussen die ouderdomme van 3 maande en 5 jaar. Sy is al twee jaar werksaam in die crèche omdat sy as gevolg van swak gesondheid nie meer buite wil werk nie. Sy was gretig om deel te neem aan die navorsing en het haar werkgewer by die plaas van Werkplek C, se besonderhede aan my verskaf. Die kontakpersoon op die plaas is al jare aan my bekend en sy het die inligting en skriftelike ooreenkomste oorgedra aan haar werkgewer. Die plaas is 8 kilometer buite die dorp en die kinders van die plaas woon almal 'n landelike skool by wat 6 kilometer buite die dorp is. Hulle was onmiddellik te vinde om betrokke te wees by die navorsing en het gevra dat 'n tweede versorger ook opgelei moet word. Fondse is bewillig om die werkplek te ontwikkel.

Identifisering: Deelnemer 4

Sy is 'n 52-jarige vrou wat medeverantwoordelik is vir die kleuters by bogenoemde Werkplek C. Sy het ook standerd 2 geslaag. Sy het aangebied om in die crèche te help as gevolg van haar ouderdom en swak uithouvermoë met fisiese werk.

Behoeftebepaling: Werkplek C. [Bylaag 6]

Werkomstandighede van die versorgers

Deelnemers 3 en 4 word deur die werkgewer betaal uit fondse waartoe die ouers bydra. Die gebou staan tussen die ander huise en is voorheen gebruik as 'n woonhuis. Skoonmaakmiddels en ander voorraad kan bestel word by die plaasbestuurder. Speelgoed vir die kleuters is baie min en stukkend en nie toepaslik vir die verskeidenheid van ouderdomsgroepe nie.

Die gebruik van geletterdheidsvaardighede

Deelnemer 3 lees baie graag, alhoewel die enigste boeke haar Bybel en ou tydskrifte is. Deelnemer 4 se oë is swak, maar sy dra nie 'n bril nie. Die omgewing is nie geletterdheidsryk nie en daar is geen plakkate teen die mure nie. Hulle lees en vertel Bybelverhale vir die kleuters, maar daar is geen ander toepaslike storieboeke vir die babas en kleuters nie. Die skoolkinders se leesboeke word soms vir hulle gelees.

Sterktes

Die verhouding tussen die twee versorgers is een van die grootste voordele. Hulle gee vir mekaar om, bemoedig mekaar en vul mekaar aan sonder om te praat. Daar is 'n gelukkige atmosfeer in die crèche ten spyte daarvan dat dit aanvanklik ongeorganiseerd voorkom. Deelnemer 3 gee aandag aan al die kleuters en toon inisiatief om praktiese oplossings vir probleme te kry. Haar positiewe houding oorheers die armoedigheid van haar lewensomstandighede. Alhoewel haar man 'n drinker is, het hulle 'n goeie verhouding en hy help haar met take in en om die crèche in sy vrye tyd. Hulle kom albei goed oor die weg met die meeste ouers en is nie bakleierig nie.

Probleme en behoeftes

Die ouderdomsamestelling en die hoeveelheid kinders wat binne die beperkte en swak toegeruste omgewing is, veroorsaak probleme en behoeftes wat spontane geleenthede vir die stimulering van taalontwikkeling beperk. Hierdie negatiewe omstandighede, tesame met die positiewe houdings van die werkgewer en die versorgers, maak dat hulle uitstekende kandidate vir die opleiding is.

Spesifieke hulp wat die deelnemers verlang

Hulle wil graag ander gordyne hê en oortreksels vir die plastiekmatrassies. Hulle sou graag kleiner emmers wil hê vir die doeke of dat die ma's weggooidoeke gee. Hulle wil graag beter bêreplek hê, want die dweil is weer gesteel en hulle is bang om nog een te gaan vra. Hulle wil ook speelgoed vir die kinders hê. Die prente val van die mure af en hulle weet nie hoe om dit daar te hou nie.

Identifisering: Deelnemer 5

Sy is 'n 23-jarige vrou wat standerd 9 geslaag het. Sy is verantwoordelik is vir agt 3- en 4-jariges by 'n crèche wat deur haar werkgewer op die terrein van 'n landelike skool begin is. Die navorser het tydens kontak met die skool, wat 7 kilometer buite die dorp is, bewus geraak van die crèche, Werkplek D, en die behoefte vir opleiding. Die aanvanklike kontak was eers met 'n ander versorger wat die ouers nie wou aanvaar nie, gevolglik is hierdie deelnemer later as die ander geïdentifiseer. Die deelnemer was gretig om opleiding te ontvang en die werkgewer het ná 'n onderhoud sy toestemming gegee en hulp en samewerking aangebied.

Die gebruik van geletterdheidsvaardighede

Deelnemer 3 lees baie graag, alhoewel die enigste boeke haar Bybel en ou tydskrifte is. Deelnemer 4 se oë is swak, maar sy dra nie 'n bril nie. Die omgewing is nie geletterdheidsryk nie en daar is geen plakkate teen die mure nie. Hulle lees en vertel Bybelverhale vir die kleuters, maar daar is geen ander toepaslike storieboeke vir die babas en kleuters nie. Die skoolkinders se leesboeke word soms vir hulle gelees.

Sterktes

Die verhouding tussen die twee versorgers is een van die grootste voordele. Hulle gee vir mekaar om, bemoedig mekaar en vul mekaar aan sonder om te praat. Daar is 'n gelukkige atmosfeer in die crèche ten spyte daarvan dat dit aanvanklik ongeorganiseerd voorkom. Deelnemer 3 gee aandag aan al die kleuters en toon inisiatief om praktiese oplossings vir probleme te kry. Haar positiewe houding oorheers die armoedigheid van haar lewensomstandighede. Alhoewel haar man 'n drinker is, het hulle 'n goeie verhouding en hy help haar met take in en om die crèche in sy vrye tyd. Hulle kom albei goed oor die weg met die meeste ouers en is nie bakleierig nie.

Probleme en behoeftes

Die ouderdomsamestelling en die hoeveelheid kinders wat binne die beperkte en swak toegeruste omgewing is, veroorsaak probleme en behoeftes wat spontane geleenthede vir die stimulering van taalontwikkeling beperk. Hierdie negatiewe omstandighede, tesame met die positiewe houdings van die werkgewer en die versorgers, maak dat hulle uitstekende kandidate vir die opleiding is.

Spesifieke hulp wat die deelnemers verlang

Hulle wil graag ander gordyne hê en oortreksels vir die plastiekmatrassies. Hulle sou graag kleiner emmers wil hê vir die doeke of dat die ma's weggooidoeke gee. Hulle wil graag beter bêreplek hê, want die dweil is weer gesteel en hulle is bang om nog een te gaan vra. Hulle wil ook speelgoed vir die kinders hê. Die prente val van die mure af en hulle weet nie hoe om dit daar te hou nie.

Identifisering: Deelnemer 5

Sy is 'n 23-jarige vrou wat standerd 9 geslaag het. Sy is verantwoordelik is vir agt 3- en 4-jariges by 'n crèche wat deur haar werkgewer op die terrein van 'n landelike skool begin is. Die navorser het tydens kontak met die skool, wat 7 kilometer buite die dorp is, bewus geraak van die crèche, Werkplek D, en die behoefte vir opleiding. Die aanvanklike kontak was eers met 'n ander versorger wat die ouers nie wou aanvaar nie, gevolglik is hierdie deelnemer later as die ander geïdentifiseer. Die deelnemer was gretig om opleiding te ontvang en die werkgewer het ná 'n onderhoud sy toestemming gegee en hulp en samewerking aangebied.

Behoeftebepaling: Werkplek D. [Bylaag 6]

Werkomstandighede van die versorger

Die crèche is 'n metaalvraghouer met een venster, sonder ruite, wat onder 'n groot koelteboom staan. Die vloer het hout en 'n ou, stowwerige mat op. Daar is geen gordyne voor die venster nie en die enigste meubels is ses rusbankkussings wat in 'n goeie toestand is. Daar is 'n plastiekteestelletjie en 'n paar motortjies wat deur die eienaar geskenk is. Die versorger word deur die werkgewer betaal en sy moet die kleuters gedurende die werksure van die ouers oppas en besig hou. Hulle word soggens saam met die skoolkinders afgelaai en wanneer die skoolkinders huis toe gaan, bly sy en die kleintjies alleen agter op die afgeleë terrein, tot vyfuur. Sy bring drinkwater in 'n 5-liter kan saam na die werkplek omdat die water uit die Bergrivier kom en die watersuiweringstelsel van die skool buite werking is.

Die omgewing en die organisering daarvan

Die terrein is baie groot en word gedeel met die skool. Die speelarea buite het 'n hoë glyplank en klimraam wat vir ouer kinders bedoel is. Daar is buitetoilette wat nie altyd in 'n werkende toestand is nie, weens waterprobleme. Die kleuters se sakke en kosblikke word in 'n hoek op die grond gesit. Die versorger sit op 'n plastiekhouer met 'n deksel waarin die speelgoed, kryt en papier gebêre word. Omdat die deur van die crèche nie kan sluit nie, neem sy die houer elke middag huis toe.

Kommunikasievaardighede en interaksie met die kleuters

Sy was dadelik gewillig om te gesels oor haar omstandighede en het al die navorsers se vrae beantwoord met goeie oogkontak, taalgebruik en uitspraak. Sy gesels baie met die kleuters en gee vir hulle ouderdomsontoevaslike opdragte, soos die skryf van syfers en name. Sy is baie streng met hulle en hulle moet luister en stil sit. Weens 'n gebrek aan balle, verf, speeldeeg, gom, papier, legkaarte en ander bou- en opvoedkundige apparaat, hardloop hulle buite rond, klouter op die klimraam en slaap in die middag vir lang tye in die warm vraghouer.

Vorige opleiding van die versorger

Sy het self twee klein kindertjies en het nog geen opleiding ontvang om haar vir enige werk te bekwaam nie.

Die gebruik van geletterdheidsvaardighede

Sy hou 'n klaslys en skryf hulle name op elke papier waarop hulle skryf. Sy stuur die papiere saam huis toe om vir die ouers te wys. Sy sit en skryf haar gedagtes neer in 'n hardeband oefeningboek terwyl sy die kleuters oppas en geniet dit om alles wat sy in die hande kry te lees.

Sterktes

Sy kom intelligent voor en wil baie graag opgelei word. Sy neem haar werk baie ernstig op en druk haar begeerte om uit haar omstandighede te kom in haar skryfwerk uit. Sy het haar skryfwerk vir die navorser gegee om te lees en toon dus 'n openheid om haar emosies en wense te deel. Omdat die werkgewer die begin van die groepie geïnisieer het, wil hy graag die vraghouer en omstandighede verbeter. Voor die volgende kontak is ruite ingesit en 'n slot verskaf. Papier word verskaf. Die graad R onderwyseres vra om ook die werksinkels by te woon. Omdat dit sal bydra tot 'n goeie verhouding tussen die twee vroue en ondersteuning aan die versorger sal bied, is daartoe ingestem.

Probleme en behoeftes

Die probleme by hierdie werkplek is so groot dat baie min stimulasie van taalontwikkeling sal kan plaasvind indien die behoeftes van die omgewing nie onmiddellik aangespreek word nie. Haar dringende behoefte om haarself te verbeter maak dat sy 'n waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van die opleidingsprogram en die werksinkels sal kan maak.

Spesifieke hulp wat deur die deelnemer verlang word

Die deelnemer se grootste behoefte is die opleiding. Sy weet ook dat sy geen aktiwiteite kan doen sonder dat sy beter ingerig is nie. Sy besef ook dat haar werkgewer nie 'n plaaseienaar is nie en slegs die kontrakte vir die werkers verkry en huisvesting bied. Sy sê dat hy graag wil help, maar nie baie fondse het nie. Die navorser en sy het saam 'n lys gemaak van die dringendste behoeftes, soos: 'n waterkom vir hande was, 'n handdoek, seep, 'n besem, balle, boublokke, wielspeelgoed, hulpmiddele vir skeppende aktiwiteite en 'n kassie en 'n rak vir die wegpak van voorraad, gordyne en 'n slot vir die deur. Die verskaffing van drinkbare water sal groot probleme uitskakel.

4.4 OPSOMMING VAN DIE BEVINDINGS VAN DIE AANVANGSASSESSERING

Die aanvangsassessment is volgens die Leeruitkomst, Bylae 7, gedoen.

4.4.1 DIE DOEL

Die data oor die bestuur van die crèches, die omgewing en die versorger, is ingesamel om die eerste werksinkel te beplan, aksies te inisieer vir die bevordering van 'n stimulerende omgewing en die ontwikkeling van die opleidingsprogram, en aangeteken op Bylae 7.

4.4.2 DIE BEVINDINGS

Die werkgewers het vrye toegang tot hulle plase en die crèches gegee en ingestem om vervoer te verskaf na die werksinkels. Tydens die onderhoude is verduidelik hoe die navorsing deurlopend

gemonitor en geëvalueer sal word. Die werkgewers was vriendelik en het die vertrouwe uitgespreek dat die opleiding tot voordeel van hulle werknemers en die kleuters sal wees. Vertroulikheid oor inligting wat bekom word, is verseker.

Al die deelnemers kan lees en is Afrikaanssprekend. Die plasingstoets van ABET sal gebruik word vir 'n formele assessering van die deelnemers se geletterdheidsvaardighede soos in Opsomming [Bylaag 7]. Hierdie aanvangsassessering is aangeteken op vorms soos in Bylaag 7, om dit te vergelyk met die leeruitkomstes wat bereik wil word en so die leemtes uit te lig.

4.3.3 ASSESSERING

Leeruitkoms 1: Bied ontwikkelingstoepaslike leeraktiwiteite binne en buite die speelkamer aan, wat holistiese leer en ontwikkeling sal bevorder, met taalontwikkeling as uitgangspunt. [Bylaag 9]

- Slegs Deelnemer 1 toon die vermoë om ontwikkelingstoepaslike leeraktiwiteite binne en buite die speelkamer aan te bied. Behalwe vir die storietyd, is sy egter nog nie bewus daarvan hoe om dit vanuit 'n taalontwikkelingsuitgangspunt te benader nie.
- Gebrekkige hulpmiddele of die kundigheid oor die toepaslike gebruik daarvan, weerhou versorgers om leeraktiwiteite aan te bied.
- Gebrekkige voorsiening van drinkbare water kortwiek waterspel wat sal lei tot verbeelding-spel, gesprekvoering en die uitbreiding van woordeskat.
- Voorraad wat ontoepaslik geberg word, maak dit ontoeganklik vir die kleuters.
- Kruipe of woelige stappertjies meng in met ouer kleuters se aktiwiteite.
- Opvoedkundige speelgoed word uitgegooi en deurmekaar gemaak deur die peuters, wat dit later ontoeganklik maak vir onmiddellike gebruik.
- Versorgers se aandag is gefokus op die fisiese versorging van die kleuters.

Leeruitkoms 2: Neem kleuters waar en identifiseer hulle behoeftes en reaksies op die leeromgewing met die doel om toekomstige aksies en taalstimulasie te beplan. [Bylaag 6 & 9]

- Versorger 1 is bewus van die verskillende behoeftes van kleuters en neem dus nie jonger kleuters in haar groep op nie. Daar is sprake van 'n ekstra persoon om in daardie behoefte te voorsien.
- Die versorgers is bewus daarvan dat die behoeftes van babas en kleuters verskil, maar hulle kan dit nie beskryf of daarvolgens aktiwiteite beplan nie.
- Hulle is nie bewus van die babas en kleuters se emosionele behoeftes en hoe dit hulle vermoë om te leer beïnvloed nie.

- Hulle is nie bewus van die behoefte aan en belangrikheid van spel en hoe dit inpas by hulle taalontwikkeling nie.
- Hulle is nie bewus van die invloed van die leeromgewing op die stimulering van taalontwikkeling nie.
- As gevolg van hierdie onkunde is hulle nie in staat daartoe om aksies vir taalontwikkeling te beplan nie.

Leeruitkoms 3: Ondersteun aktiewe leer en taalontwikkeling deur middel van interaksie en kommunikasie: [Bylaag 6 & 9]

- Versorgers 1, 3 en 5 toon goeie algemene kommunikasievaardighede.
- Versorger 1 gee die kleuters geleentheid om deel te neem aan gesprekke.
- Versorger 5 gee die kleuters geleentheid om te luister om nuwe kennis op te doen.
- Die versorgers is nie bewus van metodes om taal te stimuleer deur middel van interaksie en kommunikasie nie.

Leeruitkoms 4: Gebruik toepaslike tegnieke om met individue, klein groepies en die groot groep hul moedertaal te ontwikkel. [Bylae 6 & 9]

- Deelnemer 1 kan sangspeletjies aanbied om die kleuters se moedertaal te ontwikkel.
- Versorgers weet nie hoe om die probleme in hulle omgewing te oorkom om op 'n beplande wyse taalontwikkeling te stimuleer nie.
- Versorgers beskik nie oor 'n ondersteuningsnetwerk om hulle probleme en behoeftes deurlopend te hanteer nie.
- Die gebrek aan ouderdomstoepaslike prenteboeke weerhou versorgers daarvan om op hierdie wyse kleuters te stimuleer.

4.3.4 BEPLANNING

Die navorser het bogenoemde bevindings as riglyne gebruik om die doelstellings van die werksinkels volgens die dringendste behoeftes te beplan en aan te bied. Die reaksie van deelnemers op elke werksinkel sal die opleiding by elke werkplek volgens die behoeftes en sterktes van die deelnemers bepaal. Na elke besoek aan die werkplek is hierdie evalueringsvorme weer gebruik om vordering aan te dui.

Die doelstellings van elke werkswinkel het gefokus op die stimulasie van taalontwikkeling sodat die oorkoepelende doelstelling bereik sal word, naamlik: dat die versorger daartoe in staat sal wees om tydens die dagroetine taalontwikkeling te stimuleer.

Die navorser het beplan om die houdings en waardes van die versorger ten opsigte van geletterdheid en die taalontwikkeling van kleuters geboorte tot 4 jaar te bevorder, hulle kennis te verbreed oor die taalontwikkeling van kleuters geboorte tot 4 jaar en die belangrikheid van hulle rol in die stimulasie van taal en vaardighede om die taalontwikkeling van kleuters geboorte tot 4 jaar te stimuleer, aan te leer en te oefen.

4.4 DIE WERKFASE

Voordat die navorser die eerste werkswinkel aangebied het, het sy weer die werkgewers en die werkplekke besoek. Sy het 'n geskrewe verslag aan elke werkgewer gegee wat ooreenstem met die assessering op bladsye 57 tot 66. Aanbevelings is gedoen vir die hantering van probleme en behoeftes, wat in sommige gevalle dadelik opgevolg is. Sommige behoeftes was om die werkomgewing te verbeter en in die geval van Werkplek 4 is die behoefte gedeeltelik opgelos toe voorraad afgelaai is. Die navorser het gedemonstreer hoe om deur middel van spel woordeskat aan te leer.

4.4.1 VOORBEREIDINGS DEUR DIE NAVORSER

Die raamwerk vir die verloop van die werksinkels is progressief aangebied sodat nuwe kennis en die inoefening van die toepaslike vaardighede mekaar opgevolg het. Die visuele materiaal vir die omgewingsverryking is vooraf gefotostateer, elkeen se liedjieboek is voorberei en die bandopname is gemaak. Die navorser het ou kleuterboeke by die Provinsiale Biblioteekdienste gaan haal en uitgedeel om sodoende die geletterdheidsomgewing van elke crèche te verbeter. Elke deelnemer het 'n naamkaartjie gekry en 'n lêer en viltpenne wat deur hul werkgewers verskaf is.

Voor die aanvang van elke werkswinkel is die lokaal voorberei in drie verskillende areas. By een area het die deelnemers agter tafels gesit wat uitgekyk het op 'n witbord en 'n 'uitstaltafel', waarop die hulpmiddele en boeke wat gebruik gaan word, aantreklik uitgestal is. Daar was byskrifte by die artikels en die agtergrond was 'n 'aansteekbord' waar gepaste plakkate gemonteer is. Die doel hiervan was om deurlopend die ideale geletterdheidsryke omgewing vir hulle te skep en te demonstreer. By die tweede area is die tafels geskuif dat die navorser en die deelnemers na mekaar kon kyk en gemaklik kon gesels terwyl goeie kommunikasievaardighede toegepas is. Skeppende aktiwiteite en opvoedkundige speletjies is ook daar gedoen. Die derde area was 'n oop ruimte op die mat waar sommige speletjies gespeel en rolspel gedoen is. Die doel van hierdie areas was om te demonstreer

hoe hulle ook verskillende areas kan skep om verveling te voorkom, belangstelling te prikkel en afwagting te skep wat sal bydra tot die stimulering van die kleuters se taalontwikkeling.

Teekoppies en verversings vir teetyd is vooraf aantreklik uitgepak. Die navorser het ook tydens elke werkswinkel 'n ligte middagete aangebied wat sy self voorberei en bedien het. Met verloop van tyd het almal meer gemaklik geraak en gehelp met die inskep en bediening. Dit het 'n gemaklike atmosfeer van vriendskap en vertrouwe geskep, wat die verloop en die uitkoms van die navorsing positief beïnvloed het.

Die goeie voorbereiding van die navorser het aan die deelnemers gedemonstreer dat sy hulle respekteer en dit het hulle selfbeeld gebou.

4.4.2. WERKSWINKELS

Die inhoud van die werksinkels en besoeke aan die werkplek kan as volg opgesom word:

- **Die verskuilde kurrikulum** (Catron & Allen, 1993:34-43) kan beskryf word as die houdings en waardes, klasorganisasie, selfbeeld en selfvertroue, konflikhantering en verhoudingbou, waaraan deurlopend gebou is. Om die rol van die versorger deur interaksie te beskryf, word verwys na Figuur 5-1. (Catron & Allen, 1993:37)

Die verskuilde doelstelling van elke werkswinkel was om selfbeeld, eiewaarde en ook vertrouwe in hulle eie vermoë as versorger te bou. Organisasie van die dagprogram en wisseling van aktiewe aktiwiteite met passiewe aktiwiteite, interaksie en kommunikasie is deurlopend gedemonstreer deur sowel die navorser se metode van aanbieding, as interaksie by die werkplek.

Goeie oordeel is noodsaaklik vir elke versorger en kan slegs ontwikkel deur ervaring in die werkplek, deur ervare persone in die praktyk dop te hou, die verwerwing van nuwe kennis en om elke kind in haar sorg te leer ken as 'n individu. (Catron & Allen, 1993:41)

- **Die sigbare kurrikulum** is die kennis en vaardighede oor die rol van die versorger as die belangrike volwassene in die lewe van die kind om taalontwikkeling te stimuleer op die volgende wyses: beginsels van goeie kommunikasie te oefen; die aanleer van vaardighede om 'n verskeidenheid van betekenisvolle aktiwiteite soos skeppende aktiwiteite, sang en beweging, spel en stories gedurende die dagprogram; omgewingsverryking deur die maak en gebruik van visuele hulpmiddele; die demonstrasie van luister- en praatvaardighede, en

woordeskatuitbreiding deur algemene gesprekke met die kleinste en die aanbieder van besprekingskringe, en ook uitstappies.

4.5 BESKRYWING VAN DIE NAVORSING

Weens die interaktiewe aard van die navorsing het die deelnemers bygedra tot die ontwikkeling van elke werkwinkel en die navorser moes dus noukeurig verslag hou van hulle insette, wat aangeteken is in 'n kronologiese verslag na afhandeling van elke werkwinkel en besoek aan die werkplek.

4.5.1 DIE WAARDE VAN DIE NAVORSING VIR DIE NAVORSER

Dit was vir die navorser 'n nuwe ervaring om nie net die inligting vir die deelnemers te gee en vaardighede te oefen nie, maar ook die deelnemers in elke stap te ken, hulle te raadpleeg, werklik na hulle te luister en te reageer op hulle werklike behoeftes en nie veronderstellings te maak nie. Die inligting wat op hierdie wyse ingesamel is, is toegepas in die werkwinkels, wat die versorgers se selfvertroue gebou het. Die navorser het besef dat in die verloop van hierdie opleiding, die fokus van al die rolspelers gevestig moes wees op die kleuter, wat uiteindelik, na vyf jaar, sal bepaal of die navorsing suksesvol was.

4.5.2 PROBLEME GEÏDENTIFISEER DEUR DIE DEELNEMERS

Tydens die behoeftebepaling en aanvangsassessering het die deelnemers probleme geïdentifiseer, en die navorser en die deelnemers het oplossings voorgestel, om uit te toets.

Probleme:

- Hulle het min of geen ondersteuning van die werkgewers nie omdat alle aksies deur hulle geïnisieer moet word, maar hulle het nie die selfvertroue om dit te doen nie.
- Probleme wat hulle identifiseer word as onbelangrik geag omdat ander mense dink dat hulle nêr kinders oppas. Hulle sal graag wil hê dat die werkgewer, kontakpersone, plaasbestuurders, beheerliggame en ouers moet verstaan hoe belangrik hulle werk is.
- By drie van die vier werkplekke word probleme met water ervaar en by een is daar ook sanitasieprobleme. By twee van die werkplekke is die water ondrinkbaar en dit moet eers gekook word.
- Hulle het min of geen samewerking van die ouers nie. Dit is vir hulle moeilik om die kinders gelukkig te hou as daar nie genoeg skoon doeke of klere is om die kleuters gemaklik te hou nie. Die ouers respekteer nie die insette wat hulle gedurende die dag lewer nie en hulle word gereeld gevloek.

- Ouer kinders en ouers maak in die middag en gedurende die naweek gebruik van die gronde en geboue en breek of verwyder die toerusting.

Omdat vier van hulle nie gewoon was om lees te gebruik om inligting te versamel nie, aantekening by die werkplek te gebruik vir beplanning en die oplossing van probleme nie, toepaslike informasie te sif om dit te gebruik om spesifieke probleme op te los nie, het hulle aanpassings voorgestel:

Aanpassings:

- gee min aantekeninge;
- gee dit in Afrikaans;
- maak die inligting visueel;
- maak dit beskikbaar deur dit op te sit teen die muur;
- maak gebruik van algemene leke-terme om begrippe te verduidelik;
- oefen nuwe vaardighede tydens werkswinkels;
- oefen nuwe vaardighede by die werk met ondersteuning en raad byderhand.

Die positiewe resultate van die opleiding is dat die versorgers nie net kennis en vaardighede aangeleer het om hulle werk beter te kan doen nie, maar hulle het ook hul selfkennis uitgebrei, wat hul houding teenoor hulleself en ander beïnvloed het. Dit het tot gevolg gehad dat hulle hul eie potensiaal ontdek het as die persoon wat bewustelik taal kan stimuleer en dus 'n baie belangrike bydrae kan lewer tot die latere suksesvolle leerervarings van kinders by skooltoetrede.

4.5.3 BESPREKING VAN DIE VERBAND TUSSEN AKSIES EN GEVOLGE VAN DIE NAVORSING

As gevolg van die metodologie van die aksienavorsing het die navorser van die begin af besef dat introspeksie en refleksie 'n baie belangrike rol speel. Tydens die literatuurstudie het sy dus dieper gesoek as net 'n metode om op te lei en bloot kennis oor te dra en vaardighede aan te leer. Die Engelse woord 'education' beteken ook opvoeding en betrek dus houdings, waardes en norme. Om dus ook haar eie waardes, norme en houding te ondersoek, was van kritieke belang. Dit is vanselfsprekend dat jy slegs aan ander kan oordra wat jy self weet en glo. Die basis van hierdie opleiding was dus opregte liefde vir die medemens in nood en dit was ook die dryfkrag agter die proses.

4.5.3.1 DIE METODE VAN OPLEIDING

Die waardes van geloof in die moontlikheid van die mens; agting vir menswaardigheid; nie-veroordeling; individualisering; selfhelp; betrokkenheid by ander; ontmoeting op eie vlak;

vertroulikheid en beheerste emosionele betrokkenheid (Engelbrecht, 1997:59-67), het die houding van die navorser gekenmerk.

Die opbou van die versorgers se geloof in hul eie moontlikhede, die besef van hulle waarde as 'n belangrike faktor in die lewe van die kleuters en die bewusmaking van hul eie sterktes as die ideale versorger, het dit maklik gemaak vir die navorser om nuwe kennis en vaardighede oor te dra omdat hulle 'n positiewe gesindheid ontwikkel het. Gemeenskaplike waardes was dus van die begin af die band wat die versorgers en die navorser as groep saamgesnoer het.

Die versorgers het verstaan dat die kleuters iemand nodig het wat vir hulle omgee terwyl hulle begelei word in die proses om taalvaardighede aan te leer. Hulle is ook deur die eenvoudige wetenskaplike verduideliking van die navorser oortuig dat dit die oplossing is vir beter skolastiese prestasie. Om met gemak te kan leer lees vir inligting, jou kennis en gedagtes te kan neerskryf en die regte wiskundige taal te hê om wiskundige begrippe te verstaan en uit te druk, kan die siklus van laaggeletterdheid en armoede verbreek word.

4.5.3.2 DIE INSETTE VAN DIE DEELNEMERS

Die "stem" van die deelnemers is volledig in die veldnotas van die navorser aangeteken wat slegs hier opgesom word.

Deur die beoefening van kommunikasietegnieke is die deelnemers deurlopend die versekering gegee dat hulle gehoor word en dat hulle opinies as waardevol geag word. Die verhouding tussen hulle en die navorser het veroorsaak dat hulle oor hulle persoonlike en huislike probleme gesels het, en ook oor probleme met die ouers. Hierdie verhouding het dit ook moontlik gemaak dat die navorser hulle baie goed leer ken het en hierdie opleidingservaring kon deurtrek na dit wat in die crèche tussen hulle en die kleuters gebeur.

Alhoewel die deelnemers deurlopend met behulp van vroege gelei moes word om leemtes en probleme self te ontdek, het hulle sinvolle bydraes gelewer om oplossings te formuleer. Die volgende voorstelle is deur die groep gemaak:

- dat die ouer kleuters die kleintjies se hande vashou terwyl daar gesing word;
- dat hulle saam met die kleintjies op die grond beweeg terwyl hulle instruksies uitvoer, soos kruip om die stoel;
- dat die kleintjies op hulle rûe ry terwyl hulle dit doen;

Mettertyd het gesprekke meer en meer gegaan oor die kleuters en hulle reaksie op die kommunikasie en interaksie. (meer volledig in die veldnotas)

Die laaggeletterdheid van die deelnemers het veroorsaak dat daar nie tydens die werkswinkel van aantekeninge gebruik gemaak is nie. Elkeen het egter stelselmatig 'n lêer opgebou, soortgelyk aan die profiel wat die navorser van elkeen saamgestel het.

Die vraagstelling en probleemstelling deur die navorser het die deelnemers laat deelneem aan gesprekvoering om oplossings te soek vir hul eie probleme. As gevolg van die literatuurstudie wat die navorser gedoen het, het sy hulle soms gelei om tot gevolgtrekkings te kom.

Die inoefening van vaardighede tydens werkswinkels het bygedra tot doelgerigte pogings om dit in die werkswinkels toe te pas. Omdat hulle een keer per maand kon gesels oor hoe hulle nuwe vaardighede toegepas het, het hulle mekaar bemoedig en raad gegee.

Die geletterdheidsrykheid van hul omgewing is stelselmatig verbeter deur klaslyste en naamkaartjies wat deur die navorser uitgedruk is, opgesit is, en in die crèches gebruik is.

Na afloop van die navorsing het die deelnemers versoek dat die navorser met hulle moet kontak behou, want hulle het haar raad en ondersteuning nodig.

4.5.3.3 DIE EFFEK VAN DIE NAVORSING OP DIE OPLEIDINGSMETODIEK VAN DIE NAVORSER

- Omdat dit 'n praktiese opleiding was, het die navorser nie vertel hoe om geletterdheid te stimuleer nie, sy het dit deurlopend gedemonstreer deur dit voor te leef en die deelnemers se aandag te vestig die kommunikasievaardighede wat sy besig is om te gebruik.
- Die navorser het bewustelik kommunikasievaardighede voorgeleef, die versorgers bewus gemaak daarvan en geleenthede geskep om hierdie vaardighede te oefen.
- Die kommunikasietegnieke wat gebruik is, het saamgehang met die laaggeletterdheid van die deelnemers.
- Deurlopend is daarop gefokus om die versorgers se ervaring van hul eie taalvaardighede positief te versterk deur waardering en aanmoediging te toon.
- Die bevordering van selfbeeld en die versterking van selfvertroue is ten doel gestel. Daar was geleenthede vir die uitruiling van kennis, ervaring, die ontdekking van leemtes, die ontwikkeling van nuwe vaardighede en ook om mekaar te bemoedig en te ondersteun.
- Die verhouding tussen die navorser en die versorgers het bepaal wat hulle vir mekaar sê.
- Deurdat die navorser gepaste luistergedrag gedemonstreer het, was die versorgers elke oomblik blootgestel aan verbale en nieverbale kommunikasie wat hulle inge oefen het, wat 'n invloed gehad het op die kleuters in hulle sorg.

- Aktiewe luister het 'n groot invloed gehad omdat die deelnemers deurlopend verseker is dat daar geluister word na dit wat hulle sê.
- Aandagskenking is gedemonstreer deur liggaamstaal wat op die persoon wat praat toegespits is.
- Die navorser was deurlopend bewus van kultuurverskille en het die deelnemers se manier om met mekaar te kommunikeer gerespekteer, sonder om haar eie identiteit prys te gee.
- Daar is gebruik gemaak van omgewingsmanipulering deur middel van prente, demonstrasies, rolspel en eksperimentering, sodat die deelnemers se omgewing positief verander is. Nuwe kennis en vaardighede is deurlopend tydens werksinkels geoefen en dit het bygedra tot aandagskenking, motivering en deelname. Nuwe kennis en vaardighede is sodoende vasgelê.
- Deur refleksie is op nuwe aksies besluit, wat die deelnemers daartoe in staat gestel het om die taalontwikkeling van die kleuters in hulle sorg te stimuleer.
- Die proses van leer is vir die deelnemers versnel en was meer intensief vir die navorser omdat kritiese bewuswording en intellektuele studie plaasgevind het.
- Na afloop van elke werksinkel is die data verwerk en gebruik wanneer die navorser die versorger se omgewing besoek het. [Bylae 8 & 9]
- Tydens die besoek het die deelnemers 'n aktiewe rol gespeel. Hierdie besoeke het geleentheid geskep om die versorger in die praktyk waar te neem ten opsigte van die mate waartoe die versorgers in staat was om die nuwe kennis, vaardighede en houdings toe te pas. [Bylae 8 & 9]
- Behoeftes en sterktes wat blootgelê is, is opgevolg deur terugvoering tydens die volgende werksinkel.
- Die navorser het die proses gebruik om die effek van die opleiding op die houdings, waardes, kennis en vaardighede van die groep ten opsigte van taalstimulasie waar te neem, strategieë uit te toets en aan te teken. [Bylae 8 & 9]
- Na afloop van die opleiding het die deelnemers die opleiding geëvalueer. [Bylaag 12]
- Tydens die laaste werksinkel is die deelnemers bedank vir hulle deelname en 'n sertifikaat van waardering is oorhandig. [Bylaag 11]

4.6 OPSOMMING VAN DIE BELANGRIKSTE RESULTATE VAN DIE NAVORSING

Die resultate van die navorsing is dat die navorser self die inhoud van die opleidingsprogram, en ook die opleidingsmateriaal ontwikkel het met behulp van die versorgers se insette tydens die opleiding.

4.6.1 DIE INHOUD

Die belangrikste resultate van die navorsing word gesien as die verskuilde kurrikulum wat die deelnemers oortuig het van die belangrikheid van hulle rol om die taalontwikkeling van die kleuters te

stimuleer. Dit het refleksie oor hulle houding teenoor hulleself, die ouers en die kleuters aangemoedig en hulle houding vir die opleiding bepaal.

Die navorser het die volgende aanhaling deurentyd aan die deelnemers voorgehou:

Who you are – your attitudes, feelings, knowledge and skills – has a tremendous impact on the daily lives of children and comprises the most important component of the invisible curriculum. (Catron & Allen, 1993: 34)

Dit was dus nodig dat hulle kennis dra van taalontwikkeling, die emosionele klimaat in die crèche, die voorwaardes vir leer en die eienskappe van die ideale versorger. Die verbetering van hulle werkomgewing het hulle moed gegee om die nuwe uitdaging van taalstimulasie aan te pak. Die inoefening van nuwe vaardighede by die werkplek, met die ondersteuning en aanmoediging van die navorser, het daartoe bygedra dat sinvolle vordering waargeneem is. Die navorser glo dat, vir volhoubaarheid, langer betrokkenheid van 'n belangstellende kundige nodig is.

4.6.1.1 DIE OPLEIDINGSMATERIAAL

- 'n Handleiding sal nog nie beskikbaar wees nie, aangesien dit deur die loop van die navorsing ontwikkel is en nie die fokus van hierdie navorsing was nie. Na afloop van die navorsing sal dit wel beskikbaar gemaak word as geskenk om waardering te toon vir hulle deelname.
- Visuele hulpmiddele is voorberei deur die navorser en voltooi deur die deelnemers, wat bygedra het tot die verryking van die geletterdheidsomgewing. Alles is gelamineer om te verseker dat dit behoue sal bly wanneer die kleuters dit hanteer en in 'n "flip file" gebêre. [Foto's in Bylaag 13]
- Prentebouke, opvoedkundige speelgoed en buitenspelapparaat wat ouderdomstoepaslik is, is verskaf. [Bylaag 13]
- 'n Liedjieboek is saamgestel wat temagerig is, tesame met 'n tuisgemaakte bandopname. [Bylaag 13]
- 'n Opvolgdiens na elke werkswinkel verskaf om vordering te monitor en hulp te verleen.

4.6.2 DIE METODE

Die ontwikkeling van die metode het voortgevloei uit die besoeke aan die werkplek, waar die opleiding tydens die werksinkels uitgetoets is met die realiteit van die teenwoordigheid van die kleuters

Die navorser het daarin geslaag om 'n deelnemende metode van opleiding te ontwikkel. Die insette van die deelnemers het deurlopend belangrik gebly en min inligting is oorgedra as lesings. Die houdings van die deelnemers is van deurslaggewende belang, daarom is die belangrikheid van

motivering nie onderskat nie. Die aanslag en persoonlikheid van die navorser het daartoe bygedra om verhoudinge te bou wat die kommunikasie tussen die deelnemers en die fasiliteerder bepaal het. Gesprekvoering en interaksie by die werkswinkels het die versorgers gemotiveer om nuwe kennis en vaardighede by die werkplek uit te toets. Omdat die groep slegs uit 5 deelnemers bestaan het, kan dit miskien lyk asof dieselfde resultate nie behaal sal kan word met groter groepe nie. Die navorser is egter optimisties daarvoor as gevolg van haar vorige ervaring met werkswinkels wat oor jare strek en die oortuiging dat die metode ook suksesvol deur ander fasiliteerders gebruik sal kan word.

By die werkplek het die navorser die aanleer van beskrywende woordeskat gedemonstreer tydens die dagprogram sonder om inbreuk te maak op die gevestigde roetine omdat sy bewus is daarvan dat dit vir die versorgers werk. Sy het haar laat lei deur dit wat op daardie oomblik by die crèche gebeur, en deur interaksie gedemonstreer hoe om deur vrae, instuksies en gesprekke die kleuters uit te lok tot gesprekvoering, terwyl hulle speel. Daar is spesiale aandag gegee aan die sortering van items volgens hulle verskillende eienskappe, terwyl die navorser demonstreer het hoe om die omgewing te organiseer. Die deelnemers is terselfdertyd geleer hoe om die kleuters bloot te stel aan wiskundige konsepte en woordeskat.

4.6.2.1 DIE GEVOLGE VAN DIE METODE VAN OPLEIDING

- Deur die bewusmaking van die belangrikheid van hierdie tydperk in die kleuter se lewe en die rol wat hulle kan speel, is die versorgers aangespoor om nuwe vaardighede aan te leer.
- Hulle het begin glo in hulle eie vermoëns om effektief die rol van 'n liefdevolle moeder te vervul en sodoende 'n verskil te maak aan die toekoms van kinders in hulle sorg.
- Hulle het begin glo dat hulle daartoe in staat is om hulle eie lewens te verbeter en 'n positiewe invloed te hê op die kleuters se toekoms en so 'n bydrae te lewer tot die ontsnapping uit die siklus van armoede.
- Deelnemer 3 het 'n besonderse blymoedigheid en standvastigheid om anders te wees in 'n gemeenskap waar drankafhanklikheid 'n afbrekende invloed het. Die navorser glo dat dit haar vaste vertroue in die nabyheid, versorging en liefde van God is wat haar houding bepaal. Dit het ook positief deurgesuur na Deelnemer 4, wat ook 'n stille innerlike krag het.
- Ten spyte van die armoedigheid van hulle bestaan en laaggeletterdheid, glo die navorser dat hulle die grootste impak het op die kleuters, as gevolg van hulle gevestigde waardes.
- Die opregte belangstelling in mekaar se geluk en sukses by die werkplek het na vore gekom toe die deelnemers gevra het of hulle mekaar se werkplekke kan besoek.
- Die versorgers en die navorser het die fisiese veranderinge by Werkplek 3 gevier met koek en tee. Die navorser was diep geraak deur die band wat tussen hulle ontstaan het.

- Hierdie uitstappie sowel as in hul evaluering van die opleiding [Bylaag 13] het getoon dat die versorgers se werk vir hulle 'n beroep geword het en dat hulle waardevol voel as mense wat 'n bydrae kan lewer in hul gemeenskap.

4.6.3 DIE GEVOLGE VIR DIE DEELNEMERS

Die waarde van groepwerk as 'n vertrekpunt vir die navorser het die gewenste effek op die selfbeeld van die deelnemers gehad. Hulle het sukses ervaar, wat weer selfvertroue in die hand gewerk het. By die werkplek het die navorser egter gemerk dat die versorgers verlig was om haar weer te sien, net om weer moed te skep vir die dagtaak. Dit was veral opsigtelik by Werkplek 3, waar daar baie kleuters onder 3 jaar is. Die navorser is egter bewus daarvan, ook uit eie ervaring, dat selfbeeld en selfvertroue van dag tot dag afgebreek word deur interaksie met ander mense, jouself en omgewingsfaktore. Langdurige sukses en beloning daarvoor is nie eens genoeg om dit in stand te hou nie. 'n Program van voortgesette ondersteuning, saam met ervaring, sal mettertyd die versorger help om moed te hou.

Vir Deelnemer 1 is werkswinkels niks nuuts nie. Deur die jare het die navorser waargeneem dat sy werklik lief is vir kinders en hoe sy haar eie vaardighede opgebou het. As gevolg van die opleiding (sê sy) is sy nou meer gefokus op die taalontwikkeling van die kleuters. Die navorser het waargeneem dat sy die hele dagprogram benut om woordeskat aan te leer. Deur die verbreding van die kleuters se wêreld tydens besprekings oor nuwe onderwerpe met die gebruik van toepaslike prentboeke en agtergrond materiaal wat sy tydens die opleiding ontvang het, glo die navorser dat sy 'n groot verskil sal maak aan die kleuters se vermoë om op skool suksesvol te leer lees, skryf en reken. Sy het die begeerte om die ouers meer te betrek by die stimulering van hulle kinders tydens die aanbieding van oueraande. Sy het die nuwe versorger vir die babas tot 3 jaar se omgewing help inrig dat dit geletterheidryk is en haar aangemoedig om stories te lees. Sy het party van die geskikte boekies en ouderdomstoepaslike speelgoed aan haar beskikbaar gestel. Sy wou hierdie versorger inskakel by die opleiding, maar hoop op meer sukses by volgende werkswinkels. Sy het die ander deelnemers aangemoedig deur haar getroue bywoning, deelname aan besprekings om oplossings vir probleme te vind, raad te gee, eie ervarings te deel en spontane deelname aan rolspel en die inoefening van nuwe vaardighede, terwyl sy die ander help om ook suksesvol te wees. By die werkplek het sy 'n poging aangewend om die administrasie te verbeter deur hulp van 'n naburige gemeenskapsontwikkelaar in te roep. Gevolglik is daar beter samewerking van die ouers en bestuur en haar salaris word gereeld betaal.

Deelnemer 2 het die grootste verandering getoon en sy het dit ook in soveel woorde uitgedruk. Aanvanklik was sy stug en het traag voorgekom. Mettertyd het sy begin deel dat sy geneig is tot depressie en nie graag gesels het nie. Dit het veroorsaak dat daar nie interaksie met die kleuters was

nie en dat sy naweke te veel gedrink het. Die opleidingsgeleentheid het nuwe vriendskappe laat ontstaan, onder andere met deelnemer 1, wat haar aangemoedig het om haar by die kerk te ontmoet en ook die ondersteuningsgroep vir alkoholiste by te woon. Sy het begin teken, haar opvoedkundige hulpmiddele wat sy tydens die opleiding gemaak het gebruik en dit opgesit teen die mure van haar crèche. Sy het gesê dat haar gemoed “opgelig” het en die navorser het waargeneem dat sy meer met die babas gesels terwyl sy hulle droogmaak en die kleuters aanmoedig terwyl hulle skeppende aktiwiteite doen en opvoedkundige speletjies speel. Sy het ook die begeerte uitgespreek dat sy graag die crèche sal wil verbeter met ‘n speelparkie vir die kinders. Hierdie waarnemings het die navorser verbly omdat sy intelligent is en ek glo dat sy baie moontlikhede het.

Deelnemers 3 en 4 se vrolike entoesiasme, ten spyte van hulle ooglopende armoede, het die navorser verbaas laat staan voor hulle moedigheid. Hulle toon ‘n opregte liefde vir die kleuters. Deelnemer 4 se sagte geduld met die kleinste is opsigtelik, terwyl Deelnemer 3 sorg dat die ouer kleuters besig bly. Hulle goeie verhouding is die faktor wat die mees positiewe uitwerking op die kleuters het. Hulle voorbeeld van rustige samewerking skep ‘n veilige hawe vir die kleuters, waar hulle kan gedy ten spyte daarvan dat daar eintlik te min personeel vir die aantal kleuters van geboorte tot 3 jaar is. Deelnemer 3 het die wens uitgespreek om ‘n kursus te volg om meer te leer oor die babas se voeding en hoe om hulle beter te versorg.

Hulle betrokkenheid by die navorsing het die realiteit van die probleem van taalstimulasie onder sulke omstandighede beklemtoon en almal laat saamwerk om die probleem te help oplos. Omdat daar geen sprake van ‘n gestruktureerde dagprogram kan wees weens die fisiese behoeftes van die kleinste nie, moes maniere uitgedink en ingeoefen word oor hoe om taal te stimuleer ten spyte van die ongunstige omstandighede. Die navorser en die deelnemers het besluit dat die verbetering van die buitenspeelplek en die aanskaffing van ouderdomstoepaslike speelgoed, interaksie en gesprekvoering sal stimuleer en die ouer kleuters deur sinvolle spel soms onafhanklik van die versorgers, hulle eie leer sal kan konstrueer. Die werkgewer het fondse bewillig en plastiekstoeltjies, tafeltjies, opvoedkundige speelgoed en buitenspelapparaat is aangekoop. Die plaasbestuurder het die versorger se man laat help om buitebande vir ‘n groot sandput te plant en skoon sand uit die rivier aangery. ‘n Groot plastiekhouer met ‘n kraan is aangeskaf om gekookte drinkwater beskikbaar te stel. Tydens waterspel is daar opgemerk dat ‘n natuurlike reaksie van die kleuters is om dit te wil drink. As gevolg van die ondrinkbaarheid van die water wat uit die rivier kom, sal waterspel eers weer gedoen word nadat die wateraansluitings voltooi is.

Deelnemer 5 se omstandighede het die versorgers en navorser ook baie laat kop krap omdat die water-situasie buite hulle beheer was.

Al die deelnemers het die wens uitgespreek dat die navorser 'n oueraand moet aanbied. Die navorser het ingestem en gesê dat sy op hulle wag om die datum en tyd vas te stel. Nog nie een van hulle kon daarin slaag om die ouers sover te kry nie. Hulle voel dat die ouers nie die belangrikheid van hul werk besef nie.

4.6.4 DIE GEVOLGE VIR DIE KLEUTERS

Die navorser het by al vier die werkplekke waargeneem dat die versorgers meer betrokke is by die kleuters deur met hulle te gesels op hulle ouderdomsvlak. Die babas van geboorte tot 18 maande word ook meer gestimuleer deurdat die ouer kleuters hulle betrek by sing en dansspeletjies. Die versorgers moedig dit ook aan tydens vryspel en hulle haal die speelgoed uit vir die kleuters om mee te speel sodat hulle uiting aan hul verbeelding kan gee. Die apparaat word deur die kleuters, met behulp van die versorgers, gesorteer volgens soort wanneer dit weggepak word om te begin leer hoe om beskrywende woorde te gebruik. By drie van die vier werkplekke word die woordeskat en taalgebruik van die kleuters doelgerig gestimuleer deur die versorgers. Deur temabesprekings, die gebruik van die visuele hulpmiddele, sang en spel kry die kleuters so geleentheid om, deur interaksie met die versorger, taalvaardighede te ontwikkel deur inligting oor te dra. Dit is egter nog net 'n begin, maar daar is entoesiasme by die kleuters om te wil leer. By al die werkplekke is storietyd die gunsteling, want die versorgers geniet die rustige tydies saam met die kleuters. Selfs die kleinste word toegelaat om soms die boekies te hanteer. Deelnemers 3 en 4 moes aangemoedig word om alles nie so hoog weg te pak nie. Daar is egter baie begrip daarvoor omdat die kleinste geniet om alles net uit te gooi.

By die Werkplek 3, met die 20 kleuters, sukkel deelnemers 3 en 4 nog om die aktiwiteite te organiseer, maar hulle geniet die geleentheid baie om met die kleuters te speel.

4.6.5 DIE NEGATIEWE UITVLOEISELS VAN DIE NAVORSING

Deur die opleiding is daar 'n behoefte by die deelnemers geskep vir verdere kontak met die ander deelnemers en die navorser. Selfs die kleuters het daarna uitgesien om vir 'juffrou' weer te sien. Die navorser het besef dat die versorgers nog steeds ondersteuning nodig het en sy het gevoel asof sy hulle in die steek laat. 'n Raamwerk vir ondersteuning sal geskep kan word deur gemeenskapsbetrokkenheid en opvolgbesoeke en verdere werkswinkels saam met nuwe versorgers.

4.7 OORSIG:

- Daar is beskryf hoe die identifisering van die teikengroep en behoeftebepaling tydens die beplanningsfase plaasgevind het om die uitwerking van die opleiding te monitor en verdere beplanning te ondersteun. Elke deelnemer se unieke eienskappe en werksomstandighede is

beskryf, en hoe sy kennis voor die begin van die opleiding toegepas het om taal te stimuleer. Haar gebruik van geletterdheidsvaardighede, kommunikasievaardighede en interaksie met die kleuters is ook beskryf. [Bylae 9 & 10]

- Die deelnemers se probleme en behoeftes en die spesifieke hulp wat elkeen verlang het, is aangeteken.
- 'n Opsomming van hoe hierdie opleiding verskil van ander, is opgesom in Tabel 4.1.
- Die opleidingsproses as deel van die werksfase is verduidelik deur middel van Tabel 4.2. Die inhoud van die van die sewe werkswinkels wat elkeen uit verskeie sessies bestaan het, is opgesom en die voorbereidings deur die navorser is beskryf.
- Die inhoud van die sessies is volgens leeruitkomstes beplan met groepwerkdoelstellings. Die doelstellings van elke tipe groepwerk het die onsigbare kurrikulum van die taalgesentreerde uitgangspunt ondersteun. Die sigbare kurrikulum wat in verskeie sessies verdeel is, is beskryf, en ook die sewe besoeke aan die werksplekke, waar die toepassing van nuwe, houdings, waardes, kennis en vaardighede gemonitor is.
- 'n Kort opsomming is gegee van die bevindings van die aanvangsassessering volgens die leeruitkomste.
- Die navorsing is beskryf volgens die besondere waarde wat dit vir die navorser as fasiliteerder gehad het.
- Probleme wat deur die deelnemers geïdentifiseer is, is aangedui saam met moontlike oplossings.
- Daar is 'n volledige bespreking gedoen van die verband tussen die aksies en die gevolge van die navorsing ten opsigte van die metode van opleiding, en die insette van die deelnemers.
- Daar is verwys na omgewingsmanipulering.
- 'n Opsomming van die belangrikste resultate van die navorsing is gedoen volgens die inhoud, die gevolge vir die deelnemers en die kleuters.
- Die effek van die navorsing op die opleidingsmetodiek van die navorser is beskryf as 'n praktiese voorlewing van die gebruik van geletterdheidsvaardighede, kommunikasietegniese en die uitlewing van leierskaprolle en lewenswaardes.
- Die gevolge van die metode van opleiding is volledig beskryf.

In Hoofstuk 5 word bevindings en aanbevelings gedoen met die navorsingsvrae in gedagte. [1.7:4]

HOOFSTUK 5

BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In die rasionaal vir die studie is dit gestel dat die probleem van die lae skolastiese prestasie van landelike leerders ten opsigte van geletterdheid die navorsing geïnspireer het. Die navorser het besef dat die probleem geleë is binne die invloedssfeer van die Departement van Onderwys, maar as gevolg van studies en ervaring het sy tot die slotsom gekom dat die oplossing vóór skooltoetreding gevind sal word en dat alle strategieë tot dusver nie effektief was nie omdat die oplossing binne die invloedssfeer van die Departement van Sosiale ontwikkeling val. Figuur 5.1 toon hoe die stimulasie van taalontwikkeling tot dusver nie deur een van die departemente gehanteer is nie.

Figuur 5.1 DIE PROBLEEM



Met verloop van die ondersoek het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat daar groot onkunde bestaan betreffende die potensiaal van die kleuter van geboorte tot 4 jaar om taal aan te leer. Sy het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die oerrol van die gesin om 'n geborge omgewing vir die kleuter te skep, waar hy op 'n natuurlike manier deur interaksie van geliefdes taal aan leer, verlore gegaan het in die kringloop van armoede en gesinsverbrokkeling en die stryd om oorlewing. Die fisiese versorging van kwesbare kinders het voorrang gekry, terwyl hulle emosionele behoeftes wat verhoudings vestig, wat die aanleer van taal bepaal, op 'n groot skaal verwaarloos word as gevolg van onkunde.

5.2 DIE OPLEIDING VAN LAAGGELETTERDE VERSORGERS IN 'N LANDELIKE GEBIED OM DIE TAALONTWIKKELING VAN KLEUTERS GEBOORTE TOT 4 JAAR TE STIMULEER.

Die belangrikste rede waarom die navorser besluit het dat die versorger die persoon is wat opgelei moet word om taalontwikkeling te stimuleer, is omdat sy saamstem met Kreppner, soos beskryf in Hoofstuk 1.4, bladsy 2, naamlik die verhouding tussen die een wat opvoed of onderrig en die een wat leer. Deur die opleiding is dus gepoog om deur kennis en vaardighede die houding van die versorger te beïnvloed sodat 'n emosionele klimaat geskep word waarbinne positiewe en beplande interaksie kan plaasvind.

Om aan te sluit by die leerbehoefte van laaggeletterde versorgers, is gefokus op hul sterktes, naamlik hul moederinstink om te versorg, hul liefde vir God, hul wens om 'n doelgerigte lewe te lei wat Hom behaag en hul liefde vir klein kindertjies.

BEVINDING 1

Deur die bestudering van opleidingsprogramme het die navorser waargeneem dat die opleiding van versorgers fokus op die sigbare kurrikulum, soos die fisiese versorging en veiligheid van die kleuters. Die geskiktheid van versorgers om kleuters ook emosioneel te versorg, soos aangedui in die verskuilde kurrikulum, word glad nie belangrik geag nie. Versorgers word gevolglik nie volgens die verlangde eienskappe gekeur of opgelei om die potensiaal, om vir ander mense se kinders lief te hê, te ontwikkel nie.

AANBEVELING 1

Dit is noodsaaklik dat opleidingsprogramme fokus op die geestelike ontwikkeling van die versorgers. Opleiding om taal te stimuleer, wat nie gefundeer is in medemenslike liefde en die bou van goeie menseverhoudings nie, kan volgens die navorser nie volhoubaar wees nie. Die vestiging van 'n stewige taalbasis om geletterdheid te bevorder is dus opgesluit binne die vermoë van die mens om liefde om te skakel in handeling.

5.2.1 DIE PROSES

- Inligting is verskaf oor sekere onderwerpe waarop die navorser besluit het, om die deelnemers se kennis en vaardighede te verbeter.
- Deur besprekings is die groep bemagtig om hulle self te help deur te fokus op onderwerpe wat ontstaan uit die behoeftes en probleme van die deelnemers. Daar is dus geleenthede geskep vir

die uitruiling van kennis, ervaring, die ontdekking van leemtes, die ontwikkeling van nuwe vaardighede en ook om mekaar te bemoedig en te ondersteun.

- Die versorgers het hul eie potensiaal ontdek deur bewuswording en insig deurdat geleentheid gebied is om meer omtrent hulleself te leer, om persoonlike doelstellings te ondersoek en te ontwikkel en hulself en ander beter te leer verstaan.
- Deur programaktiwiteite, blootstelling aan nuwe ervarings, gestruktureerde oefeninge, rolspel, ensovoorts, is geleentheid gebied vir sosiale interaksie met ander versorgers. Hulle kommunikasie- en sosiale vaardighede het gevolglik verbeter.

BEVINDING 2

Die opleiding is 'n proses waarin daar aandag aan sowel die verskuilde kurrikulum as die sigbare kurrikulum geskenk word.

AANBEVELING 2

Opleiding behoort nie net eenmalig te geskied deur kort insette van kennis nie, maar moet ook geleentheid bied vir die voortdurende versterking van vaardighede deur inoefening en monitering in die werkplek deur die fasiliteerder van die werkswinkels. Die versorger het tyd nodig om nuwe kennis en kommunikasievaardighede te slyp deur dit te oefen en te gebruik sodat haar vaardighede uitgebrei kan word. Opvolgessies moet beplan word volgens die voortdurende evaluering van die behoeftes van die versorgers en moet aangepas word daarvolgens.

5.2.2 DIE OPLEIDINGSMATERIAAL

BEVINDING 3

Die meeste handleidings is nie beplan teen die agtergrond van die versorger se geletterdheidsvlak nie, of is minder toeganklik om agterna onafhanklik te gebruik. Die opleidingsmateriaal is selde in Afrikaans beskikbaar en nie altyd gerig op die kleuter in die lae-ekonomiese groep nie. Dit bevat geen opleiding in die vaardighede om bronne doelgerig in 'n arm landelike omgewing te gebruik nie. Daar is min apparaat om die leeromgewing te verryk.

AANBEVELING 3

Die opleidingsmateriaal wat die navorser ontwikkel het, moet saamgestel en aangebied word as 'n bron vir fasiliteerders om laaggeletterde Afrikaanssprekende versorgers in 'n landelike gebied op te lei. Verkorte inligting wat as verwysingsmateriaal gebruik kan word vir selfevaluering en beplanning, moet aan die versorgers beskikbaar gestel word. Die versorgers moet bewus gemaak word van die gebruik van bronne deur hulp te verleen vir die vestiging en instandhouding van 'n geletterdheidsryke omgewing.

5.2.3 METODEDES VAN OPLEIDING

Die navorser glo dat die metode waarop opgelei word, en nie net die inhoud van die opleidingsprogram nie, die sukses bepaal. Die navorser is gemotiveer deur haar liefde vir kinders en haar besorgdheid oor die kringloop van armoede waarin hulle vasgevang is. Indien sy dus hierdie liefde oorsit in aksie, sal sy deur interaksie taalvaardighede kan demonstreer en 'n rolmodel vir die versorgers wees vir die aanleer van goeie kommunikasievaardighede, soos sy van hulle verwag.

Die geestelike ontwikkeling is deur middel van die verskuilde kurrikulum deurlopend ingevleg terwyl nuwe kennis en vaardighede aangeleer is. Die gesegde '*woorde wek, maar voorbeelde trek*' het die kern van die praktiese opleidingsmetode gevorm.

Die funksies van taal is voortdurend gedemonstreer deurdat geleenthede vir die versorgers geskep is om met mekaar te praat. Hulle word daarop gewys dat die kleuters ook geleenthede moet kry vir gesprekvoering en vraagstelling, die deel van emosies en die stel van versoeke. Die kleuters moet ook reageer op opdragte wat gegee word.

Die navorser het verwag van die versorgers om te reageer op vrae en opmerkings en om aanduidings te gee van waarin hulle geïnteresseerd is, en hulle behoeftes en begeertes. Daardeur het die versorgers geleer om dieselfde met die kleuters te doen.

Daar is van gebare, oogkontak, liggaamshouding, gesigsuitdrukking en stemkwaliteit gebruik gemaak omdat kleuters in die vroeë taalstadium baie staat maak op nieverbale taal om betekenis te gee aan dit wat hulle hoor en wat hulle self wil oordra. Hulle is bewus gemaak daarvan dat taal gebruik word om behoeftes uit te druk, om ander se gedrag te beheer, vir interaksie, om gevoelens en opinies uit te druk, om uiting aan verbeelding te gee, om vrae te stel en inligting oor te dra. Die versorgers is bewus gemaak daarvan om al hulle sinne te gebruik om die behoeftes vas te stel van die kleuters wat nog nie kan praat nie.

BEVINDING 4

Die navorser het waargeneem dat deur spesifiek aandag te gee aan die verskuilde kurrikulum, die houdings van die versorgers gedurende hierdie tydperk kan verander teenoor hulle self, hul medeversorgers en die kleuters.

AANBEVELING 4

Die versorgers moet oorspoel, deurdrenk en deurweek word met taalvaardighede oor 'n tydperk,

op so 'n wyse dat haar selfbeeld versterk word en haar houding 'n positiewe uitwerking sal hê op die kleuters en die ouers. Die fasiliteerders moet dus bewus gemaak word van die verskuilde kurrikulum.

5.2.4 DIE INVLOED VAN DEELNEMENDE AKSIENAVORSING OP DIE OPLEIDINGS-METODE

Die metodologie het die navorser gehelp om 'n opleidingsmetode te ontwikkel wat daartoe bygedra het dat die volgende gebeur het:

- dit het die vaardighede van deelnemers bevorder;
- dit het in die werkplek plaasgevind;
- die versorgers het van die werkplek geleer in die werkplek;
- die terugvoering van data in die kringloopproses is gebruik om die kwaliteit van menslike aksies te verbeter;
- die kringloopproses het bestaan uit 'n siklus van beplanning, aksie, reflektoring, herbeplanning en aksie;
- dit het gefokus op die huidige kommerwekkende saak van lae skolastiese prestasie van landelike leerders;
- dit is 'n ondersoek as 'n persoonlike poging van die navorser om praktyk te verstaan, te verbeter en te verander.

BEVINDING 5

Die navorser het ervaar en waargeneem dat die deelnemende metode verandering teweeggebring het in die navorser en deelnemers se definisies van hulle professionele vaardighede en rolle. Die deelnemers se ervaring van eiewaarde en selfvertroue het vermeerder en hulle houdings en waardes ten opsigte van die stimulering van taalontwikkeling het verander.

AANBEVELING 5

Die behoeftes en opinies van die deelnemers moet in ag geneem word by opleiding, want wanneer die versorgers in hulle eie potensiaal glo, kan hulle ook glo in die moontlikhede van die kleuters in hulle sorg en weet dat hulle interaksie met die kleuters sal vrugte afwerp.

5.3 RESULTATE VAN DIE NAVORSING

Die navorsing het belangrike aspekte rondom die opleiding van laaggeletterde versorgers na vore gebring.

5.3.1 DIE INHOUD VAN DIE OPLEIDINGSPROGRAM.

Die leemtes van bestaande opleidingsprogramme vir laaggeletterde versorgers is geïdentifiseer en aanpassings is gemaak om dit uit te skakel.

5.3.1.1 DIE LEEMTES

- Die doelgerigte stimulasie van geletterdheid word nie erken as 'n belangrike strategie vir die omkering van ongeletterdheid en die armoedesiklus nie.
- Die beskikbare opleidingsprogramme word nie doelgerig aangevul of uitgebrei om die vorige kennis, vaardighede en houdings ten opsigte van taalontwikkeling en kommunikasievaardighede te versterk nie.
- Daar is gebrekkige motivering van die versorgers om betrokke te raak by die kleuters se taalontwikkeling.
- Faktore wat die emosionele klimaat in die werkplek beïnvloed, soos verhoudings met die werkgewers, ouers en die kleuters, word nie aangeraak nie.
- Dit is nie beplan teen die agtergrond van hul fisieke omgewing en hul ondersteuningsraamwerk nie.
- Daar word nie geleentheid geskep vir die inoefening van nuwe kommunikasievaardighede nie.
- Daar word meestal gefokus op kennis en vaardighede en nie op houdings en waardes nie.
- Daar word nie geleentheid geskep om 'n gedeelde visie tussen die werkgewers, ouers en versorgers te ontwikkel en so verhoudings te bou nie.

5.3.1.2 DIE AANPASSINGS

A. KENNIS EN VAARDIGHEDE

Tydens die opleiding is die volgende kennis en vaardighede prakties oorgedra deur middel van besprekings en aktiwiteite:

- Die versorgers is gelei om hulle eie potensiaal te ontdek om vir ander mense se kinders lief te wees en te leer hoe om dit uit te leef deur middel van interaksie.
- Hulle het geleer hoe om effektief te kommunikeer deur die verloop van die dag terwyl elke aksie 'n betekenisvolle taalaktiwiteit word.
- Hulle het geleer hoe hulle goeie rolmodelle kan word vir die kleuters om taalvaardighede by aan te leer. Die navorser het bronne beskikbaar gestel, deur die samewerking van die werkgewers en die pogings van die deelnemers, om 'n geletterdheidsryke en stimulerende omgewing te skep.
- Die versorgers is blootgestel aan kalenders, weerkaarte, prente, opskrifte en storieboeke.

- Hulle moes hulle geletterheidsvaardighede demonstreer deur die aflê van die ABET plasingstoets en die “Informal reading inventory”.

B. HOUDINGS EN WAARDES

Tydens hierdie studie het die navorser bevind dat die selfbeeld van laaggeletterde vroue, wat bewus gemaak is van die belangrikheid van hulle taak, se houding en waardes ten opsigte van kleuters verander kan word. Daar is bevind dat hulle met groter toewyding interaktief omgaan met die kleuters deur die loop van die dag, terwyl hulle op kommunikasie fokus. Daar is waargeneem dat die versorgers as groep aan hulle werk begin dink as ‘n beroep waarop hulle kan trots wees. Hulle het ‘n verbondenheid met mekaar ervaar vanweë gedeelde waardes, soos hul liefde vir God en hul medemens, en nuwe kennis en vaardighede ten opsigte van die taalontwikkeling van kleuters vanaf geboorte tot 4 jaar. Vanweë die deelnemende aard van die opleiding het hulle begin glo in hulleself en het hulle begin beseft dat die gebrekkige waardering en samewerking van die ouers hulle aftakel en ontmoedig.

Die positiewe resultate van die opleiding is dus dat die versorgers nie net kennis en vaardighede aangeleer het om hulle werk beter te kan doen nie, maar hulle het ook hul selfkennis uitgebrei, wat hul houding teenoor hulleself en ander beïnvloed het. Dit het tot gevolg gehad dat hulle hul eie potensiaal ontdek het as die persoon wat bewustelik taal kan stimuleer en dus ‘n baie belangrike bydrae kan lewer tot die latere suksesvolle leerervarings van kinders by skooltoetrede.

5.3.2 DIE POTENSIAAL VAN DIE VERSORGERS

Daar is bevind dat versorgers die potensiaal het om ‘n liefdevolle, emosionele band met die kleuters te vestig, maar dat dit saamhang met die verhouding tussen die versorger en die ouer. Dit is vir die versorger makliker om ‘n positiewe verhouding oor te dra op die kind as om negatiewe ervarings te verwerk sodat sy nie onbewustelik bevooroordeel optree teenoor die kleuter nie.

5.3.3 DIE METODE VAN TAALSTIMULASIE

Een van die belangrikste bevindings oor die metode van taalstimulasie wat na vore gekom het, is dat die versorgers elke aktiwiteit gedurende die dag moet aangryp as ‘n geleentheid om taal te stimuleer. Deur middel van die vaardighede wat hulle geoefen het tydens die opleiding en die nuwe kennis oor die betekenisvolle spel en aktiwiteite, sal hulle met verdere hulp en ondersteuning daartoe in staat wees om die kleuters se taalontwikkeling te stimuleer.

5.4 TEKORTKOMINGE VAN HIERDIE NAVORSING

BEVINDING 6

Die navorsing het 'n beperkte omvang gehad ten opsigte van die hoeveelheid deelnemers en omdat dit op die bepaalde tyd beëindig moes word. Dit het die behoefte van die versorgers slegs gedeeltelik gehanteer en daar is waargeneem dat hulle 'n behoefte het aan voortgesette bemoediging en ondersteuning. Deelnemer 5, wat die meeste potensiaal getoon het, het weens ontoereikende betaling weer in die lande gaan werk en deelnemers 3 en 4 het die navorser kom opsoek vir aanmoediging. Deelnemer 2 het weer in slegte gewoontes verval en sukkel met haar gesondheid. Hierdie tendens is ook opgeteken in die verslag van Biersteker (2007:7) en dui op die volhoubaarheid van die opleiding van laaggeletterde versorgers.

5.4.1 VOLHOUBAARHEID

Om volhoubaarheid te verseker, word die volgende aanbevelings gemaak:

AANBEVELING 6

AANMOEDIGING

Dit is noodsaaklik dat 'n ondersteuningsraamwerk vir die landelike versorgers geskep moet word na afhandeling van opleiding. Sonder 'n ondersteuningsraamwerk sal die versorgers nie hierdie taak kan uitvoer nie. Die opleiding van die versorgers moet opgevolg word deur inligtingsessies met die ouers. Die navorser glo dat kennis oor die belangrikheid van die versorgers se interaksie met hul kinders groter waardering en respek van die ouers in die hand sal werk.

AANBEVELING 7

OUERBETROKKENHEID

Die nodige agtergrondkennis oor die belangrikheid van die eerste vier jaar moet aan die ouers oorgedra word.

- Deur die betrokkenheid van die ouers, sal 'n ondersteuningsraamwerk vir die versorger geskep word.
- Die ouers moet op dieselfde wyse benader word as wat die versorgers opgelei is: deur deelname, en nie passiewe inligtingsessies nie.
- Die vaders moet ook die belangrikheid van hul rol verstaan en spesiaal aangemoedig word om deel te wees van die proses.
- Die oueraande behoort as gespreksgroepe aangebied word, waar antwoorde op voorafuitgewerkte vrae gevind kan word.

- Al ken die fasiliteerder van die oueraand die antwoorde, moet die ouers die geleentheid kry om, deur eie wysheid, te bou op hulle vorige kennis en so verantwoordelikheid te neem vir die opbou van 'n nuwe verwysingsraamwerk.
- Die nuwe wetenskaplike inligting moet op 'n niehoogdrawende trant en deur sketse oorgedra te word.

AANBEVELING 8

GEMEENSKAPBETROKKENHEID EN OPLEIDING

Die navorser besef dat die betrokkenheid van die gemeenskap naaste aan die versorgers opgebou moet word. Plaaslike persone soos boervrouens, afgetrede persone en gemeentes kan deel van hierdie ondersteuningsraamwerk vorm. Aangesien die selfbeeld, vaardighede en die posisie van die versorgers nog nie sterk gevestig is nie, behoort die opleiding aangepak te word as 'n gemeenskapsprojek, wat oor 'n lang tydperk ondersteun sal word deur die fasiliteerders.

- 'n Opleidingsprogram vir versorgers, wat fokus op die stimulasie van die taalontwikkeling van die geboorte tot 4-jariges deur laaggeletterde versorgers, moet beskikbaar gestel word.
- Die opleidingsprogram moet agtergronddokumente bevat, wat belangrike inligting vir fasiliteerders bied. Dit moet dien as basis vir die opleidingsgids. 'n Lys van verwysings vir verdere leeswerk vir fasiliteerders en uitdeeltukke vir die gebruik van deelnemers moet in hul moedertaal beskikbaar wees.
- Die modules van die stimulasieprogram moet mekaar op 'n logiese manier opvolg en beskikbaar wees aan gewillige opgeleide persone wat as 'n span saamwerk. (die inhoud van die opleidingsprogramme.)
- Opgeleide, ervare Graad R onderwyseresse en gemeenskapsontwikkelaars met 'n liefde vir die landelike laaggeletterde gemeenskap, kan met die nodige vaardighede in volwasseopleiding en groepwerk, die versorgers oplei om taalontwikkeling by die kleuters te stimuleer.
- Die akademiese gemeenskap wat wil oplei moet erkenning gee aan die deelnemende beginsels van die proses, om gemeenskapsbetrokkenheid te verseker.


Omdat die opleiding nie geakrediteer is nie, maar kan lei tot potensiaalontwikkeling, behoort die opleidingsprogram wyd versprei te word. Dit moet nie die eiendom van die ontwikkelaar bly nie. Die kwaliteit van die opleidingsprogram behoort genoegsame vertrouwe te skep om gewilliges aan te moedig om betrokke te raak.

5.5 'N OPLOSSING VIR DIE PROBLEEM VAN LAE SKOLASTIESE PRESTASIE

Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat die Departement van Onderwys en die Departement van Sosiale Ontwikkeling spesifiek moet fokus op die taalontwikkeling van die geboorte tot 4 jarige kleuters deur gesamentlike projekte. Die navorser het ervaar dat dit moontlik is omdat die beginsels van deelnemende aksienavorsing en die gebruik van groepwerk tydens hierdie opleiding ooreenstem

met die vaardighede wat gemeenskapsontwikkelaars tydens hulle studie aanleer. Figuur 5.2 dui aan hoe die opleiding van laaggeletterde versorgers kan bydra tot die oplossing van die probleem.

Figuur 5.2



5.6 AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE PROJEKTE

Die navorser beskou hierdie aksienavorsing as die eerste stadium van 'n projek waarby 'n verskeidenheid van rolspelers betrokke kan raak om die landelike gemeenskap te bemagtig om hulle self te help om geleidelik uit die kringloop van ongeletterdheid te beweeg. Gemeenskapsbetrokkenheid is 'n voorvereiste vir die volhoubaarheid van so 'n projek. Die aard van die projek maak dit noodsaaklik dat opgeleide onderwyskundiges en gemeenskapsontwikkelaars moet saamspan met gemeenskappe om bewusmaking van die belangrikheid van die eerste vier jaar van die kind se lewe te bevorder.

5.6.1 BEWUSMAKING

Deur bewusmaking kan die ouers se houding teenoor hul kleuters se potensiaal om reeds van geboorte af taal aan te leer verstaan, hul eie verantwoordelikheid besef en waardering begin toon vir die verplaasde verantwoordelikheid na die versorger.

- Elke jong moeder op 'n plaas behoort beskou te word as 'n versorger omdat hulle soms beurt maak om mekaar se kinders te versorg in die crèche.
- Opleiding word aanbeveel deur die navorser as 'n ouerskapvaardigheid wat in samewerking met onderwyskundiges, die Departement van Sosiale Ontwikkeling en die Departement van Gesondheid aangebied kan word. Hierdie bewusmaking kan gedoen word by gesondheidsklinieke en daghospitale waar 'n groot aantal mense vir lang tye moet wag.

- Die omgewing van plaasgemeenskappe moet deurdrenk word met geleenthede vir lees en skryf deur Afrikaanse koerante en tydskrifte te versprei.
- Aansteekeborde vir plaaslike nuus en kalenders vir gebeure kan opgesit word waar dit maklik deur almal gebruik kan word.
- Plaasbiblioteke kan begin word met tweedehandse boeke wat periodiek kosteloos beskikbaar gestel word deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdienste. 'n Eenvoudige leenstelsel kan deur plaaswerkers beman word.

5.7 DIE BYDRAE VAN HIERDIE NAVORSING TOT DIE GEÏNTEGREERDE BENADERING VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN DIE DEPARTEMENT VAN SOSIALE ONTWIKKELING.

Die beleid van intersektorale samewerking en 'n geïntegreerde benadering van die Departement van Sosiale ontwikkeling (Department of Social Development, 2007:19), heg waarde aan die bydrae en rolle wat verskillende diensverskaffers speel in die welstand van kinders. Hierdie navorsing het dus getoon hoe onderwyskundiges 'n groter rol kan speel om leemtes te identifiseer deur middel van navorsing en die ondersoek van strategieë wat 'n blywende invloed kan hê op die sistematiese vermindering van ongeletterdheid. Deur te begin met die kinders vanaf geboorte, word deur opvoedkundiges beskou as die lonendste langtermynbelegging wat volhoubaar kan wees, en daarom het die navorser die versorgers uitgesonder as die persone wat die grootste invloed kan hê op die taalontwikkeling van die kleuters in hulle sorg.

5.8 SLOTGEDAGTE

Versorgers moet opgelei word as 'n stewige basis, sodat die crèche die sentrum kan word vanwaar die betrokkenheid van die gemeenskap gebou kan word om verantwoordelikheid te neem vir die geletterheidsontwikkeling van hulle kinders en hulle gemeenskap (Munt, R. 2002:1).

Omdat die taalstimulasie van die kleuter sentraal staan tot sy latere skoolastiese prestasie en die uiteindelijke wegbreek uit die armoedesiklus, beskou die navorser die opleiding van versorgers om taalontwikkeling te stimuleer as 'n faktor wat kan bydra tot die oplossing vir taalagterstande van die landelike leerder.

